# DIE SINTAKTIESE STRUKTUUR VAN DIE

# ENKELVOUDIGE SIN

# IN

# T S W A N A

'n Ondersoek na die vorming en gebruik van 'n aantal woordgroepsoorte in die enkelvoudige sin

deur

CASPER JAN HENDRIK KRüGER.

Voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad MAGISTER ARTIUM in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Mnr. J. Breed, M.A.

POTCHEFSTROOM.

Januarie 1961.

## D A N K B E T U I G I N G S .

Ek wil my opregte dank betuig aan my leier, mnr. J. Breed, hoof van die Departement Bantoetale, vir sy hulp en leiding asook vir die opofferinge wat hy ter wille van my gedoen het gedurende die tydperk wat ons as kollegas saam kon werk.

Aan my vorige leermeesters, prof. dr. D. Ziervogel en prof. dr. J. A. Engelbrecht, betuig ek my dank vir die belangstelling wat hulle in my vir die Bantoetaalstudie gewek het.

Aan my Tswana-informante A. T. Malêpê, spraakhulp in die Departement Bantoetale van die Universiteit van Suid-Afrika, E. S. Moloto, inspekteur van Bantoe-onderwys en S. P. N. Sebakwane, onderhoof van die Sekôndêre Skool in Potchefstroom, my hartlike dank vir hulle hulp.

Ook aan dr. H. Venter wil ek 'n woord van dank rig vir sy stimulerende gedagtes en allerlei tegniese aspekte rakende die verhandeling.

C. J. H. KRÜGER.

# I N H O U D S O P G A W E .


HOOFSTUK I. 1.

Inleiding. 1.

1. Die doel van hierdie studie. 1.

2. Die metode en werkwyse van hierdie studie 1.

3. Die vlakke van taalstudie. 2.

3.1. Die klankleer. 2.

3.1.1. Die fonetiek. 3.

3.1.2. Die prosodie. 3.

3.1.3. Die fonologie. 3.

3.2. Die morfologie. 3.

3.3. Die sinsleer of die sintaksis. 4.

3.4. Die semantiek of betekenisleer. 4.

4. Sinchroniese en diatroniese taalstudie. 4.

5. Praktiese probleme. 4.

5.1. Bibliografie. 4.

5.2. Woordverdeling (skryfwyses) 5.

5.3. Die skrywing van sekere taalelemente 6.

5.4. Implikasies. 7.

HOOFSTUK II. 8.

Die woord as taalgebruikseenheid. 8.

6. Inleiding. 8.

7. Die eienskappe van die woord as taalgebruikseenheid. 8.

7.1. Die aanskoulike eienskappe. 8.

7.2. Die onaanskoulike eienskappe. 9.

8. Woordklasse. 11.

8.1. Kriteria. 12.

8.2. Aantal woordklasse. 13.

8.3. Die kenmerk van woordklasse. 14.

8.4. Die kenmerke van naamwoorde. 15.

8.5. Die kenmerke van kwalifikatiewe voornaamwoorde. 16.

8.6. Die kenmerke van werkwoorde. 19.


8.7./.......

8.7. Kenmerke van bywoorde. 20.

8.8. Kenmerke van partikels. 21.

8.9. Kenmerke van voegwoorde. 22.

8.10. Kenmerke van die idiofoon. 23.

8.11. Kenmerke van interjeksies. 23.

9. Opmerkings. 23.

9.1. Valensies. 24.

9.2. Tradisionele woordsoorte. 24.

HOOFSTUK III. 26.

Die woord as taalgebruikseenheid in groter gehele. 26.

10. Die begrip "meerwoordgeheel". 26.

11. Bestaansreg van die woordgroep. 26.

12. Noodsaaklikheid van 'n woordgroepstudie in sintaksis. 27.

13. Woord, woordgroep, sin. 27.

14. Die afbakening van woordgroepe. 28.

14.1. Die twee lae van die sin en woordgroep. 28.

14.2. Die laag van die sinsintonasie of sinsblank. 29.

14.3. Die laag van die woordmateriaal (wedersydse betekenisbepaling). 32.

14.4. Die prinsipe van wedersydse betekenisbepaling 32.

14.5. Verplaasbaarheid (veranderbaarheid van woordorde). 36.

HOOFSTUK IV. 39.

Die benoeming van woordgroepe. 39.

15. Inleiding. 39.

16. Benoeming na die woordklas van een van die lede. 41.

17. Benoeming na die woordklas van die heersende lid. 42.

18. Toepassing. 43.

19. Beskrywing van die lede van 'n woordgroep. 45.

20. Gevolgtrekking. 46.

21. Benoeming volgens die verhouding tussen lede van 'n woordgroep. 47.

21.1. Endosentriese woordgroepe. 48.

| | | |
|---|---|---|
| 21.1.1. | Neweskikkende woordgroepe. | 48. |
| 21.1.2. | Onderskikkende (subordinerende) woordgroepe. | 48. |
| 21.2. | Eksosentriese (konjunkte) woordgroepe. | 48. |
| | HOOFSTUK V. | 50. |
| | Woordgroepsoorte in die enkelvoudige sin. | 50. |
| 22. | Inleiding. | 50. |
| 23. | Skemas. | 51. |
| | Afdeling een: Woordgroepe gebruik as onderwerp en voorwerp | 51. |
| 24. | Endosentriese woordgroepe. | 51. |
| 24.1. | Neweskikkende woordgroepe. | 51. |
| 24.1.1. | Naamwoordelike woordgroepe. | 51. |
| 24.1.2. | Voornaamwoordelike kwalifikatiewe woordgroepe. | 53. |
| 24.2. | Onderskikkende woordgroepe. | 54. |
| 24.2.1. | Eenkernige onderskikkende woordgroepe. | 54. |
| 24.2.1.1. | Naamwoordelike woordgroepe. | 55. |
| 24.2.1.2. | Voornaamwoordelike kwalifikatiewe woordgroepe. | 55. |
| 24.2.2. | Meerkernige onderskikkende woordgroepe. | 56. |
| 24.2.2.1. | Naamwoordelike meerkernige onderskikkende woordgroepe. | 56. |
| 24.2.2.2. | Voornaamwoordelike meerkernige onderskikkende woordgroepe. | 56. |
| 25. | Eksosentriese woordgroepe. | 57. |
| 25.1. | Eenkernig eksosentries. | 57. |
| 25.1.1. | Die relatiewe partikelgroep. | 57. |
| 25.1.2. | Die possessiewe partikelgroep. | 58. |
| 25.1.3. | Die assosiatiewe partikelgroep. | 58. |
| 25.2. | Meerkernig eksosentries. | 58. |
| 25.2.1. | Eenvoudig meerkernig eksosentries. | 58. |
| 25.2.2. | Kompleks meerkernig eksosentries. | 59. |
| 25.2.2.1. | Die possessiewe partikelgroep. | 59. |
| 25.2.2.2. | Die assosiatiewe partikelgroep. | 60. |
| | Afdeling twee: Woordgroepe gebruik as adverbiale bepalings. | 60. |
| 26. | Endosentriese woordgroepe. | 62. |
| 26.1. | Neweskikkende woordgroepe. | 62. |

| | | |
|---|---|---|
| 26.1.1. | Naamwoordelik-adverbiale woordgroepe. | 62. |
| 26.1.2. | Voornaamwoordelik-adverbiale woordgroepe. | 62. |
| 26.1.3. | Naamwoordelik-lokatiewe adverbiale woordgroepe. | 62. |
| 26.2. | Onderskikkende woordgroepe. | 63. |
| 26.2.1. | Eenkernig onderskikkend. | 63. |
| 26.2.1.1. | Naamwoordelik-adverbiale woordgroepe. | 63. |
| 26.2.1.2. | Voornaamwoordelik-adverbiale woordgroepe. | 63. |
| 26.2.1.3. | Naamwoordelik-lokatiewe adverbiale woordgroepe. | 63. |
| 26.2.2. | Meerkernig onderskikkend. | 64. |
| 26.2.2.1. | Naamwoordelik-adverbiale woordgroepe. | 64. |
| 26.2.2.2. | Voornaamwoordelik-adverbiale woordgroepe. | 64. |
| 26.2.2.3. | Naamwoordelik-lokatiewe adverbiale woordgroepe | 64. |
| 27. | Eksosentriese woordgroepe. | 65. |
| 27.1. | Kerns. | 65. |
| 27.1.1. | Selfstandige kerns. | 65. |
| 27.1.2. | Onselfstandige kerns. | 65. |
| 27.2. | Eenkernige eksosentriese woordgroepe. | 67. |
| 27.2.1. | Instrumentaal-adverbiale woordgroepe. | 67. |
| 27.2.2. | Lokatiewe (adverbiale) woordgroepe. | 67. |
| 27.2.3. | Assosiatiewe adverbiale woordgroepe. | 67. |
| 27.2.4. | Possessiewe adverbiale woordgroepe. | 69. |
| 27.3. | Meerkernige eksosentriese adverbiale woordgroepe. | 69. |
| 27.3.1. | Eenvoudig-meerkernig eksosentriese adverbiale woordgroepe. | 69. |
| 27.3.1.1. | Instrumentaal-adverbiale woordgroepe. | 69. |
| 27.3.1.2. | Lokatiewe woordgroepe. | 70. |
| 27.3.1.3. | Possessiewe adverbiale woordgroepe. | 70. |
| 27.3.1.4. | Assosiatiewe adverbiale woordgroepe. | 70. |
| 27.3.2. | Kompleks-meerkernige eksosentriese adverbiale woordgroepe. | 70. |
| 27.3.2.1. | Instrumentaal-adverbiale woordgroepe. | 70. |
| 27.3.2.2. | Lokatiewe adverbiale woordgroepe. | 70. |
| 27.3.2.3. | Possessiewe adverbiale woordgroepe. | 70. |
| 27.3.2.4. | Assosiatiewe adverbiale woordgroepe. | 70. |
| 28. | Die hiërargie van partikels. | 72. |

29. Partikel of morfeem. 74.

Afdeling drie: Die predikatiewe of prediserende woordgroepe 77.

30. Inleiding. 77.

30.1. Die kerns van predikatiewe woordgroepe. 78.

30.1.1. Die kopulatiewe partikels. 78.

30.1.2. Werkwoorde. 80.

30.1.3. Hulpwerkwoorde en kopulatiewe werkwoorde. 81.

31. Selfstandige en onselfstandige kerns. 81.

32. Endosentriese predikatiewe woordgroepe. 82.

32.1. Neweskikkend. 82.

32.2. Onderskikkend. 82.

33. Eksosentriese predikatiewe woordgroepe. 82.

33.1. Eenkernige eksosentriese predikatiewe woordgroepe. 82.

33.1.1. Kopulatiewe predikatiewe partikelgroepe. 82.

33.1.2. Kopulatiewe predikatiewe werkwoordgroepe. 83.

33.1.3. Suiwer hulpwerkwoordelike predikatiewe werkwoordgroepe. 83.

33.2. Meerkernige eksosentriese predikatiewe woordgroepe. 83.

33.2.1. Hulpwerkwoordelike predikatiewe kopulatiewe werkwoordgroepe. 83.

33,2.2. Hulpwerkwoordelike predikatiewe werkwoordgroepe. 84.

HOOFSTUK VI. 85.

Sintaktiese struktuur en woordorde. 85.

34. Inleiding. 85.

35. Gebruikswyses van woorde en woordgroepe. 85.

36. Woord- en woordgroepvolgorde. 86.

37. Emfase. 87.

38. Sintaktiese aard van predikatiewe kerns. 87.

38.1. NB Die kopulatiewe kerns. 88.

38.1.1. ✓Die identifiserende kopulatiewe partikel. 88.

38.1.2. ✓Die bepalende of definiërende kopulatiewe partikel. 88.

38.1.3. Die onderwerpe van die kopulatiewe predikatiewe partikelgroepe. 88.

38.1.4. Die komplemente van die kopulatiewe predikatiewe partikelgroepe. 89.

38.2./.....

38.2. Werkwoorde. 90.

38.2.1. Onoorganklike werkwoorde. 90.

38.2.2. Oorganklike werkwoorde. 91.

38.3. Hulpwerkwoorde. 91.

38.4. Kopulatiewe werkwoorde. 92.

39. Die lang vorm van die teenwoordige tyd. 92.

39.1. Emfatiese funksie. 93.

39.2. Temporale onderskeiding. 93.

39.3. Sintaktiese gebruik. 93.

40. Saamgestelde sin en saamgestelde predikaat. 96.

Afdeling twee: Woordorde in die nie-predikatiewe woordgroepe. 97.

41. Woordorde in die substantiewe woordgroepe. 98.

41.1. Woordorde in die neweskikkende woordgroepe. 98.

41.2. Woordorde in die onderskikkende woordgroepe. 100.

41.3. Woordorde in die eksosentriese woordgroepe. 101.

41.4. Die rangorde tussen voornaamwoorde, possessiewe en relatiewe woordgroepe in onderskikkende woordgroepe. 101.

42. Woordorde in die adverbiale woordgroepe. 104.

42.1. Woordorde in die neweskikkende woordgroepe. 104.

42.2. Woordorde in die onderskikkende woordgroepe. 105.

42.3. Woordorde in die eksosentriese woordgroepe. 105.

42.4. Rangorde tussen adverbiale (bywoordelike) bepalings. 106.

Afdeling drie: Woordorde in die predikatiewe woordgroepe. 107.

43. Normale woordorde. 107.

44. Posisies van onderwerpe en voorwerpe. 108.

45. Posisies van bepalings t.o.v. die onderwerp, werkwoord en voorwerp. 109.

46. Samevatting en resultate 110.

46.1. Struktuur 111.

46.2. Die afbakening of begrensing van woordgroepe 111.

46.3. Die benoeming van woordgroepe 112.

46.4. Woordorde en woordgroeporde 112.

Bibliografie 114.


oooO...

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING.

1. Die doel van hierdie studie.

Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die sinstrukturering van Tswana, 'n Bantoetaal wat in die westelike dele van Transvaal tot in Betsjoeanaland gepraat word. Hierdie ondersoek word egter beperk tot die predikatiewe sin (eenledige sin) en die verskeie struktuurvorme wat dit mag aanneem. Die ondersoek dek dus net 'n deel van die terrein.

Hierdie studie moet ook beskou word as 'n inleidende bydrae tot hierdie afdeling van die taalstudie wat as besondere studieterrein tot dusver min aandag geniet het, nie net in die Bantoetale nie maar ook in die ander tale.

2. Die metode en werkwyse van die studie.

Die voor die hand liggende metode is die sogenaamde strukturele metode, aangesien die taalkunde as wetenskap daardeur beheers word. Die hedendaagse morfologiese en fonologiese studies word op strukturele wyse aangepak, en derhalwe behoort dit ook op sintaktiese studies toegepas te word, terwille van eenvormigheid.

Die strukturalisme gaan uit van die standpunt dat elke taal 'n bepaalde struktuur op verskeie vlakke het, elk met sy eie wetmatighede en funksies. Elke taalelement, bv. 'n woord of sin of deel van 'n woord of sin, het 'n bepaalde struktuur of strukture en 'n bepaalde funksie of funksies gebonde aan sekere wetmatighede.

Die vaders van die strukturalisme is o.a. De Saussure, Trubetskoy, Vendreyes, Bloomfield, Van Wijk, Reichling, De Groot, Nida, Pike, Martinet, Hockett[1] (kyk bibliografie).

Dit is egter bekend dat die Amerikaanse en Europese strukturaliste in die toepassing van die strukturele metode effens van mekaar verskil. Eersgenoemdes is formeelstruk-

tureel/....

---

[1] Vgl. die bibliografie aan die einde van hierdie studie.

tureel terwyl laasgenoemdes meer funksioneel struktureel is. Sekere Amerikaanse strukturaliste se beskouings grens feitlik aan die wiskunde deur allerlei taalfenomena in formules te sistematiseer en te veralgemeen. As die taalwetenskap juis hierdeur of op hierdie basis sy plek in die ry van wetenskappe moet verower, is dit tot mislukking gedoem. Die aansien van die taalwetenskap sal nie deur 'n wiskundige benadering verhoog word nie. Ullmann sê in sy "Principles of Semantics" (bl. 318) daarvan die volgende: "As a result, linguistics tends to become a purely formalistic discipline, a kind of 'pseudo-mathematics' devoid of any humanistic content". Op bl. 319 gaan hy verder: "Modern linguistics prides itself on its scientific rigour, and this can be applied much more readily to the clear-cut problems of phonology and morphology than to the shifting sands of semantics and syntax. Secondly, modern linguistics is dominated by structural preoccupations, and, for obvious reasons, sound and grammar are more easily amenable to structural descriptions than the loosely organized and virtually unlimited world of meanings".

Dit spreek vanself dat hierdie metode aangepas moet word by die struktuur van Bantoetale. Dat dit wel gedoen kan word en goeie vrugte afwerp, is bewys deur strukturele studies in verskeie Oosterse en Westerse tale.

3. Die vlakke van taalstudie.

In die sistematiese studie van die taal self val dit in verskeie vlakke of dissiplines uiteen, wat egter nie waterdigte kompartemente ten opsigte van mekaar is nie. Elke vlak het sy eie ontwikkelingsgeskiedenis wat nie hier bespreek sal word nie.

Sinchronies word die taalstudie in die volgende vlakke verdeel (geen sub- of onderafdelings word gegee nie):

3.1. Die klankleer.

Dit is 'n komplekse benaming vir die fisies-organies-akoestiese manifestasie van taal. Die menslike spraakorgane is verantwoordelik vir die ouditoriese vergestalting van taal in spraak. Spraakklanke is egter 'n komplekse studieterrein

wat/.......

wat weer in die volgende afdelings bestudeer kan word:

3.1.1. Die fonetiek.

Hierdie afdeling van die klankleer behels die blote of objektiewe beskrywing van spraakklanke soos hulle deur die menslike spraakorgane vir gerigte spraak voortgebring word. Dit het dus te doen met die suiwere artikulatoriese aspek, die suiwere fonering van spraakklanke. In die besonder word die wyse en plek van die artikulasie van spraakklanke asook andere bykomende faktore bestudeer.

3.1.2. Die prosodie.

Teenoor die bogenoemde organiese fonetiek, wat die artikulatoriese aspek bestudeer, het ons hier die akoestiese fonetiek wat die prosodiese eienskappe van spraakklanke bestudeer. Onder prosodiese eienskappe word verstaan die modulasie van die stem en uitspraakgehalte deur lengte, klem en intonasie. Intonasie is 'n besondere prosodiese kenmerk van die Bantoetale. Dit is ongelukkig van alle afdelings nog die swakste ondersoek.

3.1.3. Die fonologie.

Waar die fonetiek hom besig hou met al die eienskappe van spraakklanke, daar hou die fonologie hom besig met die distinktiewe eienskappe daarvan, d.w.s. vir sover dit taalwaarde het. Die spraakklanke van 'n taal word op 'n bepaalde manier in woorde gerangskik. Daarby kan spraakklanke woordkontrasterende funksie verrig. Sulke klanke word foneme genoem, en dit is die studieobjek van die fonologie. Foneme is die kleinste fonologiese taalsegment wat kontrasterende funksie verrig t.o.v. woordbetekenis of wat in opposisie staan teenoor enige ander soortgelyke taalsegmente.

Verder word in die fonologie ook ondersoek ingestel na die verandering van foneme in bepaalde klankomgewings en die oorsake van sodanige veranderings.

3.2. Die morfologie.

Dit het as studieobjek die woordstruktuur en by name die morfeem wat die kleinste betekenis- en/of funksiedraende element/....

ment is wat nie selfstandig gebruik kan word nie en waarvan die invloed nét beperk is tot die woord, stam of wortel. Foneme kan ook morfeme wees, in sommige gevalle, maar nie alle morfeme is foneme nie. Verder kan morfeme onderhewig wees aan sekere fonologiese veranderinge wanneer hulle in sekere klankomgewings voorkom. Morfeme het verskeie plasingsmoontlikhede en verskeie funksies..."

3.3. Die sinsleer of sintaksis.

Dit is die studie van die woord in taalgebruik, d.w.s. soos dit voorkom in volledig verstaanbare taalkundige uitdrukkings, d.w.s. as sin. Dit bestudeer dus die samestelling van die sin, die woordgroep as sin of onderdeel van 'n sin. Hier moet al die eienskappe van die woord as primêre taaleenheid in aanmerking kom.

3.4. Die semantiek of betekenisleer.

Dit behels die studie van die woordbetekenis en verskeie aspekte wat daarmee in verband staan. Die semantiek kan diachronies of sinchronies bestudeer word.

4. Sinchroniese en diachroniese taalstudie.

Bogenoemde dissiplines kan egter ook diachronies, d.w.s. volgens die historiese verloop van die taal, bestudeer word, mits historiese taalgegewens beskikbaar is. Dit was egter in die geval van Bantoetale nie moontlik om historiese gegewens te verkry nie en daarom moes dit hipoteties gerekonstrueer word. In sulke gevalle kan hoogstens die fonologie en in 'n mate die morfologie bestudeer word, soos ook Meinhof in sy Bantu Phonology gedoen het.

5. Praktiese probleme.

5.1. Bibliografie.

In die algemene taalkunde het die sintaksis steeds 'n agterstand teenoor die fonologie en die morfologie. Dit kan egter toegeskryf word aan die chronologiese gang van die taalstudie en aan die redes wat deur Ullmann genoem is

in die/....

hierbo aangehaalde sitaat (bl. 2. nr. 2.).

Die verskeie benaderingswyses van linguiste t.o.v. sintaksis het nog nie uitgekristalliseer tot 'n reeks algemeen aanvaarbare prinsipes wat vir die meeste tale waar kan wees nie. Daar is egter ontsaglik groot vordering gemaak sedert die verskyning van Ries se boeke Was ist Syntax? en Zur Wortgruppenlehre.

In Tswana, waarvan ook ons 'n sintaktiese studie beoog, bestaan geen studies van hierdie aard nie. Uit hoofde hiervan sal die aard en benadering van die studie in 'n sekere mate eensydig wees.

5.2. Woordverdeling (skryfwyses).

Die probleem van woordverdeling kom hierop neer dat 'n keuse gemaak moet word tussen die verskeie skryfmetodes, nl. konjunktivisme (Cole, Ziervogel, Doke), die disjunktivisme (K. Endemann en andere) en die semikonjunktivisme (Van Wyk). Laasgenoemde skryfwyse geniet nog geen erkenning nie, in die sin dat geen werk (taalkundig of literêr) na my wete daarin verskyn het nie.

Gerieflikheidshalwe word die metode van woordverdeling gekoppel aan die naam van die taalkundige(s) wat dit voorstaan.

Die groot verskil tussen die reeds genoemde skryfwyses sentreer om die uiteenlopende opinies van taalkundiges oor die terme woord en morfeem. Sintaktiese en morfologiese studies in elk van die onderhawige metodes sal ingrypend van mekaar verskil.

Hierdie probleem is grondig ondersoek deur E.B. van Wyk in sy proefskrif Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe, veral hoofstukke II--VIII. Ons wil hierdie metode van skrywing aanvaar, aangesien dit na ons mening die deeglikste van almal verantwoord is. Daarmee word nie geïmpliseer dat die probleem opgelos is nie. Dit sal die praktyk en die menings van ander taalkundiges ons met verloop van tyd leer.

In die volgende paragraaf word 'n skematiese vergelyking

gegee/.....

van die skryfwyse van sekere taalelemente, soos voorgestaan deur Cole, Van Wyk en die tradisionele (w = woord, m = morfeem).

5.3. Die skrywing van sekere taalelemente.

Die gegewens is geneem uit Cole se Introduction to Tswana en van Wyk se Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe.

| | Elemente | Cole | Van Wyk | tradisionele. |
|---|---|---|---|---|
| A. | Skakels. | | | |
| | a. onderwerpskakel | m | m | w |
| | b. voorwerpskakel | m | m | w |
| | c. besitskakel | m | w | w |
| | d. relatiefskakel | m | w | w |
| B. | Kopulas. | | | |
| | a. identifiserende | m | w | w |
| | b. definiërende | m | w | w |
| C. | "Adverbiale formatiewe"("voorsetsels", "partikels") | | | |
| | a. ka(instrumentaal) | m | w | w |
| | b. le (assosiatief) | m | w | w |
| | c. go (lokatief) | m | w | w |
| | d. ga (adverbiaal) | m | m | m/w |
| | e. ga (possessief) | m | w | w |
| D. | Hulpwerkwoorde (Aspekte) | | | |
| | a. sa (progressief) | m | m | w |
| | b. ka (potensialis) | m | m | w |
| | c. tlô (temporaal) | M. | m | w |
| E. | Demonstratiewe van die lokatiefklasse. | | | |
| | a. kwa | m | w | w |
| | b. mô | m | w | w |
| | c. fa | m | w | w |
| F. | Ontkenningsmorfeme. | m | m | w |
| G. | Saamgetrokke infinitiewe. | | | |
| | a. nô | m | m | w |
| | b. fô | m | m | w |
| | c. diô | m | m | w |

5.4. Implikasies.

A. Morfologies.

Dis duidelik dat die opvattings van die onderhawige skrywers oor die outonomie van die woord en die morfeem en sy funksie heeltemal verskil. (Die verskille is aangedui deur die onderstreping van die m en w.) Volgens Cole se siening besit die woord as 't ware geen selfstandigheid nie. 'n Andersins outonome word soos modisana word 'n stam in lemodisana, wamodisana, gomodisana, yômodisana ens. Vergelyk ook die "elemente" kwa en motseng in die volgende woordgroep: /ke-tla-ya kwa/ke-tla-ya motseng/ketla-ya kwamotseng/.

Daarteenoor gee die metode van Van Wyk veel groter stabiliteit aan woord en morfeem. Aangesien ons die skryfwyse van Van Wyk in hierdie studie toepas, ag ons dit onnodig om sy bewyse en toetse hier te bespreek.

B. Sintakties.

Uit hoofde van wat in A. hierbo genoem is, sal 'n woordgroepleer volgens dié skryfwyse fundamenteel van mekaar verskil. Die possessiewe konstruksie is volgens die konjunktivisme 'n outonome woord terwyl, die semikonjunktivisme dit as 'n woordgroep beskou. Ook sal 'n woordgroep soos /wa motse wô mogolo/ volgens die semikonjunktivisme geanaliseer word as /wa(motse/wô mogolo)/ en volgens die konjunktivisme as /(wamotse)wômogolo) /.

'n Verdere probleem in 'n sintaktiese studie is dat die woordsoorte geïdentifiseer moet word, omdat dit van groot belang is by die benoeming en die afbakening van woordgroepe. Die woorde tussen hakies in die volgende voorbeelde behoort tot een of ander woordsoort, maar watter een deur die konjunktiviste geïmpliseer word, is nie duidelik nie: /Nna ketlaya (kwalona) lotshabang goya teng/ /Areyê goêma (fabanna) baêmeng têng/ (Introduction to Tswana, par. 20.55,) /monna (yôbatho) bamonyatsang/ (a.w., par. 10.12), /(kasê) segolo/.

## HOOFSTUK II.

## DIE WOORD AS TAALGEBRUIKSEENHEID.

6. Inleiding.

Dit is reeds 'n taalkundig vasstaande feit dat die woord 'n outonome eenheid is. Sonder die aanname van hierdie feit is 'n sintaktiese studie nie moontlik nie.

Ons het reeds gesien dat die taalwetenskap op verskeie vlakke bestudeer word. Dit het juis só ontwikkel uit die aard van die woordwese. Dit is dus van belang om kortliks op al hierdie eienskappe te wys voordat met 'n sintaktiese studie begin word. Verder sal dit nodig wees om, weens die metode van woordverdeling wat hier gevolg word, 'n herindeling van die woordklasse te maak.

7. Die eienskappe van die woord as taalgebruikseenheid.

Baie skrywers het reeds daarop gewys dat die woord die primêre taaleenheid is, wat terselfdertyd noodsaaklik aan bepaalde eienskappe herkenbaar moet wees. G. J. Labuscagne onderskei in sy Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek (bl. 54) die wese van die woord in twee dele, nl. die aanskoulike deel en die onaanskoulike deel (vgl. ook Reichling: Het Woord, bl. 227). Hierdie tweeledige onderskeiding kan verder op die volgende wyse onderverdeel word.

NB.

7.1. Die aanskoulike eienskappe.

A. Die Fonologiese eienskappe.

Die woord word gerealiseer in klanke of foneme wat met die gehoor waargeneem en in die skrif gesien kan word. 'n Woord soos kgômo(bees) of bôna(sien) word fonologies gekenmerk deur die orde, aantal en akoestiese eienskappe van die foneme daarin. Word een van hierdie foneme verander of weggeneem, bv. kgôma en bina, is daar 'n ander woord geskep wat 'n ander of geen betekenis het nie. Aan die woord se vorm moet daar dus nie gepeuter wòrd nie, omdat dit juis dié besondere vorm moet hê om dié bepaalde woord te wees.

Om/.......

Om taalgebruikseenheid te wees moet die woord dus op 'n bepaalde wyse fonologies gestruktureer wees, wat sintuiglik waarneembaar is (vgl. Fonologie van het Nederlands en het Fries, bl. 98).

B. Morfologiese eienskappe.

Die term morfeem word gebruik om onselfstandige momente aan te toon waaruit woorde gestruktureer word. In die woord ba-di-tlositsê (hulle het dit weggeneem) is die morfeemsoorte op 'n bepaalde manier gerangskik en is nie omstelbaar nie. Nie alle woorde is morfematies meerledig nie, en daarom is morfologiese gestruktureerdheid 'n toevallige eienskap. "Dit is dus duidelik dat die morfeme van 'n morfematies-meerledige woord op 'n bepaalde manier in dié woord gestruktureer is, aangesien die morfeme van enige morfematies-meerledige woord vir dié woord onvervangbaar, onweglaatbaar en onomstelbaar is. (Van Wyk: Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe, bl. 246).

'n Woord is derhalwe nie 'n woord omrede van sy morfologiese struktuur nie, maar kan 'n morfologiese struktuur hê omdat hy 'n woord is.

Op die prinsipes van morfeemherkenning, morfeemdistribusie, morfeemfunksie en morfeemtipes kan ons om begryplike redes nie ingaan nie. Dit sal egter nodig wees om dié morfeme te behandel wat die sintaktiese valensie of gebruiksmoontlikhede van woorde kan modifieer, bepaal of verander. So byvoorbeeld gee die onderwerpsmorfeem 'n predikatiewe valensie aan werkwoorde; die suffigale morfeem -is- maak onoorganklike stamme oorganklik, met ander woorde dit gee aan die werkwoord 'n voorwerpsvalensie.

7.2. Die onaanskoulike eienskappe.

A. Die woord is 'n semantiese eenheid.

In die woord, wat 'n aanskoulike fonologiese en morfologiese struktuur het, lê 'n betekenis opgesluit. Dit is duidelik dat die woordvorm nog geensins die woord self is nie, soos so baie keer aangeneem word. Wat egter moontlik is, is dat die woord aan sy woordvorm hoogstens as behorende tot 'n

bepaalde/........

bepaalde woordklas of semantiese ervaringskategorie herken kan word, en dit slegs in bepaalde gevalle. Die woord word eers meedeelbaar of bruikbaar as taalgebruikseenheid slegs wanneer die betekenis bekend is. Vergelyk in dié verband G. J. Labuscagne Inleiding tot die strukturele metode van Taalondersoek, bl. 57: "Betekenis is die meededeelbare kennis wat ons in 'n fonematies gesistematiseerde woordvorm het". Op bl. 62 sê hy verder dat dit onjuis is om te sê dat ons van die woordvorm (dikwels foutief genoem woord, want woord is betekenis plus vorm) kan argumenteer tot by die aard van die saak, of anders gesê: dat as ons die woordvorm ken (dus al gesien of gehoor het) ons ook die saak ken waarna die woord uitwys.

Reichling het ook in Het Woord genoegsaam daarop gewys dat die woord 'n eenheid is met verskeie betekenisonderskeidinge, wat hy noem beweeglike simbolisasie, d.w.s. polisemie en metaforiek, ens, (E.N.S.I.E. bl. 41, 43.). Hy sê verder dat as woorde nie hierdie eienskap besit het nie maar "een conjuncte betekenis-realisatie hebben, d.w.z. maar voor één zaak in één bepaalde situatie kunnen worden gebruikt, dan zou de mens een zo groot aantal woorden moeten leren, dat geen sterfling die kan uithouden" (E.N.S.I.E., bl. 43).

Die woordbetekenis is juis in 'n sintaktiese studie van groot belang, aangesien meerwoordgehele (d.w.s. woordgroepe en sinne) alleen verstaanbaar is deur die som van die betekenisse van die individuele woorde en alleen deur hulle betekenisse in staat is om met mekaar verband te toon.

B. Die woord is 'n sintaktiese eenheid.

Om in hierdie opsig 'n taalgebruikseenheid te wees moet die woord ook die kenmerk en moontlikheid besit om saam met ander woorde gebruik te word. Indien 'n woord nie of nie meer sodanige eienskap besit nie, is dit respektiewelik geen woord nie of het dit sy outonome karakter verloor en 'n woorddeel of morfeem geword. (Die historiese verloop van taal wys gedurig op sodanige verskynsels.)

Die/........

Die verklaring van elke woordgebruik, d.w.s. die woord in funksie, is vasgelê deur die woord voordat dit in 'n sin gebruik word, d.w.s. deur sy wese, wat identiek is aan die woordbetekenis. Daarom kan elke sintaktiese funksie nie vanuit die sintaktiese funksie verklaar word nie (of vanuit die sintaksis nie), maar dit is verklaarbaar vanuit die inherente moontlikhede, die gebruikskarakter wat daar in die woorde opgesluit lê voordat dit in enige bepaalde funksie optree.

Die verband wat woorde in 'n sin of woordgroep het, word sintagmatiese verband genoem. (Reichling: Het Woord, bl. 366 e.v. en Uhlenbeck: Tradisionele sinsontleding en syntaxis, in Levende Talen, nr. 193, Februarie 1958, bl. 28-30). Woorde vertoon verband of soms geen verband nie; m.a.w. hulle vertoon geen wedersydse betekenisbepaling nie. In die sin "Daardie groot man drink lekker bier" vertoon groot byvoorbeeld geen verband met lekker of met bier nie. Ons maak dus die volgende onderskeiding: verband/ontbreking van verband. Verder kan woorde indirekte verband met mekaar vertoon; hulle vertoon verband via 'n ander woord. Daardie en groot vertoon via man indirekte verband met mekaar. Van Wyk beskou die sintagmatiese karakter van woorde as deel van hulle semantiese karakter. Ons kry dus ook hierdie onderskeiding: verband/indirekte verband.

Hierdie belangrike verskynsel is ook van toepassing op woordgroepe en sinsdele en nie net op woorde nie. Dit sal egter uitvoeriger in die hoofstuk III bespreek word.

8. Woordklasse.

Die ondersoek na die aard en indeling van woordklasse het 'n interessante maar ingewikkelde historiese verloop. Die aard daarvan het nie soseer betrekking op die aanname of verwerping van die bestaan van woordklasse nie maar wel die kriteria of prinsipes wat toegepas moet word in die bepaling van die soorte en aantal woordklasse in elke taal. Die feit dat daar so iets soos woordklasse bestaan, kan nie weggeredeneer

word/....

word nie.

8.1. Kriteria.

Oor die historiese verloop en verskeidenheid van opvattinge van woordklasse kan die boek van Ernst Otto: Stand und Aufgabe der allgemeinen Sprachwissenschaft, (1954), veral hoofstukke II en III, gelees word.

Gewoonlik egter word die indeling gemaak volgens die gemeenskaplike semantiese, morfologiese en soms fonologiese eienskappe van woorde. Dit is die kriteria wat Van Wyk in sy proefskrif ook aanbeveel (bl. 353 e.v.). Hy maak, in navolging van die Praagse skool, verder die onderskeiding tussen taal en taalgebruik, en pas bogenoemde kriteria buite taalgebruik toe. Dit impliseer (en ons stem daarmee saam) dat woorde in woordsoorte gegroepeer is voordat dit sintakties gebruik word.

Die doel van hierdie studie is egter nie om 'n moontlike oplossing aan die hand te doen nie, maar die gedagte kan wel in die midde gelê word dat woordsoorte semantiese ervaringskategorieë is, sintuiglik geestelik waarneembaar en in 'n bepaalde morfologiese en fonologiese vorm gegiet. Die woorde, boom, tafel, grond, pen, taalgebruik, word op grond van hulle gemeenskaplike semantiese kenmerke as naamwoorde bymekaar gegroepeer omdat hulle sake as sodanig aandui (sake = ervaringskategorieë). Hulle is ook juis onderskeibaar deur hulle onderskeie saaklike betekenis of semantiese karakter. "Gemeenskaplike semantiese kenmerke" moet dus nie dieselfde wees as die "saaklike betekenis" van woorde nie. Wat word dan presies bedoel met, en wat is die aard van eersgenoemde begrip?

Soms word woorde in woordklasse gegroepeer volgens die sintaktiese funksie (valensie) van woorde. Dié woorde wat dieselfde sintaktiese funksie verrig, konstitueer 'n woordklas. Volgens dié kriterium word geïmpliseer dat woorde eers in taalgebruik in klasse ingedeel kan word. Daarbenewens sal dit geterminologeer word met 'n stel sintaktiese terme. Hierdie kriterium word ten sterkste betwyfel deur

o.a./.....

o.a. Labuscagne (Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek, bl. 72), waar hy van mening is dat die woordsoort ook na sy sintaktiese funksie (valensie) gedefinieer kan word, maar óf die soorte sintaktiese funksies vir ons die nuwe woordsoortteorie gee waarna ons soek, is twyfelagtig, want die sintaktiese valensies kan eers gevind word nadat ons al langs 'n ander weg as die sintaktiese funksies weet met watter woordsoort ons te doen het. Ook weet ons dat 'n woordsoort verskeie sintaktiese funksies kan hê. Watter van hierdie funksies sal gebruik word om die woordsoort te tipeer?

'n Indeling van woorde in woordklasse word soms ook gemaak volgens hulle bepaalde kenmerkende morfologiese strukture. Volgens ons opinie is dit eerder net 'n toevallige kenmerk van woordklasse, (dit alleenlik in bepaalde gevalle) en nie 'n primêre kriterium nie. Omdat woorde soos motho, monna, setlhare, ntlo, dilô ens., ens. dieselfde basiese morfologiese struktuur het en dus tot dieselfde woordklas kan hoort, kan ons nog nie sê hulle is naamwoorde nie, want ons kan nie die term naamwoord uit hulle morfologiese struktuur kry nie. Ons kan wel sê dat naamwoorde dieselfde morfologiese struktuur het maar nie: omdat hulle dieselfde morfologiese struktuur het, is hulle naamwoorde. Morfologiese struktuur is slegs 'n toevallige woordeienskap.

Ten besluite wil ons vir hierdie studie die woordsoort definieer as 'n semantiese ervaringskategorie van die mens se kosmiese omwêreld en wat nie noodwendig deur bepaalde morfologiese struktuur gekenmerk word nie.

8.2. Aantal woordklasse.

Die volgende woordklasse word herken in Tswana. Die tradisionele terme word behou, maar daarby word die terminologie soos deur F. J. Labuschagne voorgestel aangegee (Tydskrif vir wetenskap en kuns, Oktober 1957).

1. Naamwoorde (Saakwoorde)
2. Kwalifikatiewe voornaamwoorde (Persoonswoorde).

3. Werkwoorde (Funksiewoorde)
4. Bywoorde (Omstandigheidswoorde)
5. Partikels (Verhoudingswoorde)
6. Voegwoorde (Modaliteitswoorde)
7. Interjeksies (Ontladingswoorde)
8. Ideofone (Nabootsingswoorde).

8.3. Die kenmerke van woordklasse.

Aangesien hierdie aspek op sy beurt 'n volskaalse studie vereis, word dit kortliks en oorsigtelik behandel.

8.3.1. In die eerste plek vertoon sekere woordsoorte bepaalde kenmerkende morfologiese strukture. Soos vroeër opgemerk is, is dit slegs 'n toevallige woordeienskap, deels weens die feit dat sommige woordklasse geen kenmerkende morfologiese struktuur het nie. Verder kan 'n onderskeid gemaak word tussen noodsaaklike morfologiese strukture en ander moontlike of bykomende morfologiese strukture. Alleen aan die struktuur wat die woordsoort noodsaaklik kenmerk, sal aandag gegee word.

8.3.2. Ten tweede vertoon elke woordsoort 'n bepaalde sintaktiese valensie. Met valensie van 'n woordsoort word bedoel die verbands- of kombinasiemoontlikheid wat een woordsoort met 'n ander woordsoort toelaat, d.w.s. die gebruiksfrekwensie van een woordsoort met 'n ander of andere (vgl. De Groot se Structurele syntaxis, bl. 114-5, 241).

Die valensies wat 'n woordsoort het, berus op en veronderstel die prinsipe van sintagmatiese verband (kyk hoofstuk III), d.w.s. die moontlikhede van die woord om met ander woorde te kan kombineer.

Ons vind volgens ondersoek twee soorte valensies.

8.3.3.A. Primêre valensie.

Dit word gewoonlik ook genoem die eie sintaktiese funksie van woordsoorte, met ander woorde die valensie wat 'n woordsoort op sigself het. Naamwoorde het byvoorbeeld 'n onderwerps- en 'n voorwerpsvalensie, werkwoorde het 'n predikatiewe valensie, bywoorde het 'n bywoordelike valensie, ens.

8.3.3.B./.....

8.3.3.B. Toelaatbare valensie.

Dit is die valensiefrekwensie van een woordsoort met 'n ander. Naamwoorde wat 'n onderwerpsvalensie het, het weer 'n valensie met die voornaamwoorde en werkwoorde. Werkwoorde wat 'n predikatiewe valensie het, het weer 'n valensie met bywoorde en naamwoorde. Die lokatiewe partikel het 'n primêre lokatiewe adverbiale valensie en 'n toelaatbare valensie met sekere naamwoorde en naamwoordelike woordgroepe. Toelaatbare valensie is soms opsioneel (bv. nwe met vnwe) en soms noodsaaklik (bv. possessiewe partikel met vnwe en nwe.)

Hierdie twee soorte valensies veronderstel mekaar altyd. Daar is verder sekere belangrike aspekte wat voortspruit uit die aard en verhouding van die valensies wat woordsoorte t.o.v. mekaar het, maar dit word in hoofstuk III behandel.

Dit is verder van belang om op te merk dat ook woordgroepe valensies met ander woordgroepe en woorde vertoon, byvoorbeeld die groep kwa motseng het as geheel valensie met werkwoorde, byvoorbeeld Ba-ilê kwa motseng.

8.4. Die kenmerke van naamwoorde.

Dit is die benaming vir woorde wat sake as sodanig aandui.

A. Morfologies.

Prefigale morfeem + stam, byvoorbeeld mo- + -tho (motho), se- + -lô (selô), le- + -tlalô (letlalô), ens.

B. Sintakties.

a. Primêre valensie

(i) as onderwerp van werkwoorde, byvoorbeeld dijô di-fedilê (die kos het opgeraak);

(ii) as voorwerp van werkwoorde, byvoorbeeld o-nolê bojalwa/ (hy het bier gedrink);

(iii) as bywoord, byvoorbeeld motseng (in die dorp), godimo (bo) ens.;

(iv) as besitter of besitting, byvoorbeeld monna wa motse (die man van die stat).

b. Toelaatbare valensie

(i) met kwalifikatiewe voornaamwoorde, byvoorbeeld monna/...

ênê (die mán), monna yô (hierdie man), banna bôtlhê (al die mans);

(ii) met partikels, byvoorbeeld wa monna (van die man; die man s'n), go monna (by, na, van, die man), ka selêpê (met behulp van 'n byl; met 'n byl);

(iii) met werkwoorde, byvoorbeeld monna o-nolê (die man het gedrink);

(iv) met die relatiewe partikel, byvoorbeeld yô botlhale (N.S.) (die slimme; die een wat slim is), yô mogolo (die grote; die een wat groot is).

8.5. Die kenmerke van kwalifikatiewe voornaamwoorde.

8.5.1. Die absolute kwalifikatiewe voornaamwoord.

A. Morfologies.

'n Prefigale morfeem soos die onderwerpsmorfeem + 'n wortelmorfeem -ô- + 'n uitgangs- of suffigale morfeem -nâ/ -nê, byvoorbeeld se- + -ô- + -nê = sônê, ba- + -ô- + -nê = bônê, ens.

B. Sintakties.

a. Primêre valensie

(i) as onderwerp en voorwerp, bv. nna ke-itse wêna (wat my betref (ek in die besonder) ek ken jóu);

Lok (ii) as bywoord in die enkele geval van gônê (daar), bv. ba-tla-ya gônê (hulle sal soontoe (daarheen) gaan);

(iii) as beklemtoning, benadrukking of selfstandige benoeming van 'n saak, bv. dipudi tsônê di-tla-tlhajwa (wat die bokke betref (besonderlik die bókke); hulle sal geslag word).

b. Toelaatbare valensie

(i) met naamwoorde, bv. monna ênê (die mán), ntlo yônê (wat die huis betref , die húis);

(ii) met ander voornaamwoorde, bv. bônê bôtlhê (húlle álmal), gônê kwa (dáarso, doer);

(iii)/.....

(iii) met werkwoorde as onder- en voorwerpe, bv. nna ke-itse wêna (Ek kén jou);

(iv) met partikels (behalwe die relatiewe en in 'n mate die possessiewe), bv. ka sônê (daarmee, met behulp daarvan), go yônê (daarin), le nna (en, ook ek, met my).

8.5.2. Die aanwysende kwalifikatiewe voornaamwoord.

A. Morfologies.

Dit word gestruktuur uit 'n wortelmorfeem wat dieselfde is as die onderwerpsmorfeem, + 'n uitgangsmorfeem wat dieselfde is as die ooreenstemmende lae vokaal wat in die onderwerpsmorfeem vervat is, bv. di-+-ê= tsê, ó-+-ô = yô(ô), ó- + -ô = wô(ô), a- + -a = á.

B. Sintakties.

a. Primêre sintaktiese valensie.

(i) Dit het 'n selfstandig aantonende, 'n selfstandig verwysende en 'n selfstandig individualiserende funksie ten opsigte van die saak waarop dit betrekking het.

(ii) Dit dien as onderwerp en voorwerp van 'n werkwoord, byvoorbeeld bao ba-ilê kwa motseng (daardie het dorp toe gegaan), re-tla-tlhaba tsêlê (ons sal daardies slag).

(iii) Dit word gebruik as bywoord in die geval van die lokatiewe voornaamwoorde, byvoorbeeld kwa (daar), mô, fa (hier).

(iv) Dit fungeer as besitter of besitting, byvoorbeeld tsêo tsa me (daardie van my), ya bao (daardies s'n).

b. Toelaatbare valensie.

(i) met naamwoorde, byvoorbeeld batho bao (daardie mense);

(ii) met andervoornaamwoorde, byvoorbeeld ênê yô (hierdie besondere een), bôtlhê ba (hierdie almal);

(iii) met partikels, (behalwe die relatiewe partikel), byvoorbeeld ya bao (van daardies), ka tsê (met hierdies), le wôo (en, ook, met daardie een);

(iv)/......

(iv) met werkwoorde, byvoorbeeld bao ba-a-dira (daardies werk), ba-ile kwa (hulle het daarheen gegaan);

(v) met bywoorde (die lokatiewe voornaamwoorde alleen), byvoorbeeld kwa motseng (daar by die stat), mô tlung (hier in die huis).

Vol.

8.5.3. Die kwantitatiewe kwalifikatiewe voornaamwoord.

A. Morfologies.

Dit word gestruktureer uit 'n prefigale morfeem wat dieselfde fonematiese struktuur het as die onderwerpsmorfeem, + 'n wortelmorfeem -ô- + 'n suffigale morfeem -tlhê, byvoorbeeld di- + -ô- + tlhê = tsôtlhê.

B. Sintakties.

a. Primêre valensie.

(i) Dit het 'n selfstandige kwantitatiewe of geheelaanduidende funksie ten opsigte van die saak waarop dit betrekking het, byvoorbeeld dikgômo tsôtlhê (al die beeste), die volle aantal of hoeveelheid beeste.

(ii) Dit het valensie as onderwerp en voorwerp van die werkwoord, byvoorbeeld bôtlhê ba-ilê/almal het weggegaan, re-tla-rêkisa tsôtlhê (ons sal almal verkoop).

(iii) Dit het valensie as bywoord in die enkele geval van gôtlhê van die lokatiefklasse, byvoorbeeld di-fula-gôtlhê (hulle wei oral rond).

Vol.

(iv) Dit het valensie as besitter of as besitting, byvoorbeeld wa tsôtlhê, tsôtlhê tsa me (almal van my, al myne), ya tsôtlhê (almal s'n).

b. Toelaatbare valensie

(i) met naamwoorde, byvoorbeeld lebaka lôtlhê (die hele tyd);

(ii) met ander voornaamwoorde, byvoorbeeld bôtlhê bao, bônê bôtlhê;

(iii) met werkwoorde, byvoorbeeld di-fula gôtlhê (hulle wei orals), bôtlhê ba-ilê/almal is weg);

(iv)/.....

(iv) met partikels uitgesonderd die relatiewe partikel, byvoorbeeld le bôtlhê (en, ook, met almal), go bôtlhê (by, na, van, almal), ka tsôtlhê (met, deur, deur middel van almal).

8.5.4. Die possessiewe kwalifikatiewe voornaamwoord.

A. Morfologies.

Uitgesonderd die 1e., 2e en 3e P.E. het dit dieselfde morfologiese struktuur as die absolute kwalifikatiewe voornaamwoord.

B. Sintakties.

a. Primêre valensie.

Dit dui die saak of sake as besitter aan, byvoorbeeld dikgômo tsa gagwê ( sy (bv. die man se) beeste).

b. Toelaatbare valensie.

Dit kom voor met die possessiewe partikel, byvoorbeeld tsâ me (myne).

8.6. Die kenmerke van werkwoorde.

A. Morfologies.

Dit word gestruktureer uit 'n onderwerpsmorfeem + (teenwoordige tyd -a-) + die werkwoordstam, byvoorbeeld batho ba-dira modirô. Die werkwoord bevat 'n geweldige groot verskeidenheid van struktuurvorme. Die struktuur wat die werkwoord egter noodsaaklik kenmerk om 'n predikaat te wees, is die onderwerpsmorfeem en die werkwoordstam.

NB

B. Sintakties.

a. Primêre valensie.

(i) as predikaat, bv. monna o-a-di-disa (die man pas hulle op);

(ii) as hulpwerkwoord wat 'n ander selfstandige werkwoord moet neem as komplement om 'n volledige saamgestelde predikaat te vorm, bv. o-ntse a-lema masemo (hy het al die land geploeg);

(iii) as kopulatiewe werkwoord, bv. batho ba-tla-nna teng (die mense sal daar wees), fa ba-le mô tlung (as hulle in die huis is);

(iv)/....

(iv) as voegwoord (enkele gedevalueerde werkwoordstamme), bv. e-bilê, e-ka, gomme, gore, ekete, e-re, ens.;

(v) as werkwoordelike kwalifikatief in bepaalde woordgroepe, bv. batho ba ba-siameng (goeie mense), maar bly nog 'n werkwoord.

b. Toelaatbare valensie.

(i) met naamwoorde as onderwerp en voorwerp, bv. basemane ba-disa dikgômo (die seuns pas die beeste op);

(ii) met voornaamwoorde as onderwerp en voorwerp, bv. ênê o-tla- thibêla tsêo (hy sal daardies keer);

Vok (iii) met bywoorde en bywoordelike woordgroepe, bv. ba-ilê teng maabane (hulle is gisteraand soontoe);

(iv) met partikelwoordgroepe as onderwerpe, voorwerpe en bywoordelike bepalings, bv. di-remilwê ka selêpê, mosadi o-ilê le ngwana, tsa gagwê di-timêtse.

8.7. Die kenmerke van bywoorde.

A. Morfologies.

Hulle is 'n heterogene groep woorde afkomstig uit verskeie woordklasse en het dusdanig geen kenmerkende morfologiese struktuur nie:

(i) 'n paar word gevorm met die bywoordelike morfeem ga- en sekere naamwoordstamme (vlg. Cole, a.w., bl. 363), bv. gampe, gagolo, gantsi, gape, gabedi, gasome, gakalo, ens.;

(ii) lokatiefaanduidende naamwoorde (wat soos die infinitief dubbelslagtige kenmerke vertoon) wat gevorm word met die suffigale morfeem -ng, bv. motseng, nagêng, ens.;

Vok

(iii) ander van verskeie herkoms (meestal naamwoorde), bv. malôba, gompiêno, bosigo, motshegare, morago, pele, gônê, gôtlhê, mô, kwa, fa, fêla, ens.

B. Sintakties.

a. Primêre valensie

(i) as bywoordelike bepalings van tyd, plek, hoedanigheid, ens.;

(ii)/.....

(ii) as nie-werkwoordelike komplemente by die kopula.

b. Toelaatbare valensie.

(i) met predikatiewe as bepalings daarvan, bv. ba-tsamailê bosigo (hulle het in die nag geloop);

(ii) met possesiewe en relatiewe konstruksies, bv. yô montle gagolo ('n baie mooi een), morago ga me (agter my), lokeiseneng la masepala (in die munisipale lokasies), motshegare ô mogolo (om twaalfuur).

8.8. Die kenmerke van partikels.

A. Morfologies.

(i) morfematies eenledig, bv. ka, le, go, ke, definiërende kopulatief;

(ii) morfematies meerledig, bv. die possessiewe partikel wat gevorm word deur die onderwerpsmorfeem + 'n possessiewe -a en die relatiewe partikel wat op dieselfde wyse gevorm word as die aanwysende kwalifikatiewe voornaamwoord, bv. di- + -ê = tsê, ens.

B. Sintakties.

a. Primêre valensie

(i) as onselfstandige bywoordelike partikels, bv. ka (instrumentaal bywoordelik), go (lokatief bywoordelik). le (assosiatief bywoordelik), ga (possessief bywoordelik);

(ii) as onselfstandige relatiewe en possessiewe kwalifikatiewe partikels, bv. wa en yô as verteenwoordigers van die twee paradigmatiese reekse;

(iii) as (onselfstandige) kopulatiewe partikels, bv. die identifiserende en die definiërende soorte, wat nie-werkwoordelike komplemente moet neem om predikatiewe woordgroepe te vorm.

b. Toelaatbare valensie.

(i) ka - met naamwoorde, voornaamwoorde, sommige bywoorde, bv. ka selêpê, ka sôna, ka morago, ka bosigo;

(ii)/....

(ii) go - met naamwoorde wat persone aandui, met voornaamwoorde, bv. go motho, go ênê;

(iii) le - met naamwoorde, voornaamwoorde en sommige bywoorde, bv. le ngwana, le bônê, le mô, le gônê.

(iv) Die possessiewe partikel het valensie met naamwoorde en voornaamwoorde (uitgesonderd die absolute kwalifikatiewe voornaamwoord), bv. wa monna, ya morago, sa yêo. (Vgl. gevalle soos: ya êne ôo (daardie besondere een s'n) ).

(v) Die relatiewe partikel het valensie met naamwoordstamme, sommige naamwoorde en werkwoorde (die naamwoordstam moet egter voorsien word van die prefiks van die gekwalifiseerde naamwoord; naamwoorde moet die onderwerpmorfeem vooraan kry; werkwoorde moet voorsien word van die onderwerpsmorfeem en die relatiewe suffigale morfeem -ng), bv. yô o botlhale, yô o-dirang.

(vi) Die identifiserende kopulatiewe partikel het valensie met naamwoorde, voornaamwoorde en ander woordgroepe wat soos hulle fungeer, bv. ke nna, ke bao, ke batho, ke ya me, ens.

(vii) Die definiërende kopulatiewe partikel het valensie met plekaanduidende bywoorde en bywoordelike woordgroepe en woorde en woordgroepe met beskrywende funksie, bv. di morago, ba masemong, di gône kwa, ens.

(viii) Verder vertoon al die bogenoemde partikels nog 'n onderlinge valensie met mekaar volgens 'n bepaalde hiërargie. Dit word aangetoon in hoofstuk V.

## 8.9. Die kenmerke van voegwoorde.

### A. Morfologies.

Voegwoorde vertoon geen kenmerkende morfologiese struktuur nie en bestaan uit gedevalueerde woorde afkomstig uit verskeie woordklasse, veral werkwoorde. Fa/ha is miskien die enigste primêre voegwoord, waarvan ook die herkoms nie bekend is nie.

B./.....

B. Sintakties.

a. Primêre valensie.

Voegwoorde verbind sinne (wat elk 'n predikaat moet bevat) op verskeie maniere, bv. met neweskikkende en onderskikkende verband.

b. Toelaatbare valensie.

Voegwoorde het valensie met predikatiewe of predikatiewe woordgroepe, bv. Dikgômo tsêo di-tla-isiwa toropong gore di-tlhajwê (die beeste sal dorp toe geneem word sodat hulle geslag word).

8.10. Die kenmerke van die ideofoon.

A. Morfologies.

Dit vertoon geen kenmerkende morfologiese struktuur nie en ook geen leksikale verband met ander woordklasse nie (vgl. Cole, a.w. bl. 221). Gewoonlik word 'n indeling gemaak volgens die aantal sillabes, bv. eensillabig(tuu) en meersillabig (phôsui swatlhaa).

B. Sintakties.

a. Primêre valensie.

Ideofone het gewoonlik 'n bywoordelike valensie en kom veelal saam met die werkwoord re voor, bv. E-re 'tsatsi le-re dikê, ke fa di-tlhatlhêlwa mô 'sakêng.

b. Toelaatbare valensie.

Dit het valensie met die werkwoord re.

8.11. Die kenmerke van interjeksies.

A. Morfologies.

Hulle vertoon geen bepaalde vormeienskappe nie.

B. Sintakties.

Hulle word gebruik as selfstandige, volledige of gedeeltelike uitdrukkinge van die menslike emosies. Hulle vertoon geen valensie met ander woordklasse nie.

9. Opmerkings.

9.1. Valensies.

In/......

9.1. Valensies.

In par. 8. is net die valensie wat woordklasse ten opsigte van mekaar het, kortliks aangestip. 'n Woord kan egter ook valensie hê met 'n woordgroep en andersom, of, anders gestel: een woordsoort kan 'n toelaatbare valensie hê met 'n groep woordsoorte wat saam 'n woordgroep uitmaak, byvoorbeeld monna/yô mogolo/, ka/ selêpê (sê se bogale), ba-tsamailê/ /(ka maoto)/(kwa toropong). Hierdie verskynsel hou egter verband met twee tot dusver onopgeloste probleme, naamlik woordgroepgrense en woordgroepbenoeming. Die verskynsel van woordgroepe word in hoofstuk III ondersoek.

9.2. Tradisionele woordsoorte.

A. Die infinitief.

Dit blyk duidelik dat infinitiewe dubbelslagtige woorde is, omdat hulle duidelik kenmerke van sowel naamwoorde as werkwoorde vertoon.

B. Die lokatief.

Die lokatief vorm ook 'n groep dubbelslagtige woorde omdat hulle kenmerke van sowel naamwoorde as bywoorde vertoon.

C. Die imperatief.

Dit blyk geen outonome woordsoort te wees nie, omdat dit volgens ons opinie bloot 'n bepaalde sintaktiese gebruiksfunksie van werkwoorde is. Imperatief is 'n sintaktiese term soos onderwerp, voorwerp, ens.

D. Die adjektief.

As sodanig bestaan dit nie as aparte woordklas nie. In Tswana word die funksie van adjektiewe verrig deur relatiewe kwalifikatiewe woordgroepe, byvoorbeeld dikgômo tsê di-nônnêng (vet beeste), lesela lê le meetse ('n nat lap), banna ba bagolo (groot mans). ngwana ô o kwa morago (die agterste kind (wat agter is), ens. Adjektief is dus 'n sintaktiese term en geen woordsoortterm in Tswana nie.

E. Relatief.

Dit is soos die adjektief geen woordklas nie, maar 'n

sintaktiese/.....

sintaktiese konstruksie.

F. Possessief.

Dit is ook geen woordsoort nie, maar 'n sintaktiese konstruksie.

---oooOooo---

Sintagmatiese verband (valensies [illegible])

## HOOFSTUK III.

## DIE WOORD AS TAALGEBRUIKSEENHEID IN GROTER GEHELE.

### 10. Die begrip "meerwoordgeheel".

Een van die aspekte wat voortvloei uit die eienskappe van die woord, is dat dit bruikbaar is of gebruik mag word in groter gehele, dit wil sê in woordgroepe. 'n Woordgroep is 'n meerwoordgeheel wat uit ten minste twee woorde moet bestaan wat met mekaar kombinatoriese verband vertoon.

Die probleem is nou om in 'n reeks woorde soos byvoorbeeld monna yôo wa motse o-nole bojalwa jô bo monate mô lwapêng lwa kgôsi maabane, die kleinere groepe wat 'n enge eenheid met mekaar vertoon, te identifiseer en af te baken, d.w.s. hulle grense vas te stel. Dit impliseer dat sekere kriteria aangewend moet word om sodanige grense te bepaal.

Daarbenewens moet ondersoek word of so 'n woordgroepstudie enige bestaansreg het en of dit noodsaaklik is vir 'n sintaktiese studie.

In hierdie hoofstuk word die bogenoemde aspekte nader beskou en verduidelik.

### 11. Bestaansreg van die woordgroep.

Die woordgroep, as 'n grotere sintaktiese eenheid as die woord, is baie duidelik 'n opsigtelik waarneembare verskynsel sodra die sintaktiese struktuur van volledig interpreteerbare taalkundige uitdrukkinge ondersoek word, veral die woordgroepe wat binne nog groter eenhede (bv. sinne) aparte integrerende dele daarvan uitmaak.

In die eerste plek wys die sintagmatiese verband van woorde, en dus ook woordsoorte, duidelik op die bestaan van kleinere eenhede, want in 'n taalkundige uitdrukking soos monna yôo o-nwilê bojalwa jo bo monate mô lwapêng maabane, is monna en bv. maabane of yôo en bojalwa wel via ander woorde verbonde, dog is geensins lede van dieselfde woordgroepe nie. Dit wys daarop dat daar kleinere eenhede moet wees wat saam

'n/......

'n hegte eenheid uitmaak, Alle woorde het dus glad nie gelyke verband met mekaar nie.

12. Noodsaaklikheid van 'n woordgroepstudie.

Dis duidelik dat 'n ondersoek na die sintaktiese funksie van individuele woorde en die valensies van woordsoorte met mekaar alleen nog geensins vir ons die sintaktiese struktuur van die of daardie sin of woordgroep gee nie. So 'n ondersoek sal net 'n deel van die terrein dek. Eers wanneer daarby ondersoek word watter woorde by mekaar hoort, wat die volgorde van woorde onderling in die groepe is en wat die volgorde van die groepe onderling is, hoe hulle gestruktureer word en wat hulle besondere funksies is, word aan die vereistes van 'n sintaktiese studie voldoen. Hieruit word dit duidelik dat heelwat aandag gegee moet word aan woordgroepvorming, woordgroepgrense en woordgroepbenoeming. Trouens, in die tradisionele grammatika was die studie van die woordgroepe nie onbekend nie. Eers na die werke van John Ries en andere het dit sterk op die voorgrond getree.

13. Woord, woordgroep, sin.

Vir die doel van hierdie studie wil ons die bogenoemde terme soos volg omskrywe:

A. Woord (in taalgebruik).

In taalgebruik kan 'n enkele woord

a. of op sigself 'n volledige, verstaanbare, interpreteerbare mededeling wees, bv. tloga! mang? o-re'ng?

b. of 'n onderdeel van so 'n volledige taalkundige mededeling, bv. Senose êne o-na a-tumile thata (Senose, was baie goed bekend).

B. Woordgroep.

Dis 'n reeks woorde wat in taalgebruik soos die woord

a. of op sigself 'n verstaanbare, interpreteerbare mededeling is, bv. ba-nê ba-ilê, ke nna, mô tseleng, ka selêpê.

b. of 'n onderdeel van so 'n volledige verstaanbare inter-

preteerbare/......

preteerbare mededeling, bv. batho bao ba-nê ba-ilê, o-itsiwa ke nna, o-ême mô tseleng.

C. Sin.

'n Sin is 'n woord of 'n reeks woorde wat onafhanklik 'n volledige sinvolle interpreteerbare taalkundige mededeling is vir en in 'n bepaalde taalsituasie.

Uit hierdie opvatting lei ons af dat 'n woord 'n sin of deel van 'n sin of woordgroep kan wees, dat 'n woordgroep 'n sin of deel van 'n sin kan wees, dat 'n sin 'n woord of 'n woordgroep kan wees.

Ons beskou dus die begrippe woord, woordgroep, sin as streng korrelatiewe eenhede, d.w.s. dat die een die ander kan wees. Elkeen het in taalgebruik sy eie identiteit, struktuur en funksie. Vergelyk ook in die verband die opvatting van De Groot in sy artikel "Classification of word-groups" in Lingua, vol VI, Jan 1957, bl. 130-131 e.v., waar hy sê: "There are only two main types of syntactic distribution. The unit (lees: woord) is used either as an independent or as a member of a word-group. An independent is used either as the whole word-content of a sentence, Alas! Mary! John died., or as a part of it, Alas, Mary, John died. A member of a word-group is either a head or an adjunct or a conjunct or a coordinate".

14. Die afbakening van woordgroepe.

In hierdie paragraaf wil ons vasstel hoe en volgens watter beginsels of prinsipes die woord fungeer as moment of lid van 'n meerledige geheel. Om lid te wees van 'n woordgroep moet die woord dus aan sekere vereistes voldoen, en so ook die woordgroep.

14.1. Die twee lae van die sin en woordgroep.

In sy artikel ('n rede gehou voor 'n groep opvoedkundiges, taalkundiges en onderwysers) "Traditionele Zinsontleding en Syntaxis" in Levende Talen, nr. 193, Febr. 1958, bl. 28-30, sê/.....

sê Uhlenbeck dat die sin twee lae het, t.w. die laag van die sinsklank (sinsintonasie) en die laag van die woordmateriaal. Hy wei oor hierdie twee aspekte uit in sy ontleding van die sin "Ik bewonder het zeer fraaie paleis op de Dam". (Vergelyk ook in dié verband H. Roose: "De Pauze als Taalteken" in *Nieuwe taalgids*, drieënvijftigste jaargang, tweede aflevering, bl. 74 e.v.; De Groot: *Structurele syntaxis*, bl. 53-73 en 248-9; Reichling in *E.N.S.I.E.*, bl. 38).

Hierdie dubbele gelaagdheid van die sin moet ons van belang ag in 'n studie oor die sin en woordgroep, want daaruit kan sekere prinsipes verkry word om die enge verband tussen woorde aan te toon.

Sinsklank het hier betrekking op die pouse en nie op woordintonasie nie.

## 14.2. Die laag van die sinsintonasie of sinsklank.

'n Sin word begin en afgesluit deur sinseindleestekens wat pouses voorstel, terwyl sinsdele deur kommas begrens word wat ook pouses van korte duur voorstel. Die betekenis van sodanige pouses is duidelik. Dit beteken dat die woorde wat daarbuite val, hoort nie tot die besondere groep nie. So meen De Groot tereg dat een van die groeperingsmiddele is: byeenplasing van woorde binne 'n bepaalde langer of korter klankeenheid.

Val die begin en eindpunte nie op hulle regmatige plekke nie, word óf 'n ander groep verkry met 'n ander betekenis óf word woorde binne die klankstoot of klankeenheid betrek wat antipatories teenoor mekaar staan of word woorde uitgesluit wat daarbinne hoort. Die klankeenheid van die sin of woordgroep is dus dwingend op die sinsbetekenis en sinsinterpreteerbaarheid. Dis 'n middel wat die taal het om woorde wat sintagmaties bymekaar hoort, saam te groepeer.

Ons illustreer hierdie beginsel aan die hand van die volgende drie sinne. Om meer illustratief te wees word die woor-

de van/......

de van elke sin in willekeurige klankeenhede gegroepeer.

A. I think it, necessary to state this, expressedly because of a, tendency amongst certain, linguists to deny, the possibility of defining meanings in a, scientific way.

B. Dit wil, sê buite die, kader van, woordverband en, woordbeïnvloeding kan geen sinvolle, kombinasie van, woorde opgebou, word nie.

C. Monna yôo yô, mogolo wa, motse o-nê, a-nwilê bojalwa jô, bo monate mô, lwapêng ka, segwana maabane.

Die ontwikkelde taalgevoel sal die leser al dadelik daaraan herinner dat daar met die groepering van dergelyke sinsklankeenhede gefouteer is. Sekere wetmatighede of prinsipes is oortree. Een hiervan is bepaald die sinsklank. In die eerste plek is die ritmiese klankvorm van die sin daarmee heen, en in die tweede plek is die natuurlike korrekte ruspouses versteur.

Binne die oorkoepelende klankeenheid van 'n sin wat afgesluit word deur pouses, mag verskeie ander groter of kleiner klankeenhede voorkom wat ook begrens word deur pouseringe (vgl. Rooze: "De pauze als taalteken," in De nieuwe taalgids, 1960, bl. 74 e.v.) Sommige van hierdie taaltekens is nie sintakties distinktief nie en word in die meeste gevalle dan ook nie gerealiseer nie, maar hulle is nietemin daar, byvoorbeeld die sin: Ek bewonder die mooi bruin perd van my oom in die stal daar op die plaas, kan met een klankstoot uitgespreek word of in verskeie soos: Ek bewonder/ die mooi bruin perd/ van my oom/ in die stal/ daar op die plaas, dog 'n groepering soos: Ek bewonder die mooi/ bruin perd van/ my oom in die/ stal daar op/ die plaas, is absurd.

Dat pouses 'n aanduiding is van waar die grense van sintaktiese eenhede val, verklaar dit tot een van die prinsipes vir woordgroepgrense en die grense van woordgroepsamestellings.

NB

Die bogenoemde/..

Die bogenoemde sinne (A., B., C.) kan dan volgens hierdie prinsipe soos volg gegroepeer word:

A. I think it necessary to state this expressedly, because of a tendency amongst certain linguists, to deny the possibility of defining meanings in a scientific way.

I think it necessary/ to state this expressedly/ because of a tendency amongst certain linguists/ to deny the possibility of defining meanings/ in a scientific way.

B. Dit beteken/ dat (/buite die kader van woordbeïnvloeding en woordverband/) geen sinvolle kombinasie van woorde opgebou word nie.

C. Monna yôo / yô mogolo/ wa motse/ o-nê a-nwilê/ bojalwa jô bo monate/ mô lwapêng/ lwa kgôsi/ maabane.

Monna yôo yô mogolo wa motse/ o-nê a-nwilê bojalwa jô bo monate/ mô lwapêng lwa kgôsi/ maabane.

Klankeenhede moet onderskei word van ander prosodiese vorme soos intonasie, klem, lengte ens., wat eintlik woord- en woordgroepkenmerke is en as sodanig geen prinsipe is om die omvang van woordgroepe aan te dui nie. Die klankeenheid as prosodiese element gaan eintlik bo-oor en omvat die ander elemente wat die klankstroom kenmerk (vgl. De Groot: Structurele syntaxis, bl. 32 e.v.).

'n Bepaalde geleding in die sinsklank kan, juis deur sy bruikbaarheid as groeperingsprinsipe, die semantiese geheel van 'n woordgroep of sin kenbaar maak, byvoorbeeld Jan, slaan Piet! Jan slaan, Piet! Jan slaan Piet! He decided, first to write the letters. He decided first, to write the letters. Selêpê sê se bogale. Selêpê sê, se bogale. Uit hierdie sinne kan ook duidelik afgelei word hoe die klankeenheid (pouseringsgroepe) meehelp met die groepering van woorde wat bymekaar hoort, soos die spreker dit verlang.

'n Ander funksie van die klankeenheid is dat dit voorkom

dat/......

dat woordsintagmene wat semanties-morfologies antipatories teenoor mekaar staan, daarin kan voorkom.

14.3. Die laag van die woordmateriaal (wedersydse betekenisbepaling).

As woorde in 'n bepaalde klankeenheid nie ook op ander maniere as deur die klankeenheid met mekaar gegroepeer en gekombineer kan word nie, dan is die prinsipe van die sinsklankgeleding nutteloos. Niksseggende woorde kan ook in 'n bepaalde klankeenheid geplaas word, maar dan is die groep nie verstaanbaàr en interpreteerbaar nie. In sin C. van die vorige paragraaf sê die klankeenheid nog nie vir ons met watter woord of woordgroep /mô lwapêng lwa kgôsi/ verband vertoon nie (want dit moet verband hê om deel van die sin te wees).

Wanneer die struktuur van die sin noukeurig ontleed word, blyk dit dat daar ander groeperingsprinsipes aanwesig moet wees. In die eerste plek moet woorde op en met mekaar betrekking hê, dit wil sê semanties kombineerbaar wees, om 'n verstaanbare en interpreteerbare geheel te vorm. In die tweede plek is 'n reeks woorde sonder 'n bepaalde goedgekeurde orde nog geen sin nie. Hierdie twee aspekte, naamlik kombinatoriese verband en woord- en woordgroepvolgorde, is deur verskeie linguiste gebruik as sintaktiese groeperingsprinsipes, alhoewel soms heel indirek.

14.4. Die prinsipe van wedersydse betekenisbepaling.

In hierdie paragraaf sal die aandag gewy word aan die kombinatoriese eienskappe van woorde en dan nagegaan word hoeverre dit as prinsipe kan dien by die groepering van woorde in woordgroepe, met ander woorde om die grense van woordgroepe vas te stel.

Dit is 'n algemene eienskap van woorde dat hulle verband vertoon met ander woorde, dit wil sê mèt mekaar gekombineer kan word. In 'n sin soos: Ek bewonder die baie mooi perd, vertoon ek verband (valensie) met bewonder, die, baie, mooi met perd. Maar ek vertoon geen verband (of anders gestel: geen

valensie)/.....

valensie) met die of baie of mooi of perd nie; ek bewonder vertoon wel verband met die baie mooi perd. Ons moet dus die onderskeiding maak: verband teenoor ontbreking van verband (vgl. Uhlenbeck: "Traditionele zinsontleding en syntaxis" in Levende talen, no. 193, Februarie 1958, bl. 28 e.v.; G. J. Labuscagne: Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek, bl. 70 e.v.; De Groot: Structurele syntaxis, bl. 54 e.v. 241.; E. B. van Wyk: Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe, bl. 214 e.v.; Reichling: "De Taal, haar wetten en haar wesen", in E.N.S.I.E., bl. 43.)

Vooraf moet egter duidelik gestel word dat die klankeenheid, semanties-kombinatoriese verband, volgorde en byeenplasing uit die aard van die saak korrelatiewe begrippe is, aangesien die een die ander veronderstel. 'n Woordreeks kan nie aan die vereistes van 'n volledig verstaanbare interpreteerbare taalkundige mededeling beantwoord as een van die bogenoemde aspekte afwesig is nie. 'n Reeks woorde sonder 'n bepaalde klankeenheid en bykomende prosodiese faktore is onbestaanbaar en andersom.

Ons neem 'n gegewe sin om die beginsel van wedersydse betekenisbepaling te illustreer:

Daardie groot man van die stat drink vanaand tuisgemaakte bier in die werf met 'n kalbas.

Vervolgens bespreek ons die verband van elke woord ten opsigte van al die ander woorde of groepe woorde en dan die verband van groepe woorde met ander woorde en groepe woorde.

In die bogenoemde sin staan die woorde in 'n bepaalde volgorde. Elke woord het ook 'n bepaalde plek in die sin as geheel en het ook 'n bepaalde plek ten opsigte van die voorafgaande en volgende woord, dit wil sê die woorde volg mekaar lineêr op in die tyd. Die soort verband word onaanskoulike verband genoem. Maar die semanties-kombinatoriese verband is

nie/.....

nie aanskoulik nie. Drink volg aanskoulik op stat terwyl die aan stat aanskoulik voorafgaan. Hulle het dus aanskoulike verband met mekaar. Die vertoon egter onaanskoulike verband met stat maar nie met drink nie. (Ons laat aanskoulike verband hier voorlopig buite rekening). Verder moet ons op die volgende let:

a. Daardie vertoon verband met man, terwyl dit geen verband met elke afsonderlike daaropvolgende woord vertoon nie.

b. Groot vertoon verband met man, maar vertoon geen verband met die ander woorde nie. Daardie en groot hêt direkte verband met man, maar is slegs indirek via man by mekaar betrokke. Hulle verband met mekaar vereis man. Daardie vertoon dus ook verband met groot man.

c. Man, lid van daardie groot (man), het geen afsonderlike verband met enige van die afsonderlike woorde nie. (N.B. Ons moet nie logiese verband soek nie. Dis byvoorbeeld logies dat 'n man drink, en uit 'n kalbas drink, maar man vertoon geen sintagmatiese verband met uit 'n kalbas nie.) Man vertoon nie op sigself verband met drink nie, maar wel daardie groot man.

d. Van gaan nie saam met enige van die voorafgaande of daaropvolgende woorde nie, behalwe met die groep die stat. Van die stat vorm dus 'n geheel. As groep vertoon daardie groot man geen verband met enige van die daaropvolgende woorde nie maar wel (op dié stadium) met die groep van die stat. Van kan dus beskou word as die verbandlegger tussen die outonome groepe daardie groot man en die stat.

e. Die vertoon, soos in d. gesuggereer, verband met stat alleen, en met geen voorafgaande en daaropvolgende woord nie.

f. Stat vertoon op sigself geen verband met enige van die voorafgaande of daaropvolgende woord nie behalwe met die en via die met van. Stat se semanties-kombinatoriese invloed hou dus op in van die stat, terwyl die kombinasie nou

weer/.......

weer as geheel na ander verbande uitreik.

g. Drink vertoon geen verband met die afsonderlike voorafgaande en daaropvolgende woorde nie. Dit vertoon egter verband met (ons loop die resultaat effens vooruit) daardie groot man (van die stat) en tuisgemaakte bier en vanaand en in die werf en laastens met met 'n kalbas. Drink vorm hier as 't ware 'n sintaktiese knooppunt met voorafgaande en daaropvolgende woorde en woordgroepe. Volgens die aantal verbande wat drink met die woorde en woordgroepe vertoon, blyk dit dus dat dit die grootste verbandlegger in die sin is. Dit wil dus voorkom of die predikaat 'n onselfstandige sintaktiese knooppunt vorm met die ander sinslede. Drink het 'n sterk semanties-kombinatoriese verband na weerskante.

h. Tuisgemaakte vertoon alleen verband met bier en met geen ander voorafgaande of daaropvolgende woord of woordgroep nie.

i. Bier vertoon alleen verband met tuisgemaakte, terwyl tuisgemaakte bier via drink verband vertoon met daardie groot man van die stat en andersom.

j. Vanaand vertoon alleen verband met drink en via drink met andere soos daardie groot man van die stat en in die werf ens.

k. In vertoon verband met die werf.

l. Die vertoon verband alleen met werf. Die groep in die werf vertoon verband met drink.

m. Werf vertoon alleen verband met die, terwyl die werf weer verband vertoon met in. In die werf is dus nou 'n outonome woordgroep wat as geheel verband vertoon met drink en dit impliseer daardie groot man (van die stat) en tuisgemaakte bier en vanaand en met 'n kalbas.

n. Met 'n kalbas vorm op dieselfde wyse 'n sintaktiese geheel.

Soos uit/......

Soos uit die voorafgaande bespreking van die gegewe sin blyk, word die volgende sintaktiese eenhede herken:

| | |
|---|---|
| daardie groot man | in die werf |
| van die stat | met 'n kalbas |
| drink | vanaand |
| tuisgemaakte bier | |

Die grense van bogenoemde eenhede word bepaal deur die semanties-kombinatoriese prinsipe. Waar die onderlinge beïnvloeding van en verband tussen woorde eindig, daar sou ons sê is die grense van die woordgroep. Woordgroepe sluit mekaar in en dit gee aanleiding tot groter woordgroepvorming. Die proses deurloop (in die woorde van Reichling in E.N.S.I.E., bl. 33) alle trappe van uiterste eenvoud tot verbysterende ingewikkeldheid.

Dit blyk ook verder dat woorde en woordgroepe alleen via ander woorde en woordgroepe verband met mekaar vertoon. Dit word indirekte verband genoem. As dit ook nie die geval was nie, sou 'n woordreeks nie verstaanbaar kan wees nie, al beantwoord dit aan al die ander vereistes.

As die klankeenheid as prinsipe toegepas word op die onderhawige sin, blyk dit dat dieselfde resultate verkry kan word, byvoorbeeld Daardie groot man/ van die stat/ drink (/) tuisgemaakte bier/ in die werf/ met 'n kalbas/ vanaand.

## 14.5. Verplaasbaarheid (veranderbaarheid van woordorde).

Die verskynsel dat woorde nie 'n vaste posisie ten opsigte van mekaar hoef te hê nie, is deur Van Wyk, in navolging van veral Reichling, gebruik om sekere woordtoetse te ontwikkel, naamlik omstelbaarheid, skeibaarheid en vervangbaarheid wat deur hom onder die term verplaasbaarheid gebring is (vgl. sy proefskrif, bl. 220-225).

"Onder omstelbaarheid word verstaan die omruiling van die volgorde in tyd van twee of meer woordsintagmene" (a.w., bl. 222).

Ons/.......

Ons meen dat omstelbaarheid as prinsipe gebruik kan word vir die vasstelling van woordgroepgrense. Soos die woord 'n outonome sintaktiese eenheid is, so is die woord ook 'n inherente sintaktiese geheel. Ondersoek na die omstelbaarheidsvermoë van die woordgroep bring aan die lig dat hulle dié eienskap met woorde deel. Soos woorde semanties-kombinatoriese verband met mekaar vertoon, so vertoon woordgroepe ook semanties-kombinatoriese verband met ander woorde en woordgroepe (kyk bl. 35 - 36 van hierdie hoofstuk). Woordgroepe is dus eintlik net sulke sintaktiese eenhede as woorde (in taalgebruik), met die verskil dat hulle 'n komplekse eenheid van woorde is.

In die reeds besproke sin (bl. 33 hierbo), kan deur die toepassing van hierdie beginsel of prinsiep die volgende omstellings verkry word: (Die grense word met 'n / aangedui.)

Vanaand/ drink/ daardie groot man van die stat/ tuisgemaakte bier in die werf met 'n kalbas.

Met 'n kalbas/ drink/ daardie groot man van die stat/ tuisgemaakte bier/ in die werf/ vanaand.

In die werf/ drink/ daardie groot man van die stat/ vanaand/ met 'n kalbas/ tuisgemaakte bier.

Die woorde tussen die grense moet dus ten minste beskou word as selfstandige fungerende outonome woordgroepe, behalwe vanaand/drink. Behalwe dat hulle woorde is, is hulle ook selfstandige, outonome sintaktiese eenhede, wat ook vervang kan word deur outonome woordgroepe.

Ons moet egter dadelik byvoeg dat hierdie prinsipe, anders as die semanties-kombinatoriese prinsipe, in sy toepassing aan sekere beperkings onderhewig is. Hierdie beperkings blyk woordgroepe te wees waarbinne ander woordgroepe ingesluit is, byvoorbeeld monna yôo yô mogolo wa motse, waar nie na willekeur omgestel kan word nie, bv. monna yôo wa motse/ yô mogolo, wa motse/monna yôo/yô mogolo. Die woordgroep /op die plaas van my oom/ bied 'n dergelyke voorbeeld.

Hierdie/.......

Hierdie verskynsel van woordordeverandering hang ten nouste saam met styl en emfase. Hoofstuk V en VI sal egter aan hierdie verskynsels gewy word.

# HOOFSTUK IV.

## DIE BENOEMING VAN WOORDGROEPE.

15. Inleiding.

In 'n sintaktiese studie kan egter nie net volstaan word met die blote identifisering, uitkenning en die vasstelling van die grense van woordgroepe nie, alhoewel die fondament alreeds daarmee gelê is. Die reeds geïdentifiseerde woordgroepe moet daarby ook nog kenmerkend benoem word.

Gestel dat ons die reeds geïdentifiseerde woordgroepe: daardie groot man/ hy het gekom/ in die dam, selêpê sêo sa me/ mosadi ênê wa monna/ go monna yêo/ ka sa me/ het, sal dit die sintaktikus niks baat as hy hulle nie ook tiperend kan benoem nie. Dit kan onses insiens alleen geskied deur gebruik te maak van die verskynsel woordklasse. By nadere ondersoek blyk dit dan ook dat sekere woordklasse verband met mekaar kan vertoon en andere nie.

Met behulp van woordklasse is ons in staat om 'n reeks "formules" te kry om duisende woordgroepe te klassifiseer, bv. /lidwoord + naamwoord + werkwoord/ in Afrikaans, /partikel + naamwoord + voornaamwoord/ in Tswana, ens.

'n Taal het duisende woorde maar in vergelyking daarmee net 'n paar woordklasse. As elke woord 'n aparte woordklas daargestel het, sou 'n sintaktiese studie menslik onmoontlik gewees het. Dit sou miljoene soorte groepe afgee. Maar met behulp van woordklasse sal ons in staat wees om 'n hele aantal verbindingsmoontlikhede (d.w.s. 'n woordgroep bestaande uit 'n reeks woorde van bepaalde woordklasse) op een slag te onderteken. Ten tweede is dit ook moontlik om die volgorde van woorde te herken (bv. nié mooi word gevolg deur man of die gaan man vooraf nie, máár: adjektiewe gaan naamwoorde vooraf, lidwoorde gaan naamwoorde vooraf).

Hierdie metode (of prinsipe) veronderstel egter dat ons ook weet watter woordklasse met mekaar valensie vertoon.

(In/.....

(In hoofst. II is 'n aanduiding gegee van die valensies van woordklasse.)

Die benoeming van woordgroepe is dus vrugbaar, maar dis egter nie noodsaaklik om woordgroepe te herken nie. Dit is net 'n middel (of noem dit 'n metode) om woordgroepe te klassifiseer (byvoorbeeld die woordgroepe lidwoord + naamwoord, lidwoord + byvoeglike naamwoord + naamwoord, voorsetsel + aanwysende voornaamwoord + byvoeglike naamwoord + naamwoord, ens.) So kan groot getalle woordgroepe in 'n klein aantal soorte ingedeel word.

Ten besluite meen ons dat die eerste stap na 'n benoeming van woordgroepe moet geskied volgens woordklasverbindings.

Maar selfs met so 'n indeling van woordgroepe in soorte sal die benaming lomp, onprakties en selfs nie tiperend genoeg wees nie. Kan die woordgroepe monna yô/ monna yô mogolo/ ênê monna wa motse/ ka wa me/ ka sônê sêo/ ens. vyf soorte woordgroepe wees omdat die woordklasse in hulle ten opsigte van mekaar verskil, of kan ons nog 'n kleiner en meer tiperende indeling maak?

Hierdie vraag het (o.a.) linguiste soos Bloomfield (Language, bl. 194-196), De Groot (Structurele syntaxis, bl. 67-74, 144-152) besig gehou, alhoewel hulle dit nie onomwonde stel dat hulle dit (uitsluitlik) as 'n metode aanwend om woordgroepe te benoem nie.

Hulle bevindinge kom hoofsaaklik hierop neer dat die gebruiksfunksies of sintaktiese gebruiksmoontlikhede van 'n bepaalde woordgroep (bv. monna wa motse of ka selêpê) bepaal of gekarakteriseer of aangegee word deur een van die lede daarvan. Dit impliseer dat 'n woordgroep dus benoem mag word na die woordklas van die sintakties- heersende lid, dit wil sê na dié lid wat verantwoordelik is vir die besondere gebruiksmoontlikheid van die woordgroep waarvan dit lid is. 'n Woordgroep soos /go tsônê/ kan dus òf 'n lokatiewe adverbiale partikelgroep/...

tikelgroep wees òf 'n aanwysende voornaamwoord-woordgroep, en /monna wa motse/ kan òf 'n naamwoordelike òf 'n possessiewe woordgroep wees, afhangende van die lid wat die woordgroep se gebruiksfunksie(s) kan bepaal.

'n Ondersoek in hierdie opsig na die geïdentifiseerde woordklaskombinasies van Tswana bring aan die lig dat dit wel met vrug toegepas kan word, soos trouens ook in ander tale gedoen is.

16. Benoeming na die woordsoort van een van die lede.

Deur woordgroepe te benoem na die woordsoort van een van die lede wat in die groep voorkom, sal ons in staat gestel word om 'n hoofdelike indeling te maak van reekse geïdentifiseerde woordgroepe. Hipoteties sou ons dus kon verwys na 'n woordgroep soos /sa ênê monna ðo/ as:

a. 'n possessiewe partikelgroep,

b. 'n absolute kwalifikatiewe woordgroep,

c. 'n naamwoordelike woordgroep,

d. 'n aanwysende kwalifikatiewe voornaamwoordgroep.

Dit spreek egter vanself dat so 'n willekeurige benoeming alleen verwarring sal veroorsaak en inkonsekwenthede in die hand sal werk. Om kenmerkend en tiperend genoeg te wees moet slegs een woordsoort in bogenoemde groep gebruik word om dit te benoem.

Die vraag doen hom onmiddellik voor of dit wel moontlik is om woordgroepe na die woordklasse te noem, en, indien moontlik, volgens watter een van die woordklasse die benoeming moet geskied en volgens watter een? Hier is dus twee vrae te beantwoord: Is dit moontlik? Indien wel, hoe moet dit vasgestel word? Watter maatstaf vir die uitkenning ook al gebruik word, die benoeming sal moet geskied volgens die sintakties belangrikste lid of lede. Dit spreek vanself dat die woordklas wat die naaste of dieselfde sintaktiese funksie het van die woordgroep waarin dit as lid voorkom of wat daardie woordgroep se posisie in 'n sinvolle kombinasie kan inneem of wat verantwoordelik is

vir die/.......

vir die besondere sintaktiese funksie van die woordgroep waarvan hy lid is, die belangrikste en tiperendste lid sal wees.

Om dit te kan wees moet dit dus aan sekere vereistes voldoen. Ten eerste moet dit die onweglaatbare lid in die woordgroep wees waarsonder die ander lede in daardie besondere kombinasie waarin dit voorkom, nie kan fungeer nie of waarsonder die woordgroep sal verbrokkel of waarsonder 'n "sintakties open plaats" sal ontstaan. Van hierdie beginsel het verskeie skrywers gebruik gemaak, nie om 'n woordgroep na 'n bepaalde woordklas wat daarin voorkom, te benoem nie, maar om, soos in paragraaf 21 aangetoon sal word, 'n ander indeling te maak. (Bloomfield: Language, bl. 194-196; De Groot: Structurele syntaxis, bl. 67-74, 144-152; De Groot: "Classification of word-groups", in Lingua, vol. VI., nr. 2, bl. 130-131; Nida: Learning a foreign language, bl. 199-203.)

17. Benoeming na die woordsoort van die heersende lid.

In alle tale vind ons die verskynsel dat woordgroepe opgebou word om 'n sentrale woord, wat ons die kern kan noem. Die ander lid of lede daarvoor, daarna, of rondom, word die perifirale lid of lede genoem. Daar bestaan dus die onderskeiding tussen:

A. Die heersende lid/sentrale lid/ kern.

Dit is die belangrikste lid in die woordgroep, omdat dit die sintaktiese funksie van die woordgroep kan bepaal of dit kan aangee of wat vir dié besondere funksie verantwoordelik is.

B. Onderskikkende lid/ periferale lid.

Dit is 'n lid of lede wat tot die kern toegevoeg is as kwalifikasie van die kern in die meeste gevalle. Hierdie attributale lid/lede is nie verantwoordelik vir die besondere sintaktiese funksie van die woordgroep waarvan hulle die periferale lede is nie, alhoewel hulle 'n deel van die woordgroep vorm.

'n Kern wat juis verantwoordelik is vir die besondere

funksie/...

funksie van die woordgroep, is onweglaatbaar. (Hieroor later meer.)

18. Toepassing.

Ons neem die volgende reeds geïdentifiseerde woordgroepe om vas te stel watter lid/lede die kern(s) daarvan kan wees:

A. monna yôo = naamwoord + voornaamwoord. Monna kan op dieselfde wyse gebruik word as die hele woordgroep, byvoorbeeld as onderwerp, voorwerp, ens. Yôo kan egter ook op dieselfde wyse gebruik word as monna. Elkeen kan dus die sintaktiese funksie verrig van die hele woordgroep. Om die beurt is hulle dus weglaatbaar, en om die beurt kan hulle die woordgroep monna yôo vervang. Daar moet gevolglik besluit word dat altwee kerns is. Omdat yôo deels van monna afgelei is en eersgenoemde laasgenoemde terselfdertyd kwalifiseer, kan dié woordgroep 'n naamwoordelike woordgroep genoem word.

B. monna yô mogolo = naamwoord + relatiewe partikel + beskrywende naamwoord. Behalwe monna kan geen lid op sigself die sintaktiese gebruiksmoontlikhede hê van die gehele woordgroep nie. Die beskrywende naamwoord mogolo mag wel blyke gee dat dit so gebruik kan word, maar dit is semanties en morfologies afhanklik van monna. (Afsonderlik gebruik beteken dit broer.) In die soortgelyke Noord-Sotho woordgroep dikgômo tšê nntši gee nntši as kern ook nie bevrediging nie.

Die feit dat die groep yô mogolo die funksie van monna yô mogolo kan verrig, gee net te kenne dat dit 'n selfstandige, outonome woordgroep is. Monna yô mogolo mag ons dus ook as 'n naamwoordelike woordgroep beskou, soos monna yôo hierbo.

C. yô mogolo = relatiewe partikel + beskrywende naamwoord. In sy gebruiksfunksie is nie een van die lede weglaatbaar nie, en nie een daarvan kan die funksie van die hele woordgroep verrig nie. Dit blyk dus dat die weglatingsproef en die vervangingsproef nie hier met vrug toegepas kan word nie. Ons kan egter veilig aanneem dat yô die kern is, aangesien dit die

sintaktiese/....

sintaktiese funksie van die groep bepaal of ten minste verantwoordelik is vir die sintaktiese gebruiksmoontlikhede van die groep.

Die indruk mag bestaan dat yô as relatiewe partikel identiek is aan die aanwysende kwalifikatiewe voornaamwoord yô. Volgens struktuur is hulle wel dieselfde, maar nie volgens funksie nie. Dit feit dat hulle gelyktydig in 'n woordgroep soos /yô yô mogolo/ of yô mogolo yô/ fungeer, impliseer dat hulle twee aparte woordklasse is, want 'n voornaamwoord (of 'n relatiewe skakel) kan tog immers nie in dieselfde konstruksie twee keer herhaal word nie.

D. wa motse = possessiewe partikel + naamwoord.

Nie een van die lede kan afsonderlik die funksie van die hele woordgroep verrig nie. Ook is nie een daarvan weglaatbaar sonder dat die groep verbrokkel of uiteenval nie. Die weglatings- en vervangingsproef van De Groot lewer hier ook nie positiewe resultate nie. Ons kan egter aanneem dat wa die kern is, aangesien dit die besondere gebruiksfunksie van die groep bepaal. Wa motse beskou ons dus as 'n possessiewe woordgroep.

E. bojalwa jô bo monate = naamwoord + relatiewe partikel + kopulatiewe partikel + beskrywende naamwoord. Bojalwa is die kern, aangesien dit die enigste woord in die woordgroep is wat afsonderlik die funksie van die woordgroep in 'n sin kan verrig. Dit is dus 'n naamwoordelike woordgroep.

F. kwa lwapêng (lapêng) = aanwysende bywoord + lokatiewe naamwoord. Altwee lede is kerns, want hulle het om die beurt dieselfde sintaktiese gebruiksmoontlikhede as die hele woordgroep gesamentlik. Die groep kan dus 'n lokatiewe woordgroep genoem word.

G. ka segô = adverbiaal-instrumentale (bywoordelik-instrumentale)

partikel/.......

partikal + naamwoord. Nie een van die onderskeie lede kan gebruik word waar ka segô sintakties sal voorkom nie. Die partikel ka kan egter as die kern beskou word, aangesien dit vir die besondere adverbiale funksie van die woordgroep verantwoordelik is. Ka segô is dus 'n instrumentaal-adverbiale woordgroep.

H. o-nntse a-nwa = werkwoord + werkwoord.

Dis duidelik dat ons hier met 'n werkwoordelike oftewel predikatiewe woordgroep te doen het. Die hulpwerkwoord o-ntse is die onselfstandige onweglaatbare kern. Die hoofwerkwoord is die sintaktiese komplement van die hulpwerkwoord.

I. ke banna ba gagwê = kopulatiewe partikel + naamwoord + possessiewe partikel + possessiewe voornaamwoord.

Hierdie woordgroep is 'n kopulatiewe predikatiewe woordgroep, aangesien ke die oorsaak is van die woordgroep se predikatiewe funksie.

19. Beskrywing van die lede van 'n woordgroep.

Uit die bespreking in die vooraf gaande paragraaf blyk dit dat die definisie (of beskrywing) van die hooflid (kernlid, heersende lid) en van die onderskikkende lid/lede (attributale of periferale lid/lede) soos volg gewysig moet word.

A. Kernlid.

a. Die kernlid is 'n onweglaatbare onafhanklike lid, wat die vermoë het om selfstandig die sintaktiese gebruiksmoontlikhede van die woordgroep te kan bepaal en self so gebruik te kan word, dit wil sê in die plek van die hele woordgroep. Dit impliseer dat die ander lid of lede in daardie verband weglaatbaar is sonder dat die woordgroep as sodanig verbrokkel of uiteenval, byvoorbeeld monna in monna yôo/ monna yô o botlhale/ monna wa motse/, o-nwilê in monna o-nwilê/ o-nwilê bojalwa jô bo monate/ o-nwilê maabane ka segô/ ens.

b. Die kern kan ook 'n onweglaatbare afhanklike lid wees, dit wil sê 'n lid wat die vermoë het om die sintaktiese gebruiksmoontlikhede van/....

likhede van die woordgroep te bepaal of wat verantwoordelik is daarvoor maar wat nie selfstandig daardie funksie kan verrig nie, wat impliseer dat die periferale lede ewe onweglaatbaar is, byvoorbeeld wa in wa monna yô/ wa ba bagolo/, ka in ka segô/ ka sônê sê segolo/, go in go malome/ go ênê yô/ ens.

B. Onderskikkende of periferale lid(lede).

a. Hieronder kan voorkom 'n weglaatbare afhanklike lid van 'n woordgroep wat nie onafhanklik die funksie van sy kern kan verrig nie en dus weglaatbaar is omdat die kern selfstandig en onafhanklik die funksie van die woordgroep kan verrig, byvoorbeeld wa en me in mosadi wa me, sê en se en bogale in selêpê sê se bogale. Hulle is dus weglaatbaar.

b. Daarby kan ook voorkom 'n onweglaatbare afhanklike lid van 'n woordgroep wat nie onafhanklik die funksie van sy kern kan verrig nie, terwyl die kern terselfdertyd 'n onweglaatbare lid is. Hier is beide kernlid en periferale lid onweglaatbaar, byvoorbeeld motse in wa motse; selêpê, sê, se en bogale in ka selêpê sê se bogale: sônê, sê in wa sônê sê, ens.

20. Gevolgtrekking.

Uit die bespreking in die voorafgaande paragrawe blyk dit dat 'n benoeming van woordgroepe volgens die woordklas van die sintakties-heersende lid wel met vrug gebruik kan word. Hierdie prinsipe kan nou kortliks soos volg beskrywe word: Woordgroepe word opgebou en saamgestel uit 'n kern, wat die funksierigtende en funksiebepalende lid is, en 'n periferale of onderskikkende lid (lede), wat die woordgroep vervolledig, uitbrei en die kern kan kwalifiseer.

NB

Ons wil verder ter opsomming net aanstip aan watter vereistes 'n kernlid en 'n periferale lid moet voldoen.

NB

'n Kern moet in die eerste plek dié (sentrale) lid wees waarom 'n ander woord of woorde onderskikkend gegroepeer kan word. Ten tweede moet die kern dieselfde sintaktiese gebruiksmoontlikhede hê as die woordgroep waarvan hy kern is,

byvoorbeeld/...

byvoorbeeld setlharêng in setlharêng sê sa me, monna in monna wa motse, ens. Ten derde moet dit ten minste die sintaktiese gebruiksmoontlikhede van die groep kan aangee of verantwoordelik wees daarvoor.

Om 'n woordklas tot kern van 'n woordgroep te verklaar moet dit ten minste aan een van die bogenoemde vereistes beantwoord.

'n Periferale lid is 'n lid wat nie dieselfde gebruiksmoontlikhede het as die woordgroep waarvan hy lid is nie. Hulle kwalifiseer of bepaal die kern of vervolledig die woordgroep. Soms (soos later duidelik sal blyk) is die periferale lid weer die kern van 'n ander (gewoonlik ingeslote) woordgroep binne die woordgroep waarvan hy 'n periferale lid is. 'n Periferale lid mag dus in dié opsig 'n subkern wees ondergeskik aan die hoofkern, byvoorbeeld in monna wa motse, waar monna die hoofkern is terwyl wa weer die subkern is. Hieroor word in die volgende hoofstuk breër uitgewei.

21. Benoeming volgens die verhouding tussen lede van 'n woordgroep.

In paragraaf 19 en 20 is 'n aanduiding gegee van die verhouding tussen kernlede en periferale lede van woordgroepe. Hierdie beginsel is deur verskeie skrywers gebruik om woordgroepe in soorte te klassifiseer. Ons noem net die volgende: Nida: Learning a foreign language, bl. 200-203; Bloomfield: Language, bl. 194-196, 235-236; Bloch en Trager: Outline of linguistic analysis, bl. 76-77; Van der Lubbe: Woordvolgorde in het Nederlands, bl. 61, 68-101; De Groot: "Classification of Word-groups", in Lingua, Jan. 1957, bl. 130-131; Nida: Morphology, bl. 94; Hockett: A course in modern linguistics, bl. 183-208.

De Groot (a.w.) maak gebruik van sy "ommision test" om die kern te verkry, dit wil sê hy gaan na of die kern dieselfde funksie van die woordgroep het of nie. Bloomfield

en sy/......

en sy navolgers gaan na of 'n woordgroep dieselfde sintaktiese funksie het as een van sy "members" of nie om die kern te verkry

Dit is dus dieselfde metode of anders gestel: dit is presies dieselfde beginsel wat net op twee verskillende maniere toegepas word.

21.1. Endosentriese woordgroepe.

Dit is woordgroepe waarvan die kern dieselfde sintaktiese aanwending het as die woordgroep, byvoorbeeld in monna ênê, kan monna en ênê dieselfde funksie verrig as die hele woordgroep. Volgens die metode van Bloomfield e.a. moet uitgemaak word of die woordgroep monna ênê dieselfde funksie het as een of meer van sy lede. Bloch en Trager (a.w., bl. 76) stel dit kernagtig soos volg: "If a phrase has the same function as one or more of its immediate constituants, it is an endocentric phrase and has an endocentric construction. Thus fresh milk has the same functions as milk....."

Endosentriese woordgroepe word weer in die volgende afdelings verdeel:

21.1.1. Neweskikkende woordgroepe.

Dit is woordgroepe waarvan elke lid 'n kern kan wees, of, anders gestel, dit is woordgroepe wat dieselfde sintaktiese aanwendbaarheid het as elk van hulle lede, byvoorbeeld ênê yô, tsônê tsôtlhê, gônê kwa, kwa motseng, monna yô, ens.

21.1.2. Onderskikkende (subordinerende) woordgroepe.

Dit is woordgroepe waarvan net een lid (d.w.s. die kern) dieselfde sintaktiese aanwendbaarheid het as die hele woordgroep, of, anders gestel, dit is woordgroepe wat dieselfde sintaktiese aanwendbaarheid het as een van sy lede, byvoorbeeld modisi in modisi wa dikgômo, motseng in motseng wa kgôsi, kwa in kwa go ênê, ens.

21.2. Eksosentriese (konjunkte) woordgroepe.

Dit is woordgroepe waarvan die kern (d.w.s. die lid wat

die funksie/.......

die funksie bepaal) nie dieselfde sintaktiese aanwendbaarheid het as die woordgroep nie, byvoorbeeld ka in ka selêpê, ens. Nida (Learning a foreign language, bl. 202) beskrywe hierdie tipe woordgroepe soos volg: "On the other hand from father (preposition + noun) does not function like a noun. For one thing, it cannot be a subject as a noun could. Furthermore this phrase cannot itself act like a preposition. The function of from father is thus different from either constituant part, and hence we may call it exocentric, i.e. its functional centre is not contained within the construction." Uit die laaste bewering van Nida (vgl. ook Bloch en Trager: Outline of linguistic analysis, bl. 77.) moet nie afgelei word dat sodanige woordgroepe soos from father, wa mosadi yôo, ens., geen kerns het nie. Dit moet ten minste 'n lid bevat wat die besondere sintaktiese aanwendbaarheid van die woordgroep kan aangee of wat verantwoordelik is daarvoor. Bloomfield (Language, bl. 194-195) stel dit soos volg: "Although the resultant phrase in an exocentric construction has a function different from the function of any constituant (d.w.s. lid) yet one of these constituants is usually peculiar to the construction and serves to characterize the phrase; thus in English, finite verbs, prepositions, and subordinating conjunctions regularly appear in the exocentric constructions just illustrated, and suffice to characterize them". Dus is die kern van from father: from, en dié van wa mosadi yôo wa. Hulle is dus 'n preposisionele en 'n possessiewe woordgroep respektiewelik.

----oooOooo----

# HOOFSTUK V.

## WOORDGROEPSOORTE IN DIE ENKELVOUDIGE SIN.

22. Inleiding.

In hierdie hoofstuk wil ons die gegewens wat oor die woordgroep as sintaktiese eenheid in die voorafgaande hoofstukke versamel is, toepas op Tswana. Die toepassing word egter net deurgevoer en beperk tot wat ons noem die enkelvoudige sin, dit wil sê die sin met een of 'n saamgestelde predikaat, nie afhanklik of ondergeskik aan 'n ander predikaat of sinsdeel nie.

Die woordgroepe sal dus wees dié wat as onderwerpe, voorwerpe, predikate en as adverbiale bepalings kan fungeer. Daarom sal met hierdie hoofstuk reeds die grootste gedeelte van die terrein van ondersoek gedek word. In die volgende hoofstuk sal o.a. getrag word om die gegewens van hierdie hoofstuk te orden en saam te stel. Hierdie twee hoofstukke moet dus as 'n eenheid gesien word, aangesien dit handel oor die struktuurvorme van die enkelvoudige sin.

Terselfdertyd moet toegegee word dat ons nie daarop aanspraak maak dat ons die fantastiese ingewikkeldheid van die strukture wat deur komplekse en saamgestelde woordgroepvorming teweeggebring word, onderken nie. Die sin is een van die aspekte in die taalkunde waaroor reeds baie geskryf is, want vir die vraag: "Wat is 'n sin?", is nog nie 'n aanvaarbare oplossing gevind nie. Dit impliseer egter nie dat ons nie die sin se struktuur kan ondersoek as die vraag nog nie opgelos is nie!

Aangesien die oorgrote meerderheid woordgroepe in die enkelvoudige sin kan fungeer as onderwerpe, voorwerpe, bywoordelike bepalings en predikatiewe, sal so 'n indeling ook in aanmerking geneem moet word, benewens die indeling wat in die vorige hoofstuk voorgestel is.

Watter indeling ook al gevolg word, dit sal aan die vereistes van duidelikheid en kenmerkendheid moet voldoen.

23. Skemas.

Ons doen die volgende twee skemas aan die hand:

A.

| Nie-predikatiewe woordgroepe | | | | | | | | Predikatiewe woordgroepe | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Onderwerp/Voorwerp | | | | Bywoordelik | | | | Predikatief. | | | |
| Endosentr. | | Eksosentr. | | Endosentr. | | Eksosentr. | | Endosentr. | | Eksosentr. | |
| New. | Ond. | Eenk. | Meerk. | New. | Ond. | Eenk. | Meerk | New. | Ond. | Eenk. | Meerk. |
| Woordklasse. | | | | | | | | | | | |

of.

B.

| Endosentries. | | | | | | Eksosentries. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ond./Voorw. | | Byw. | | Pred. | | Ond./Voorw. | | Byw. | | Pred. | |
| New. | Ond. | New. | Ond. | New. | Ond. | Eenk. | Meerk. | Eenk. | Meerk. | Eenk. | Meerk. |
| Woordklasse. | | | | | | | | | | | |

In die lig van die bespreking in hoofstuk VI , word nr. A. hierbo verkies.

AFDELING EEN. WOORDGROEPE AS ONDERWERP/VOORWERP.

24. Endosentriese woordgroepe.

24.1. Neweskikkende woordgroepe.

24.1.1. Naamwoordelike woordgroepe.

Hulle word woordklaslik gekenmerk deur 'n naamwoord plus een of meer kwalifikatiewe voornaamwoorde.

A. Naamwoord en 'n absolute kwalifikatief.

a. nakô yônê/yônê nakô,

b. monna ênê /ênê monna.

B. Naamwoord en 'n aanwysende kwalifikatief.

a./.....

a. dikgômo tsêo /tsêo dikgômo,

b. letsatsi lêno / lêno letsatsi.

C. Naamwoord en 'n kwantitatiewe kwalifikatief.

a. batho bôtlhê / bôtlhê batho,

b. naga yôtlhê / yôtlhê naga.

D. Naamwoord en twee of meer voornaamwoorde.

a. dikgômo tsônê tsêo / tsônê tsêo dikgômo / tsônê dikgômo tsêo / tsêo tsônê dikgômo,

b. batho bôtlhê bao / bôtlhê batho bao / bao bôthlê batho.

E. Naamwoord en naamwoord.

In gewone spreek- en skryftaal is dit nie moontlik om twee naamwoorde binne die grense van een woordgroep te kry nie. Wanneer hulle wel langs mekaar (lineër in tyd) te staan kom, kan veilig aangeneem word dat hulle nie lede van een woordgroep is nie, byvoorbeeld Banna, bojalwa jô bo monate, ba-a-bo-nwa; Kgôsi, banna ba lekgôtla bare pula! Wanneer hulle in sodanige posisies verskyn, is dit in die meeste gevalle as gevolg van omstelling om emfatiese of stilistiese redes of as 'n aanspreekvorm.

Wanneer naamwoorde in die bogenoemde posisies nie omstelbaar of skeibaar is nie, is dié woordgroep onbestaanbaar, of dit mag 'n samestelling as gevolg het, byvoorbeeld bosigogare, moselaphala, monnamogolo, moaparankwê, ens.

Tog word met sekere naamwoorde en naamwoordstamme 'n sodanige toestand geskep. Ons dink byvoorbeeld aan Noord-Sotho naamwoorde soos bose, botse, bjalô, šoro en thata, wat as stamme en naamwoorde beskou kan word in dié sin dat wanneer hulle beskrywend optree, die naamwoordelike klasprefiks opsioneel (of dialekties) is, dijô tšê (di-) bose.

Die stamme -ngwê (-ngwe), -sele, -fe, -pe wyk af van die ander ten opsigte van struktuur. -Ngwe neem die klasprefiks en soms die relatiewe partikel daarmee saam of

die/......

die kopulatiewe werkwoord -le wanneer dit kwalifiserend optree, byvoorbeeld motho (yô) mongwe/motho a-le mongwe/. Die stamme -fe, -sele en -pe word tot woorde gestruktureer deur die onderwerpsmorfeem. Hulle verskeie grammatiese aanwending beïnvloed weer die aard van hulle sintaktiese struktuur:

a. batho bangwe / bangwe batho.

b. dipuô disele / disele dipuô.

c. batho bafe / bafe batho.

d. batho bape / bape batho.

24.1.2. Voornaamwoordelike kwalifikatiewe woordgroepe.

Hulle word gekenmerk deur samestellings van twee of meer voornaamwoordelike kwalifikatiewe

A. Absolute en aanwysende kwalifikatief.

a. ênê yô / yô ênê,

b. sônê sêo / sêo sônê (omstelling nie gebruiklik).

B. Absolute en kwantitatiewe kwalifikatief.

a. bônê bôtlhê / bôtlhê bônê,

b. tsônê tsôtlhê / tsôtlhê tsônê (omstelling nie gebruiklik).

C. Aanwysende en kwantitatiewe kwalifikatief.

a. bôtlhê bao / bao bôtlhê,

b. tsôtlhê tsê / tsê tsôtlhê (omstelling nie gebruiklik).

Dit wil voorkom of die aanwysende kwalifikatief hier na analogie van sy funksieverandering by die verskillende relatiewe konstruksies nie meer primêr aanwysend is nie maar as 'n relatiewe skakel by Kgatla aangewend word, byvoorbeeld bathô ba bôtlhê / bathô bô bôtlhê, dipholo tsê tsôtlhê / dipholo tsô tsôtlhê.

D. Samestellings.

'n Opeenhoping van kwalifikatiewe is nie gebruiklik nie omdat dit 'n lomp konstruksie uitmaak en in die meeste gevalle nie nodig is nie.

a. tsônê tsôtlhê tsê /

b./.....

b. tsôtlhê tsônê tsê

c. tsê tsônê tsôtlhê

d. tsê tsôtlhê tsônê.

Die kwalifikatiewe is almal konkordiaal verbonde aan die aanwesige of afwesige naamwoord, m.a.w. naamwoorde word morfologies-morfematies deur dieselfde morfeem (wat ooreenkom met die onderwerpsmorfeem) in die voornaamwoorde gekontinueer. Sodra dit gebeur, is omstelling moontlik, dit wil sê sintaktiese inversie kan plaasvind. So maak die onderwerps- en voorwerpsmorfeem dit moontlik dat woorde en woordgroepe wat as onderwerp of voorwerp fungeer, willekeurige posisies ten opsigte van die predikaat kan inneem.

'n Ander aspek van woordinversie (en woordgroepinversie) is emfase of semantiese beklemtoning. Dié aspek sal eers 'n verduideliking en beskrywing regverdig nadat al die woordgroepe behandel is, sodat 'n herhaling van dieselfde feite vermy kan word.

24.2. Onderskikkende woordgroepe.

Binne 'n onderskikkende woordgroep word in Tswana ander (gewoonlik eksosentriese) woordgroepe ingesluit, met die gevolg dat hulle twee kerns insluit. 'n Hoofkern, wat die kern van die hele groep is, en 'n subkern, wat weer die hoofkern van die ingeslote woordgroep is. In die woordgroep monna wa motse wô mogolo, is monna die hoofkern, wa die subkern dog die hoofkern van die groep wa motse wô mogolo, motse die subkern, dog weer die hoofkern van motse wô mogolo, wô die subkern maar weer die hoofkern van wô mogolo. In monna ênê wa motse het ons weer twee hoofkerns, naamlik monna en ênê. Gevolglik moet ons die onderskikkende woordgroepe indeel in eenkernige onderskikkende en meerkernige onderskikkende woordgroepe.

24.2.1. Eenkernige onderskikkende woordgroepe.

'n Verdere indeling volgens die woordklas van die

kern/....

kern word hulle weer ingedeel in:

24.2.1.1. Naamwoordelike woordgroep.

A. Naamwoord en 'n relatiewe adjektiewe woordgroep.

a. lefika lê letona / lê letona lefika,

b. motho yô mogolo / yô mogolo motho.

B. Naamwoord en 'n relatiewe naamwoordelike woordgroep.

a. selêpê sê se bogale / sê se bogale selêpê;

b. diaparô tsê di meetse / tsê di meetse diaparô;

c. logong lô lo bokete / lô lo bokete logong;

d. dipelesa tsê di kwa masemo / tse di kwa masemo dipelesa.

C. Naamwoord en 'n relatiewe werkwoordelike woordgroep.

a. dikgômo tsê di-fulang / tsê di-fulang dikgômo;

b. nku ê e-leng kwa 'sakêng.

D. Naamwoord en 'n possessiewe woordgroep.

a. mosadi wa monna / wa monna mosadi;

b. dikgômo tsa balemi bao.

24.2.1.2. Voornaamwoordelike kwalifikatiewe woordgroepe.

A. Aanwysende kwalifikatief en die relatiewe en possessiewe woordgroepe.

a. bao ba banyane (bannye) / ba banyane bao;

b. sêo sê se kwa moragô / sê se kwa morago sêo;

c. tsêo tsê di-fulang / tsê di-fulang tsêo;

d. sê sa gagwê / sa gagwê sê.

B. Absolute kwalifikatief en die relatiewe en possessiewe woordgroepe.

a. ênê ô mogolo / ô mogolo ênê;

b. ônê a a bothithô / a a bothithô ônê;

c. bônê ba ba-rapêlang / ba ba-rapêlang bônê;

d. sônê sa gagwê.

C. Kwantitatiewe kwalifikatief en die relatiewe en possessiewe woordgroepe.

a. bôtlhê ba bannye / ba bannye bôtlhê;

b. tsôtlhê tsê di kwa moseja / tsê di kwa moseja tsôtlhê;

c./.....

c. bôtlhê ba ba-ruilêng / ba ba-ruilêng bôtlhê;

d. bôtlhê ba lokeisene yêo / ba lokeisene yêo bôtlhê.

24.2.2. Meerkernige onderskikkende woordgroepe.

Hiermee word bedoel dat ten minste twee van die aantal kerns van die onderskikkende woordgroep dieselfde sintaktiese gebruiksmoontlikhede het as die woordgroep. In die woordgroep /monna ênê wa motse wô mogolo/ is monnâ en ênê respektiewelik die twee kerns.

Wanneer 'n endosentriese neweskikkende woordgroep saam met 'n eenkernige of meerkernige of kompleks meerkernige eksosentriese woordgroep gebruik word, is die woordgroep 'n homogeen meerkernige endosentriese onderskikkende woordgroep. Hier vind ons dus talle tipes van woordgroepsamestellings. Alleen die eksosentriese possessiewe, relatiewe en assosiatiewe woordgroepe kan hier as basis gebruik word, omdat hulle 'n valensie vir naamwoorde en voornaamwoorde het en die ander partikelgroepe nie (laasgenoemde het egter valensie met werkwoorde).

24.2.2.1. Naamwoordelike meerkernige onderskikkende woordgroepe.

Hulle bestaan, soos reeds gesê, uit neweskikkende woordgroepe en die eksosentriese woordgroepe (kyk nr. 23.1 en 23.2 van hierdie hoofstuk).

Hier volg 'n paar voorbeelde van die groot aantal woordgroepe wat so gevorm kan word:
monna ênê wa gagwê / monna ênê yô o-ruilêng / dipudi tsôtlhê tsê di kwa pele / dijô tsê tsê dinntsi, ntšha yê ya mosemane yôo / monna ênê wa motse wô mogolo/ bana bôtlhê ba yô monyane/.

24.2.2.2. Voornaamwoordelike meerkernige onderskikkende woordgroepe.

Hulle word gevorm deur 'n samestelling van die voornaamwoordelike neweskikkende woordgroepe en die eksosentriese woordgroepe, byvoorbeeld bônê bao ba bathata / tsônê/......

tsônê tsêlê tsa me / ênê ôo ô o mô tselêng / bao bôtlhê ba ntlo yê / sônê sê sê segolo sa monna wa motse / ens.

25. Eksosentriese woordgroepe.

Hieronder word verstaan daardie woordgroepe waarvan die kern nie selfstandig die funksie van die woordgroep kan verrig nie of, anders gestel, waarvan die sintaktiese funksie nie ooreenkom met enige afsonderlike lid daarvan nie. In die woordgroepe tsa mosadi ênê yô / yô o bogale, is tsa en yô respektiewelik die kerns daarvan, omdat hulle die besondere possessiewe en kwalifikatiewe karakter aan die woordgroepe gee.

Op grond van die aantal kerns word die volgende soorte eksosentriese woordgroepe onderskei.

25.1. Eenkernig eksosentries.

25.1.1. Die relatiewe partikelgroep.

Hierdie groep word soos volg ingedeel op grond van die aard van die periferale lede:

A. Die lid is 'n naamwoordelik gestruktureerde naamwoordstam. Dit word gewoonlik die adjektiewe konstruksie genoem: Tsê dintsi/ ba bannye/ lô logolo/ yô montlê.

B. Die lid is 'n kwalifiserende naamwoord of bywoord (of bywoordelike woordgroep) voorafgegaan deur die kopulatiewe bepalende partikel, byvoorbeeld ba ba bogale / lê le botlhoko / tsê di gaufi / ê e kwa morago ga ntlo /.

C. Die lid is 'n werkwoord in die relatiewe modus, byvoorbeeld tsê di-fulang bojang jô botala / sê se-tla- nna (ng) bogale / yô o-dirang thata. (Hier kan die werkwoord ook sy eie voorwerp en bywoordelike bepalings hê.)

Die konstruksies voorgestel deur tsê di gaufi, met ander woorde die wat 'n bywoord of bywoordelike woordgroep as basis het, bestaan nie in Noord-sotho nie en word met 'n werkwoordelike relatiewe konstruksie vervang, byvoorbeeld tsê di-leng kgaufi.

25.1.2. Die possessiewe partikelgroep.

Net soos die relatiewe partikel is die possessiewe partikel morfematies meerledig gestruktureer:

A. Die periferale lid is 'n naamwoord, byvoorbeeld tsa mosemane / wa motse / sa ngwana / ens.

B. Die periferale lid is 'n voornaamwoord, byvoorbeeld wa gagwê, ya sêo / ba ôtlhê / ens.

C. Die periferale lid is 'n infinitief (met bywoordelike uitbreidings ens.), byvoorbeeld wa go-ithuta thata / sa go-jewa / ba go-disa dikgômo kwa masemong.

25.1.3. Die assosiatiewe partikelgroep.

Dit het dieselfde periferale lede as die possessiewe partikel (behalwe die possessiewe voornaamwoorde), byvoorbeeld le mosemane / le batho / le sônê / le ôtlhê / ens.

25.2. Meerkernig eksosentries.

Hierdie woordgroepe sluit endosentriese woordgroepe in wat weer hulle eie kerns het. Hulle word onderverdeel in die volgende twee groepe.

25.2.1. Eenvoudig meerkernig eksosentries.

Hiermee word bedoel dat die woordgroepe partikels as hoofkerns het maar waarvan die subkerns (dit wil sê die hoofkerns van die ingeslote groepe) nie partikels is nie.

A. Possessiewe partikelgroepe.

Alle neweskikkende en een- en meerkernige onderskikkende woordgroepe kan hier as basis vir die possessiewe partikel gebruik word. Ons gee net 'n paar voorbeelde van al die moontlike struktuurvorme aangesien dit maklik herleibaar is:

sa monna yô / tsa bao bôtlhê / wa selêpê sê se bogale / ya ênê ô monnye / la sônê sê setala / ya monna ênê wa motse / a dikgômo tsôtlhê tse dintsi / tsa bônê bao ba ba botlhale /

B./.......

B. Assosiatiewe partikelgroepe.

Die assosiatiewe partikel het dieselfde basis as die possessiewe partikel, byvoorbeeld le monna yôo / le bao bôtlhê / le selêpê sê se bogale / le ênê ô monyane / le monna ênê wa motse / le dikgômo tsôtlhê tsê dintsi / ens.

Die relatiewe partikel is hier uitgesluit omdat dit nie die kern van endosentriese en ander eksosentriese woordgroepe kan wees nie. Ons moet dus voorlopig aanneem dat die possessiewe en assosiatiewe partikels 'n groter hiërargie het as die relatiefpartikel.

25.2.2. Kompleks meerkernig eksosentries.

Hiermee word bedoel dat die woordgroep 'n partikel as hoofkern het en waarvan die subkern (dit wil sê die hoofkern van die ingeslote groep) ook 'n partikel is. Gevolglik moet ons die hiërargie van partikels in aanmerking neem. Hulle volg mekaar op in 'n bepaalde volgorde: die relatiewe partikel het nie hiërargie oor die possessiewe en assosiatiewe partikel nie; die possessiewe partikel het hiërargie oor die relatiewe partikel; die assosiatiewe partikel het hiërargie oor beide die possessiewe en relatiewe partikel.

Die verskil tussen die eenvoudige en die komplekse meerkernige eksosentriese woordgroepe kom dus hierop neer dat eersgenoemde neweskikkende en onderskikkende woordgroepe as basis kan hê, terwyl laasgenoemde weer eksosentriese woordgroepe as basis het.

25.2.2.1. Die possessiewe partikelgroep.

Dit kan die volgende groepe as basis hê:

A. 'n eenkernige eksosentriese relatiewe woordgroep as basis: wa lô logolo / ya ba ba bogale / sa yô o-dirang thata;

B. 'n een- of meerkornige possessiewe woordgroep as basis: lwa ya me / ya wa yêo / ya wa monnamogolo yô / (nama) ya (nku) ya monna ênê wa motse wô mogolo / ens.

25.2.2.2./.......

25.2.2.2. Die assosiatiewe partikelgroep.

Dit kan die volgende groepe as basis hê:

A. 'n relatiewe partikelgroep as basis:

le ba bannye / le tsê di mahura / le yô o-dirang thata /;

B. 'n een- of meerkernige eksosentriese possessiewe woordgroep as basis:

le wa motse / le sa gagwê / le tsa bôtlhê / le sa monna yôo / le la sônê sê setala / le a dikgômo tsôtlhê tsê dintsi / ens;

C. 'n kompleks meerkernige eksosentriese possessiewe woordgroep as basis:

le wa lô logolo / le ya ba ba bogale / le lwa ya me / le ya wa monna ênê ô mogolo /.

Ons vind geen kompleks meerkernige eksosentriese relatiewe partikelgroepe nie, omdat die relatiewe partikel geen hiërargie oor ander partikels het nie.

Wanneer die eksosentriese bywoordelike woordgroepe bespreek word, sal onder meer weer aandag aan die skrywing van "partikels" gegee word.

Ons meen dat in dié afdeling 'n aanduiding gegee is van 'n aantal woordgroepsoorte met hulle verskeie strukture, wat as onderwerpe en as voorwerpe in die enkelvoudige predikatiewe sin kan fungeer.

AFDELING TWEE. WOORDGROEPE AS BYWOORDELIKE BEPALINGS.

In hierdie afdeling word woordgroepe ondersoek wat 'n adverbiale (bywoordelike) funksie het. Hulle moet dus verband vertoon met predikatiewe.

Bywoorde is in Tswana nie 'n homogene woordklas nie. Die oorgrote meerderheid is eintlik naamwoorde met die sintaktiese funksie van bywoorde, en 'n paar waarvan die herkoms nie met sekerheid vasgestel kan word nie, byvoorbeeld ruri, gape, ens. Die lokatiewe naamwoorde is volgens funksie bywoorde, maar volgens hulle morfologiese gestruktureerdheid/......

reerdheid is hulle duidelik outonome naamwoorde. Dieselfde kan gesê word van die lokatiewe naamwoorde met die suffiks -ng (met sy fonologies-gekondisioneerde variante -êng / -nyeng).

Ziervogel sê in sy proefskrif, Lokatiefvorming met pre- en suffikse in die Bantoetale (19?), par. 129, bl. 57, die volgende: "Die vorm van die woord druk ook, soos ons opgemerk het, die psigologiese kategorie waarin sodanige woord val, uit. Waar die betekenis van die lokatiewe nomen in die Indo-Europese tale met die hulp van bywoorde en voorsetsels moet weergegee word, kan ons dit nie daarmee gelykstel nie, want dit bly nogtans 'n nomen vir die Bantoe." (Vgl. ook a.w., par. 194).

Vir die sintaktikus bly dit egter 'n uitgemaakte saak dat die onderhawige naamwoorde met hulle voornaamwoorde nie net as onderwerp/voorwerp van 'n predikaat kan fungeer nie maar ook 'n adverbiale funksie kan verrig. In die sin teng ga thola (go-a-galaka), verrig dit 'n onderwerpsfunksie. In (ke-batla go-rêka) golô mô gontle het dit 'n voorwerpsfunksie. Maar die feit dat hierdie tipe woorde en woordgroepe soms nie in die predikaat deur die onder- of voorwerpsmorfeem (go, -go-) gekontinueer kan of gekontinueer hoef te word nie, dui daarop dat hulle in 'n ander verhouding tot die predikaat staan. In die volgende sin kan dit duidelik gesien word: ke-di-beilê/moragô ga ntlo/. Of die Bantoe die woordgroep /moragô ga ntlo/ bloot as 'n suiwer naamwoordelike woordgroep beskou òf as 'n bywoordelike woordgroep van plek, val moeilik te bewys.

Op al die aspekte van die naamwoorde, voornaamwoorde en morfeme van die lokatiefklasse ten opsigte van morfologiese gestruktureerdheid, dubbelslagtigheid, devaluering, funksieverandering ens., sal ons nie ingaan nie. Die probleem by dié woordgroepe in endosentriese konstruk-

sies/.......

sies lê by die benoeming daarvan volgens die woordklas. Gerieflikheidshalwe sal ons woordgroepe waarvan die kernlid (kernlede) 'n lid (lede) is van die lokatiefklasse, naamwoordelik- of voornaamwoordelik-adverbiale (-bywoordelike) woordgroepe noem en die woordgroepe waarvan 'n naamwoord in die lokatief die kernlid is, naamwoordelik-lokatiewe of net lokatiewe adverbiale woordgroepe. Die benoeming van die eksosentriese adverbiale woordgroepe lewer geen probleme nie.

26. Endosentriese woordgroepe.

26.1. Neweskikkende woordgroepe.

26.1.1. Naamwoordelik-adverbiale woordgroepe.

A. Naamwoord en 'n absolute kwalifikatief:

gônê moragô / gônê godimo /;

B. naamwoord en 'n aanwysende kwalifikatief:

mô godimo / kwa moragô / fa pele /;

C. naamwoord en 'n kwantitatiewe kwalifikatief:

gôtlhê godimo / gôtlhê moragô;

D. naamwoord en twee voornaamwoorde:

gônê kwa moseja / gôtlhê fa fatshe / gône kwa môragô /.

Let op die herhaling van die aanw. kwat, byvoorbeeld /kwa morago kwa/, /mô godimo mô/, ens.

26.1.2. Voornaamwoordelik-adverbiale woordgroepe.

A. Absolute en kwantitatiewe kwalifikatief:

gonê gotlhê;

B. absolute en 'n aanwysende kwalifikatief:

gônê kwa / gônê fa /;

C. kwantitatiewe en aanwysende kwalifikatief:

gôtlhê mô / gôtlhê kwa.

26.1.3. Naamwoordelik-lokatiewe adverbiale woordgroepe.

Die lede van hierdie woordgroepe bestaan uit lokatiewe naamwoorde en die voornaamwoorde van die lokatiefklasse, byvoorbeeld mô motseng / kwa nagêng / gônê kwa dithabêng / gôtlhê kwa dithabêng/.

26.2./.......

26.2. Onderskikkende woordgroepe.

26.2.1. Eenkernig onderskikkend.

Die kernlid is 'n naamwoord in die lokatiefklasse of 'n voornaamwoord in die lokatiefklasse, of 'n lokatiewe naamwoord. Die basisse is die eksosentriese een- of meerkernige possessiewe, relatiewe en lokatiewe woordgroepe.

26.2.1.1. Naamwoordelik-adverbiale woordgroepe.

Hulle bestaan uit 'n naamwoord in die lokatiefklasse (byvoorbeeld moragô, godimo, moseja) of 'n naamwoord wat soos dié van die lokatiefklasse fungeer en dié se skakels neem (byvoorbeeld moseja, thokô, ens.) as kern en 'n eksosentriese een- of meerkernige possessiewe woordgroep (met kern die possessiewe partikel ga as basis, byvoorbeeld morago ga ntlo / godimo ga setilô / moseja ga(wa) noka/ moragô ga ntlo yêo ya molemi wa motse / ens.

26.2.1.2. Voornaamwoordelik-adverbiale woordgroepe.

Hulle bestaan uit 'n voornaamwoord in die lokatiefklasse as kern en 'n eksosentriese een- of meerkernige possessiewe ga of lokatiewe go woordgroep as basis. Ons gee hier 'n paar verteenwoordigende voorbeelde uit al die moontlike strukture: kwa ga kgôsi / mô go ênê monna ôo / fa go ya batho bao / ens.

26.2.1.3. Naamwoordelik-lokatiewe adverbiale woordgroepe.

Hulle bestaan uit 'n lokatiewe naamwoord as kern met alle eksosentriese een- en meerkernige possessiewe woordgroepe en die relatiewe woordgroepe as basis, byvoorbeeld masemong a molemi / dithabêng tsê dikgolo tsêo / ntlong ya yô o pelo-nomi / ens. Voornaamwoorde en neweskikkende voornaamwoordelike woordgroepe kan ook as basis dien, byvoorbeeld tafoleng yê / bosigong jônê jôo / nokêng yônê, ens. Die groep /nagêng yê / is dus onderskikkend terwyl /naga yê/ neweskikkend is.

26.2.2. Meerkernig onderskikkend.

Hulle word gestruktureer uit die endosentriese neweskikkende adverbiale woordgroepe met die eksosentriese een- en meerkernige possessiewe en lokatiewe woordgroepe en die relatiewe woordgroepe as basis.

26.2.2.1. Naamwoordelik-adverbiale woordgroepe:

gônê moragô ga ntlo yêo / fa pele ga me / gônê kwa moseja ga noka /.

26.2.2.2. Voornaamwoordelik-adverbiale woordgroepe:

gônê kwa ga Rampane / gônê fa go nna / gôtlhê mô go batho bano / ens.

26.2.2.3. Naamwoordelik-lokatiewe adverbiale woordgroepe:

mô motseng ô mogolo / kwa ntlong ya me / mô polaseng ya monna ênê ô o siamêng / ens.

Daar bestaan 'n noodsaaklike keuse ten opsigte van die distribusie van die basisse van een- en meerkernige onderskikkende adverbiale woordgroepe. Die een- en meerkernige onderskikkende naamwoordelik-adverbiale woordgroepe het possessiewe ga woordgroepe as basis. Een- en meerkernige onderskikkende voornaamwoordelik-adverbiale voorgroepe neem possessiewe en lokatiewe partikelgroepe as basis, terwyl die een- en meerkernige onderskikkende naamwoordelik-lokatiewe woordgroepe alle possessiewe en relatiewe partikelgroepe as basis neem. (In die gevalle van die naamwoorde gaufi, golê, kgakala, mmôgô, kan die assosiatiewe woordgroep as alternatief gebruik word, byvoorbeeld gaufi le noka / kgakala le motse wô mogolo / mmôgô le nna / ens.)

Die aanwysende kwalifikatiewe mô, fa, en kwa kan, net soos dié van die ander klasse, in dieselfde woordgroep herhaal word, byvoorbeeld kwa motseng kwa, môo dithabêng môo, mô teng mô / ens. (Vgl. Cole, a.w. bl. 353).

27. Eksosentriese woordgroepe.

27.1. Kerns.

Dit is woordgroepe waarvan geen lid dieselfde sintaktiese funksie kan verrig of dieselfde gebruiksmoontlikhede het van die groep waarvan dit lid is nie. Hier is dus geen neweskikking of onderskikking aan 'n kern of kerns nie.

In die woordgroep /monna wa motse wô/ is monna die kern, maar in /go monna wa motse wô/, is go die kern, aangesien dit die gebruiksfunksies van die woordgroep bepaal, alhoewel dit nie selfstandig soos monna kan optree nie.

Die kwessie van kerns en periferale lede (allerlei bepalings) is nog nie voldoende in die algemene taalkunde en in verskeie tale ondersoek nie. Afgesien van wat reeds oor kerns in die vorige hoofstukke gesê is, kan hoofkerns ook soos volg ingedeel word:

27.1.1. Selfstandige kerns.

a. Hulle is die kerns van endosentriese woordgroepe.

b. Hulle is die sentrale lede van woordgroepe waarom ander woorde of woordgroepe as periferale lede gegroepeer word.

c. Hulle het selfstandig dieselfde sintaktiese gebruiksmoontlikhede as die woordgroep waarvan hulle die kerns is. Die ander lede is dus weglaatbaar.

d. Hulle kan subkerns wees van eksosentriese woordgroepe.

e. Die oorgrote meerderheid selfstandige kerns is omstelbaar met hulle periferale lede (soos in die volgende hoofstuk sal blyk).

f. Hulle is altyd naamwoorde, voornaamwoorde, werkwoorde en bywoorde.

27.1.2. Onselfstandige kerns.

a. Hulle is die kerns van eksosentriese woordgroepe.

b./......

b. Hulle is die sentrale lede waarby ander woorde en woordgroepe gegroepeer kan word.

c. Hulle het geen selfstandige sintaktiese funksie nie. Die periferale lede is dus onweglaatbaar. Hulle gee dus onselfstandig die funksie van die woordgroep aan.

d. Hulle kan subkerns wees van endosentriese woordgroepe.

e. Hulle word nie deur die periferale lede gekwalifiseer of bepaal nie, maar die groep as sodanig bepaal 'n ander woord of woordgroep buite of binne die woordgroep. (In laasgenoemde geval is net die possessiewe en die relatiewe partikelgroepe van toepassing.)

f. Onselfstandige kerns is nie omstelbaar met hulle periferale lede nie.

g. Die volgende woordsoorte kan as eksosentriese kerns fungeer:

  a. partikels:

    aa. non-adverbiaal:

      i. possessiewe en relatiewe partikels,

      ii. kopulatiewe partikels;

    bb. adverbiaal:

      i. die instrumentaal-adverbiale, die lokatiewe en die assosiatiewe partikels,

      ii. die possessiewe en relatiewe partikels van die lokatiefklasse;

  b. voegwoorde.

  c. Hulpwerkwoorde en kopulatiewe werkwoorde.

Die kerns van die endosentriese en die eksosentriese woordgroepe verskil dus in sintaktiese en semantiese opsig. Kerns van laasgenoemde groepe moet dus altyd in teenwoordigheid van ander woorde fungeer.

Aangesien voegwoorde, wat ook geen homogene woordklas is nie, op die vlak van die meerledige of saamgestelde sin val, word hulle vir verdere bespreking buite

rekening/....

rekening gelaat. Die partikels word vervolgens bespreek aangesien hulle woorde en woordgroep inflekteer wat nie werkwoorde is nie en wat ook nie werkwoorde (predikate) bevat nie.

27.2. Eenkernige eksosentriese woordgroepe.

27.2.1. n Instrumentaal-adverbiale (bywoordelike) woordgroepe.

Die kern is ka. In Afrikaans word dit vertaal met met, deur middel van, met behulp van, deur. Dit word gebruik saam met:

A. naamwoorde:

ka selêpê / ka nonohô / ka malatsi / ka maitsiboa (?)/;

B. kwalifikatiewe voornaamwoorde (uitgesonderd die possessiewe):

ka sônê / ka sê / ka bôtlhê /.

(Let op die onderskikking by /ka kwa(mô) / ka gôtlhê/.)

27.2.2. Lokatiewe (adverbiale) woordgroepe.

Dit word gebruik saam met die volgende woordklasse.

A. naamwoorde (alleen met eiename en naamwoorde wat persone aandui):

go rrê / go malome / go barutabana / go Rramokôkô /;

B. kwalifikatiewe voornaamwoorde (uitgesonderd die possessiewe):

go sônê / go ênê / go balê / go bôtlhê /.

Dit kan ook nie saam met die voornaamwoorde van die lokatiefklasse gebruik word nie.

27.2.3. Assosiatiewe adverbiale woordgroepe.

Dit het valensie met dieselfde woordklasse as die vorige twee partikels:

A. naamwoorde:

le dintša(dimpša) / le thipa / le dikgômo /;

B. voornaamwoorde (behalwe die possessiewe):

le ênê / le bao / le bôtlhê /.

Aangesien die assosiatiewe woordgroepe sowel "substantiwies" asook adverbiaal kan fungeer, moet sekere

aanduidings/......

aanduidings in sintaktiese opsig gevind word waar hulle adverbiaal fungeer. Ons bespreek hierdie aspek aan die hand van die volgende voorbeelde. Ke-tla-disa le basemane / Ke-tla-disa le basemane dikgômo/ Ke-tla-disa dikgômo le basemane.

In die eerste voorbeeld mag die funksie van /le basemane/ dubbelsinnig wees, dit wil sê dit kan as voorwerp van die predikaat fungeer of as adverbiale bepaling. (Die valensie met die predikaat is dus òf voorwerplik òf adverbiaal.)

In die tweede voorbeeld het /le basemane/ 'n adverbiale funksie. In die laaste voorbeeld blyk die funksie van die woordgroep ook dubbelsinnig te wees, sodat die sin soos volg ontleed kan word: /(ke-tla-disa (dikgômo)/ le basemane/ of /(ke-tla-disa/ (dikgômo le basemane)/.

In die volgende gevalle het die assosiatiewe woordgroepe 'n adverbiale valensie.

a. Die primêrê vereiste is dat die woordgroep nie in die predikaat met die onderwerps- of voorwerpsmorfeem gekontinueer kan word nie.

b. As daar eksosentriese instrumentaal-adverbiale en lokatiewe partikelgroepe in die assosiatiewe woordgroepe ingesluit is, het die groep 'n adverbiale funksie, byvoorbeeld /ba-mo-tlhabilê le ka marumô/.

c. Dit moet na die werkwoord verskyn, byvoorbeeld ba-tsamailê le noka.

d. By (dubbel)oorganklike werkwoorde mag die groep as òf 'n voorwerp òf 'n bepaling geïnterpreteer word, dog indien daar twee voorwerpe (uitgesonderd die le-groep) verskyn, is dit 'n adverbiale woordgroep, aangesien dit dan as moontlike voorwerp geneutraliseer word, byvoorbeeld /ke-tla-di setsa le dintša, banna, dikgômo / ke-tla-disa le dintša dikgômo/. Wanneer dit egter na die voorwerp(e)

verskyn,/......

verskyn, mag die interpretasie weer dubbelsinnig wees.

e. Saam met onoorganklike werkwoorde is die funksie van die groep natuurlik adverbiaal, byvoorbeeld /o-tlogilê le dinku/.

f. By oorganklike werkwoorde (sonder die applikatiewe -êla) hang die sintaktiese funksie van die groep af van die logiese verbande tussen die werkwoord en die ander lede, byvoorbeeld in /re-tla-disa le wêna dikgômo/ is /le wêna/ 'n adverbiale woordgroep, maar in /re-tla-naya le wêna madi/ kan dit ook 'n voorwerp wees.

Dit skyn asof die assosiatiewe adverbiale woordgroepe eerste na die werkwoord geplaas word, dit wil sê voor die voorwerpe en die ander adverbiale bepalings.

27.2.4. Possessiewe adverbiale woordgroepe.

Dit word gevorm met die possessiewe partikel ga, en word gebruik saam met die volgende woordklasse:

A. naamwoorde:

ga kgôsi / ga malome / ga Rramoragô / ens.;

B. kwalifikatiewe voornaamwoorde:

ga rona / ga êno = gêno / ga bônê = gabô / ga etšho = gêtšho / ga bao / ga bôtlhê.

27.3. Meerkernige eksosentriese adverbiale woordgroepe.

27.3.1. Eenvoudig meerkernige eksosentriese adverbiale woordgroepe.

Dit is woordgroepe wat 'n partikel as kern het en waarbinne neweskikkende en onderskikkende woordgroepe ingesluit is (kyk par. 26 van hierdie hoofstuk). Ons gee hier net 'n aantal verteenwoordigende voorbeelde, aangesien al die moontlike struktuurvorme maklik herleibaar is.

27.3.1.1. Instrumentaal-adverbiale woordgroepe:

ka selêpê sê / ka sônê sêo / ka thipa ya me / ka thipa ya ya gago / ka dipholo tsê di-nonneng tsa ga rrê / ens.

27.3.1.2. Lokatiewe woordgroepe:

go ênê / go batho bôtlhê / go monna yôo wa motse ô mogolo / go batho ba motse / ens.

27.3.1.3. Possessiewe adverbiale woordgroepe:

ga rona / ga Rralotlhaka wa Lehututu / ga ênê ôo ô monnye / ga molemi wa masemo ao / ens.

27.3.1.4. Assosiatiewe adverbiale woordgroepe.

Benewens die hierbo genoemde neweskikkende en onderskikkende woordgroepe kan dit ook die newe- en onderskikkende adverbiale woordgroepe as basis hê:

le batho bôtlhê bao / le gône kwa / le mosemane yô wa go-disa dikgômo / le ngwana yô montle / ens.

27.3.2. Kompleks-meerkernige eksosentriese adverbiale woordgroepe.

Dit is woordgroepe met 'n partikel as kern en wat eenkernige, 'n eenvoudig-meerkernige of ander kompleks-meerkernige woordgroepe as basis het. Hier moet derhalwe aandag gegee word aan die hiërargie van partikels. Dit word in paragraaf 28 hieronder gedoen.

27.3.2.1. Instrumentaal-adverbiale woordgroepe:

ka ya gago / ka yê e kwa morago / ka tsa monna yôo / ka la boraro / ens.

27.3.2.2. Lokatiewe adverbiale woordgroepe.

go wa me / go ba ba botlhale / go sa wa batsadi bao / ens.

27.3.2.3. Possessiewe adverbiale woordgroepe:

ga wa gago ('n woordgroep soos sa ga rrê is nie 'n adverbiale woordgroep nie, waardeur aangedui word dat die possessiewe partikel sa in hierdie geval 'n hierargie bo die possessiewe partikel ga.

27.3.2.4. Assosiatiewe adverbiale woordgroepe:

le ya me / le wa yô mogolo / le ba bannye ba motse / le go tsa gago / le go ênê mosemane yôo wa go-disa dikgômo / le ka marumô aô a a bogale / ens.

Hierdie kort beskrywing van die eksosentriese en endosentriese woordgroepe gee 'n aanduiding van die ingewikkeld-

heid/.....

heid en kompleksheid van woordgroepe. Ons glo dat die prentjie van die onderhawige woordgroep nog geensins volledig is nie en dat ander benaderings heelwaarskynlik iets nuuts mag bring.

Dié afdeling word afgesluit met die ontleding van die volgende woordgroep (die hoofkern word tussen hakies geplaas):

a. (le) ka tsa monna yôo wa motse wa kgôsi yê kgolo,
d.i. 'n eksosentriese kompleks-meerkernige assosiatiewe adverbiale (of suiwer assosiatiewe) woordgroep;

b. (ka) tsa monna yôo wa motse wa kgôsi yê kgolo,
d.i. 'n eksosentriese kompleks-meerkernige instrumentaal-adverbiale woordgroep;

c. (tsa) monna yôo wa motse wa kgôsi yê kgolo,
d.i. 'n eksosentriese eenvoudig-meerkernige possessiewe woordgroep;

d. (monna yôo) wa motse wa kgôsi yê kgolo,
d.i. 'n endosentriese onderskikkende homogeen-meerkernige naamwoordelike woordgroep;

e. (wa) motse wa kgôsi yê kgolo,
d.i. 'n eksosentriese eenvoudig-meerkernige possessiewe woordgroep (vgl. nr. c.);

f. (motse) wa kgôsi yê kgolo,
d.i. 'n endosentriese eenkernig-onderskikkende naamwoordelike woordgroep;

g. (wa) kgôsi yê kgolo,
d.i. 'n eksosentriese eenvoudig-meerkernige possessiewe woordgroep (vgl. nr. c en e.);

h. (kgôsi) yê kgolo,
d.i. 'n endosentriese eenkernig-onderskikkende naamwoordelike woordgroep (vgl. nr. f.);

i. yê kgôlo,
d.i. 'n eksosentriese eenkernige relatiewe woordgroep.

Voordat/.....

Voordat ons met die bespreking van die predikatiewe woordgroepe begin, wil ons 'n paragraaf wy aan elk van die volgende: "Die hiërargie van partikels" en "Morfeem of partikel?"

28. <u>Die hiërargie van partikels.</u>

Uit die vorige paragrawe het dit geblyk dat partikels mekaar lineêr in tyd kan volg, dit wil sê mekaar onmiddellik opvolg binne een woordgroep. Terselfdertyd blyk daar 'n bepaalde rangorde tussen hulle te wees. So beskou moet ons tot die gevolgtrekking kom dat hulle valensie (verbindingsmoontlikheid van een woordklas met 'n ander) ten opsigte van mekaar verskil.

By die bespreking word die identifiserende en die definiërende kopulatiewe partikels hierby ingesluit. (Hulle word uitvoeriger in die volgende afdeling bespreek. (bl.77.) )

A. <u>Die hiërargie van die instrumentale partikel.</u>

Dit het hiërargie oor die possessiewe en relatiewe partikels:

a. <u>ka sê se bogale</u>,

b. <u>ka sa wa molemi</u>,

B. <u>Die hiërargie van die lokatiewe partikel.</u>

Dit het soos <u>ka</u> hiërargie oor die possessiewe en relatiewe partikels:

a. <u>go ba motse</u>,

b. <u>go yô montle</u>.

C. <u>Die hiërargie van die possessiewe partikel.</u>

Dit het hiërargie oor die possessiewe en relatiewe partikels en in uitsonderlike gevalle oor <u>ka</u>:

a. <u>lwa ya me</u>,

b. <u>a yô o-nnang teng</u>,

c. <u>wa ka metlha</u>,

D. <u>Die hiërargie van die assosiatiewe partikel.</u>

Dit besit hiërargie oor die instrumentaal-adverbiale,

die/....

die lokatiewe, die possessiewe en die relatiewe partikels:

a. le ka marumô,

b. le go nna,

c. le wa me,

d. le tsê dilêêlê.

E. Die hiërargie van die bepalende kopulatief.

Dit het hiërargie oor die lokatiewe partikel en in bepaalde gevalle oor die possessiewe (dié van die lokatief-klasse) en die instrumentaal-adverbiale partikel:

a. di go molemi yôo,

b. di ga Rramolêllê,

c. ba ka moragô ga ntlo (vgl. Cole, a.w. bl. 356).

F. Die hiërargie van die identifiserende kopulatief.

Dit het hiërargie oor al die partikels (behalwe die definiërende of bepalende kopulatiewe partikel) dog in uitsonderlike gevalle oor die assosiërende en die lokatiewe partikel:

a. ke le wêna (vgl. e-bilê ke wêna),

b. ke ka 'ntlhâ yang?

c. ke wa monna yôo wa motse wô mogolo,

d. ke yô mogolo,

e. ke go malome.

Skematies kan die hiërargie soos volg voorgestel word:

x stel hiërargie voor.

(x) stel hiërargie in uitsonderlike gevalle voor.

(-) stel geen hiërargie voor.

| | ident.kop. | def.kop. | ass. | lok. | instr. | poss. | rel. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ident.kop. | - | - | (x) | x | x | x | x |
| def. kop. | - | - | - | x | (x) | (x) | - |
| ass. part. | - | - | - | x | x | x | x |
| lok. part. | - | - | - | - | - | x | x |
| instr.part. | - | - | - | - | - | x | x |
| poss.part. | - | - | - | - | (x) | x | x |
| rel. part. | - | (x) | - | - | - | - | - |

As/..........

As die uitsonderlike gevalle van hiërargie (outonomie) buite rekening gelaat word, is die rangorde en groepsrangorde van die partikels soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| a. ident. kop. | b. poss. part. | c. def. kop. |
| ass. part. | lok. part. | rel. part. |
| | instr. part. | |

29. Partikel of morfeem.

Aangesien hierdie aspek 'n studie op sigself vereis, volstaan ons met die volgende opmerkings daaroor.

Wat in hierdie werk as partikels, dit wil sê taaltegniese woorde beskou word, word deur verskeie Bantoeloë as prefigale morfeme aanvaar. Dit bring ons uit by die verskil in opvatting van die taalkundige terme woord en morfeem. Dit is moontlik te wyte aan die feit dat tot op hede baie min gedagtewisseling oor die teoretiese aspekte van die taalkunde onder Bantoeloë plaasgevind het en ook aan die feit dat Doke reeds in die dertiger jare sy metode van woordverdeling linguisties verantwoord het.

Hierna het verskeie skrywers variasies van Doke se woordverdeling in hulle wetenskaplike werke toegepas. 'n Besondere keuse uit hierdie metodes sal eintlik op die volgende standpunte berus: die woord en morfeem is korrelatiewe begrippe of nie korrelatiewe begrippe nie, met ander woorde die woord het outonomie of nie outonomie nie. Daar moet dus ook bewys word dat partikels nie morfeme is nie of dat sekere morfeme nie partikels (woorde) is nie.

Ons maak in hierdie studie gebruik van die siening van Van Wyk soos hy dit in sy proefskrif (kyk bibliografie) uitgewerk het.

Vir 'n bespreking neem ons die volgende voorbeelde wat geskryf is volgens die skryfwyses wat in wetenskaplike geskrifte in die Sotho-groep gebruik is.

A./........

A. <u>ke ka selêpê sa mosemane yô mogolo</u> / <u>ke ka sa yô mogolo</u> (Van Wyk in: <u>Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe</u>);

B. <u>ke-ka-selêpê sa-mosemane yô mogolo</u> / <u>ke-ka-sa-yô mogolo</u> (Ziervogel soos vir die Oos-Sotho in: <u>The Eastern-Sotho</u>);

C. <u>ke-ka-selêpê sa-mosemane yô-mogolo</u> / <u>ke-ka-sa-yô-mogolo</u> (Cole in: <u>Introduction to Tswana</u>).

Die skryfwyse in nr. B. en C. impliseer dat die terme woord, morfeem, stam, wortel geen konstante nie maar wisselende eenhede in die taal is, byvoorbeeld <u>mosemane</u>, <u>ka</u>, <u>sa</u>, <u>yô</u> (no. B) <u>mogolo</u> (no. C.)

Ten tweede word woordsoorte in mekaar geïnkorporeer, byvoorbeeld in /<u>mosemane yô</u>/ is eersgenoemde 'n naamwoord, in <u>samosemane</u> is dit deel van 'n possessief, in <u>kamosemane</u> is dit deel van 'n bywoord, in <u>kemosemane is</u> dit deel van 'n kopulatief, in <u>kasamosemane</u> is dit deel van 'n possessief wat weer deel is van 'n bywoord, ens. In <u>yô mogolo</u> is <u>yô</u> 'n relatiese skakel, in <u>sa-yô mogolo</u> is dit 'n deel van 'n possessief, in <u>ka-sa-yô mogolo</u> is dit deel van 'n possessief en 'n bywoord(?). In <u>ke-ka-sa-yô (mogolo) yô</u> en <u>ke-ka-sa-yô (yô mogolo)</u> het die demonstratief verander van 'n woord tot 'n morfeem. Dit is ook nie duidelik tot watter woordsoort <u>ke-ka-sa-yô</u> hoort en wat die funksies van die onderhawige morfeme is nie. Dieselfde met <u>sa-yô</u> in <u>sa-yô yô mogolo</u>, of in <u>sa-yô mogolo yô</u>, waar die aanwysende voornaamwoord en die relatiewe partikel beurtelings van morfeem na woord verander in dieselfde konstruksie, sonder funksieverandering.

In <u>The Eastern Sotho</u>, par. 406(2), word die possessief (die skakel) nie as prefiks van die absolute voornaamwoord verklaar nie. Tog word in Tswana (en seker ook in Oos-Sotho) heelwat gevalle aangetref waar dit wel moontlik is dat hulle naas mekaar te staan kom, byvoorbeeld <u>ya monna ênê</u> / <u>ya ênê monna en polêlô ya nna molata wa xaxo</u> (laasgenoemde voorbeeld in 2 Sam. 20:17 in die Noord-

Sotho/.....

Sotho Bybel). Sal die possessiewe partikel hier los of vas geskryf word?

Dis nie moontlik dat 'n aantal "prefikse", byvoorbeeld ke-ka-sa- en die suffiks -yô in ke-ka-sa-yô (mogolo) 'n outonome woord kan struktureer nie, tensy daar bewys kan word dat een of meer daarvan as wortel, dit wil sê as semantiese kern, kan optree.

Volgens die skryfwyse van die betrokke skrywers (uitgesonderd Van Wyk) kan woorde verander na morfeme of stamme en kan morfeme aan woordgroepe geprefigeer word in dieselfde konstruksie, byvoorbeeld in ka-selêpê sê segolo / ka-sê segolo selêpê. Dis ook nie duidelik watter woordklas ka-sê is nie. Indien dit 'n bywoord is, kan dit nie as skakel optree nie. Indien dit 'n relatiewe skakel is, is sy morfologiese strukturering vreemd en onaanvaarbaar. So het ons dieselfde besware teen wa-ya-yô (mogolo). Ook in wa-ya- yôo yô o-dirang kan wa-ya-yôo 'n possesief wees en ook die funksie hê van 'n aanwysende voornaamwoord en ka-ya-yôo is 'n bywoord met die funksie van 'n aanwysende voornaamwoord.

Dis ook onaanneemlik dat woordstamme binne een woordgroep verplaasbaar en omstelbaar is met ander lede (woorde of woordgroepe), byvoorbeeld in go-ênê monna wa-motse kan monna en wa-motse respektiewelik stamme word van go-.

Dieselfde redes wat aangevoer kan word dat partikels vas geskrywe moet word, is dan ook op voegwoorde van toepassing. As dit nie die geval is nie, op grond waarvan word hulle as outonome woorde beskou maar partikels as morfeme? In wa-batho bao ba-ba-tlilêng kan fa (voegwoord) ewe goed soos wa- aan batho geskryf word en dan daarmee fa-batho as voegwoord beskou.

Om welke rede(s) prof. Ziervogel die relatiewe skakel los skryf en al die ander betwisbare gevalle (soos dié wat

ons/.....

ons partikels noem) vas, en dit terwyl eersgenoemde die laagste in rangorde is, is nie duidelik nie. En is die redes wat aangevoer word dat die "onderwerp- en voorwerpskakels", asook die ander morfeme van die werkwoord inderdaad morfeme is, ook op alle ander gevalle van toepassing?

Hierdie uiteenlopende opvattings oor die term morfeem, sy funksie en vorm, sal 'n morfologiese en sintaktiese studie ingrypend beïnvloed. Omdat die semi-konjunktiewe metode van woordverdeling die enigste is wat konstantheid aan die begrippe woord/morfeem/woordgroep gee en in 'n sintaktiese studie konsekwent deurgevoer kan word, word dit bo die ander verkies, soos reeds aan die begin van die studie opgemerk is.

## AFDELING DRIE. (DIE PREDIKATIEWE OF PREDISERENDE WOORDGROEPE.)

30. Inleiding.

Woordgroepe waarin 'n werkwoord voorkom word gewoonlik predikatiewe woordgroepe genoem. Van der Lubbe (Woordvolgorde in het Nederlands, bl. 48, 65, 74, 96, 243-244, 251-252), Bloomfield (Language, bl. 171-173) en Bloch en Trager (Outline of Linguistic Analysis, bl. 71 e.v.) beskrywe dit as 'n aparte en bepaalde woordgroepsoort. Sonder dat ons sy voorafgaande betoog na waarde skat, kom van der Lubbe selfs tot die gevolgtrekking dat, "de tegenstelling predicerend /niet-prediserend méér fundamenteel is, dan het contrast exocentrisch/endocentrisch" (a.w. bl. 95). Veral Bloomfield en sy navolgers ken daaraan 'n besondere ereplek toe onder die verskeie woordgroepsoorte deur dit die "favourite sentence type" te noem. Terselfdertyd beskou hulle die "actor-action contruction" (d.w.s. die predikatiewe woordgroep) as 'n "full sentence type" in teenstelling met die "minor

sentence/...

sentence type", soos byvoorbeeld dié wat in die eerste twee afdelings van hierdie hoofstuk behandel is. Sinne soos /John came back yesterday / Monna o-tla-nwa bojalwa / Ek bewonder die mooi bruin perd/ is almal "actor-action constructions" oftewel predikatiewe woordgroepe omdat elk daarvan 'n werkwoord as kern het.

Hierdie opvatting en indeling hou heel waarskynlik 'n simpatieke verband met die opinies van sekere linguiste dat 'n sin onbestaanbaar is sonder 'n werkwoord, of, wanneer dit nie 'n werkwoord bevat nie, dit dan tog elipties veronderstel word. Feit bly egter dat ons hier met 'n besondere woordgroep te doen het, wat die grootste gebruiksfrekwensie van almal het. Volgens ons opinie hoef die term "sin" nie noodwendig aan die kwantitaiewe voorkoms van 'n bepaalde woord of woordgroep gekoppel te wees nie. Dit hang eerder af van die verstaanbaarheid, interpreteerbaarheid, sinvolheid van 'n woord of woordgroep in 'n bepaalde taalgebruiksmoment in skrif of spraak, byvoorbeeld /Gonê kwa masemong/ as antwoord op 'n vraende gesigsuitdrukking, of ook sinne soos /Išê, morêna/ en /Agêê, rra!/ wanneer gegroet word.

Predikatiewe woordgroepe in Tswana word gekenmerk deur die teenwoordigheid van 'n werkwoord of kopulatiewe partikel as kern onderskeidelik. Voordat die verhouding tussen hierdie kerns en die woorde en woordgroepe wat onderskeidelik saam daarmee gebruik word, bespreek word, wil ons eers die twee soorte kerns self met mekaar vergelyk ten opsigte van die verwantskap, verskille en ooreenkomste tussen hulle wat van belang mag blyk in 'n sintaktiese studie.

30.1. Die kerns van predikatiewe woordgroepe.

30.1.1. Die kopulatiewe partikels.

Van Wyk ("Die Kopulatiewe van Noord-Sotho" in: Kongo-Overzee,/......

Overzee, no. 1. bl. 85) kom tot die gevolgtrekking dat kopulas sintagmene (d.w.s. woorde) is wat saam met die komplemente daarvan soos predikatiewe (d.w.s. soos werkwoorde) fungeer. Hy het egter nie in soveel woorde die predikatiwiteit van hierdie woordgroepsoort verder bewys nie. "Die uitgangspunt wat ons hier wil stel is dat die kopulatief in die eerste instansie geen woord is nie, maar 'n sintaktiese konstruksie, oftewel 'n woordgroep wat soos 'n werkwoord fungeer, en wat dus 'n predikatief genoem kan word." (a.w. bl. 85). Daarenteë beskou Cole ("Introduction to Tswana", bl. 63) die kopulatief as 'n woordsoort, byvoorbeeld kemotho (yômogolo).

Die kopulatiewe partikels is die volgende:

a) die identifiserende kopulatiewe partikel voorgestel deur ke en gase (in die ontkenning), en

b) die definiërende of bepalende kopulatiewe partikel wat die vorm het van die onderwerpsmorfeem en ontken kan word deur die ontkenningsmorfeem ga-, byvoorbeeld ba / ga-ba, di / ga-di, ens.

Hierdie onderskeid tussen die partikels word bepaal deur die verskil in verhouding tussen hulle onderwerpe en komplemente respektiewelik. Die aard van die komplemente wat saam met die onderskeie kopulatiewe partikels gebruik word om 'n predikatiewe woordgroep te vorm, word hier nie bespreek nie.

Hierdie woordgroepe moet dieselfde kenmerke in sintaktiese opsig vertoon as die suiwer predikatiewe woordgroepe wat werkwoorde en werkwoordelike woordgroepe as kerns het. Ons kan die volgende noem:

a. Die werkwoordelike ontkenningsmorfeem ga- word gebruik om kopulatiewe woordgroepe te ontken, byvoorbeeld /gase motho yô mogolo yôo / ga-di mô go nna

b./.....

b. Die hele kopulatiewe predikatiewe woordgroep kan deur bywoorde en bywoordelike woordgroepe bepaal word, byvoorbeeld /monna o mogale(thata)(mô ntwêng)/, ens.

c. Hulle kan ook onderwerpe neem soos werkwoorde, byvoorbeeld /monna o kwa masemong/ ens.

d. Hulle kan nie voorwerpe neem nie, soos onoorganklike werkwoorde. Die onderwerpe en bepalings neem dus dieselfde posisies in by die werkwoord en die kopulatiewe woordgroepe terwyl komplemente van die kopulatiewe die posisie inneem van voorwerpe ná die werkwoord. Onderwerpe is ook weglaatbaar maar nie die komplemente nie. Die onderwerp en komplement van die identifiserende kopulatief is met mekaar omstelbaar, byvoorbeeld /monna ke kgôsi/ kgôsi ke monna/, maar nie dié van die definiërende kopulatief nie. Albei se onderwerpe kan egter met hulle komplemente omgestel word, byvoorbeeld /ke kgôsi, monna yôo/ ba mô sekolong, bana bao ba bannye/.

e. Die partikels het kopulatiewe werkwoorde as ekwivalente in die modi en tye waardeur hulle predikatiewe karakter beklemtoon word, byvoorbeeld ba mô ntlong / fa ba-le mô ntlong/, ens.

f. Kopulatiewe woordgroepe kan fungeer as hoofsinne, byvoorbeeld /ênê o molemô (fa o-mo-dirêla sentle)/ en as voorwerpsinne byvoorbeeld / o-itse sentle (gore ba molema)/.

Die kopulatiewe woordgroepe vertoon dieselfde sintaktiese eienskappe as werkwoorde of as predikatiewe woordgroepe alhoewel die kerns van eersgenoemde geen werkwoorde is nie, en onselfstandig die predikatiewe funksie aandui.

30.1.2. Werkwoorde.

Wanneer die werkwoord lid is van 'n woordgroep word die woordgroep 'n predikatiewe of prediserende woordgroep genoem. Deurdat die onderwerp en voorwerp van

die/.....

die werkwoord morfologies daarin gekontinueer kan word, is die werkwoord ook self 'n predikatief en saam met die hulpwerkwoord 'n predikatiewe woordgroep.

Die werkwoord (of die predikatief) is duidelik die sintaktiese kern van die predikatiewe woordgroep, en dit impliseer dat alle woorde en woordgroepe wat sintakties daarmee aanwendbaar is, periferale lede daarvan is.

30.1.3. Hulpwerkwoorde en kopulatiewe werkwoorde.

Die hulpwerkwoord moet noodsaaklik 'n werkwoordelike komplement neem, wat óf 'n werkwoord óf 'n kopulatiewe werkwoord kan wees. In eersgenoemde geval is die predikatiewe woordgroep volledig, terwyl in laasgenoemde geval die kopulatiewe werkwoord 'n nie-werkwoordelike komplement moet neem.

Wanneer die kopulatiewe werkwoord self kern is, en nie 'n periferale lid is van 'n hulpwerkwoord nie, moet dit steeds deur komplemente gevolg word om die predikatiewe woordgroep te vervolledig.

31. Selfstandige en onselfstandige predikatiewe kerns.

Uit die bespreking van predikatiewe kerns in die voorafgaande drie paragrawe blyk dit dat die indeling daarvan in selfstandige en onselfstandige kerns soos volg is (vgl. paragrawe 24.2.1., 24.2.1.1. en 24.2.1.2.):

A. Selfstandige kerns:

Werkwoorde.

B. Onselfstandige kerns:

a. die kopulatiewe partikels.

b. die hulpwerkwoorde.

c. die kopulatiewe werkwoorde.

In die predikatiewe woordgroepe moet ons ook, soos met die woordgroepe in die vorige twee afdelings gedoen is, die verhouding tussen predikatiewe kerns en hulle periferale lede (wat woorde of woordgroepe kan wees) nagaan

om/...

om te sien of dieselfde indeling in endosentrisiteit en eksosentrisiteit hier deurgevoer kan word. Dit word in die volgende paragraaf gedoen. Verder dien die sintaktiese aard van predikatiewe kerns nagegaan te word omdat al die reeds bespreekte woordgroepe hierby betrokke raak en hulle (die kerns) die sintaktiese aanwending daarvan moontlik, opsioneel of noodsaaklik maak. Dit word in die volgende hoofstuk bespreek.

32. Endosentriese predikatiewe woordgroepe.

32.1. Neweskikkend.

Dit val op die terrein van die meerledige sin.

32.2. Onderskikkend.

Alle woordgroepe waarvan die kern 'n werkwoord is wat nie ondergeskik is aan of afhanklik is van 'n ander werkwoord nie, is onderskikkende prediserende of predikatiewe woordgroepe, byvoorbeeld monna yô o-nole bojalwa/ ngwana yô o-sa-ithobalêtse sentle / tla kwano gônê jalo! / ens.

33. Eksosentriese predikatiewe woordgroepe.

Hulle het nie-werkwoordelike kerns en werkwoordelike kerns, wat 'n eksosentriese karakter aan die woordgroep gee. Ten opsigte van die aantal kerns wat die predikativiteit veroorsaak word hulle onderverdeel in eenkernige en meerkernige predikatiewe woordgroepe.

33.1. Eenkernige eksosentriese predikatiewe woordgroepe.

33.1.1. Kopulatiewe predikatiewe partikelgroepe.

Hulle word gevorm deur die identifiserende en definiërende kopulatiewe partikels as kerns respektiewelik en alle endosentriese en eksosentriese nie-werkwoordelike woordgroepe en woorde wat as komplemente en onderwerpe daarvan mag optree. Ons gee hier net 'n paar voorbeelde van al die moontlike strukture wat so gevorm kan word.

Ke monna/...

Ke monna yôo wa motse / monna yôo wa motse ke molemi yô mongwe wa kgôsi / dikgômo di-kwa moragô ga lesaka / ens. Ons kry dus identifiserende en definiërende kopulatiewe predikatiewe woordgroepe.

33.1.2. Kopulatiewe predikatiewe werkwoordgroepe.

Hulle word gevorm deur die kopulatiewe werkwoorde as kerns (-le, -na-, -ba, -nna) en alle nie-predikatiewe endosentriese en eksosentriese woordgroepe wat as onderwerpe en komplemente daarvan mag optree. Hier kan ons dus 'n groot verskeidenheid van strukture verwag waarvan ons die volgende as voorbeelde gee. Nka-nna kgôsi / mosemane yô o-tla-nna molêêlê jaaka rragwê / ngwana e-sa-le morutiwa / baba ba-na le lehufa / bônê ga-ba-na dikgômo tsê dintsi / nnya, ga-ke-na lwa gago / ka-tla-nna go wêna / ens.

33.1.3. Suiwer hulpwerkwoordelike predikatiewe werkwoordgroepe.

Hulle word gevorm deur 'n hulpwerkwoord as kern met 'n werkwoord as komplement, met of sonder alle nie-predikatiewe woordgroepe wat as onderwerpe, voorwerpe en bepalings daarvan mag optree. Ook hier kan ons 'n groot verskeidenheid strukture vorm, waarvan ons die volgende as verteenwoordigende voorbeelde gee: o-nê a-nole bojalwa / banna ba-tlabo ba-ya kwa motseng / monna yôo yô mogolo wa motse o-tla-nwa bojalwa jô bo monate mô lwapêng lwa kgôsi gompiêno / ba-ntse ba-tlilê / ens.

33.2. Meerkernige eksosentriese predikatiewe woordgroepe.

33.2.1. Hulpwerkwoordelike predikatiewe kopulatiewe werkwoordgroepe.

Hulle word gevorm deur 'n hulpwerkwoord as kern en 'n eenkernige kopulatiewe predikatiewe werkwoordgroep of 'n ander meerkernige kopulatiewe predikatiewe hulpwerkwoordgroep as basis, byvoorbeeld ke-nê ke-le ngwana / ba-tlabo ba-setse ba-le teng / ke-nê ke-kabô ke-le kgôsi / o-kabô a-na a-le kwa gae / ens.

33.2.2./.....

33.2.2. Suiwer hulpwerkwoordelike predikatiewe werkwoordgroepe.

Hulle word gevorm deur twee of meer hulpwerkwoorde en 'n selfstandige werkwoord as komplement, of, anders gestel: hulle word gevorm deur 'n hulpwerkwoord as kern en 'n eenkernige hulpwerkwoordelike woordgroep of 'n ander meerkernige hulpwerkwoordelike woordgroep as basis, byvoorbeeld ke-nê ke-ntse ke-dira / ka nakô ê ba-kabô ba-nê ba-nosa dikgômo / ens.

---oooOooo---

# HOOFSTUK VI.

## SINTAKTIESE STRUKTUUR EN WOORDORDE.

34. Inleiding.

In hierdie hoofstuk wil ons nagaan hoe die enkelvoudige sin sintakties gestruktureer word en watter volgordemoontlikhede die lede daarvan mag toon. Dan word verder ondersoek watter taalwaarde, indien enige, sodanige volgordeveranderinge besit, met ander woorde styl en emfase.

Om 'n herhaling van dieselfde feite by die bespreking van volgorde, emfase en struktuurvariasies te vermy, word aan die hand gedoen dat onderskei moet word tussen nie-predikatiewe en predikatiewe woordgroepe. Die rede vir hierdie onderskeid is dat nie-predikatiewe woordgroepe 'n eie onderlinge volgorde tussen hulle lede het maar benewens weer as geheel bepaalde posisies in die predikatiewe sin kan beklee, dit wil sê benewens hulle eie interne volgorde vertoon hulle ook nog ander volgordeveranderinge as geheel in die predikatiewe woordgroep. Verder moet aandag gegee word aan die lang en kort vorm van die teenwoordige tyd asook sekere hulpwerkwoorde wat ook kan fungeer as egte werkwoorde, aangesien hulle die sintaktiese struktuur van die enkelvoudige sin beïnvloed.

35. Gebruikswyses van woorde en woordgroepe.

Hiermee word bedoel 'n indeling van volledige taalkundige uitdrukkinge wat uit een of meer woorde kan bestaan, volgens die aard van mededelinge waarvoor hulle gebruik kan word. So bereken, kry ons die volgende klassifikasie:

A. Die groet, die roep en die vraag, byvoorbeeld Isê!; Dumêla!; Mang?; Ba-ilê kae?; Hêlê banna!; ens.

B. Versoeke en bevele, byvoorbeeld Nthusê!; Nna fa!; A-k'o o-nthu-sê!; Mma ke-tsamayê!; ens.

C./.......

C. Suiwer gevoelsuitdrukkinge, byvoorbeeld jôô!; waii!; xx!; ao!; ens.

D. Mededelings, bewerings, stelsinne, byvoorbeeld Monna o-robêtse; Dikgômo di-fula teng; ens.

Dit spreek vanself dat alleen meerwoordgehele aan 'n sintaktiese klassifikasie en ondersoek onderwerp kan word. Daarom wil ons veral die stelsin in hierdie hoofstuk van naderby besien, soos trouens met die hele studie beoog word.

36. Woord- en woordgroepvolgorde.

Soos ons reeds gesien het is dit 'n noodsaaklike kenmerk van woorde (en ook woordgroepe) in meerwoordgehele dat hulle mekaar linië̈r in tyd moet volg. Hierdie liniëre opeenvolging is soms veranderbaar en soms onversteurbaar. Sintagmatiese verband laat dus verskeie woordordeveranderinge toe, maar stel ook beperkinge daaraan. Woord- en woord(groep)ordeverandering word gerealiseer of vind plaas deur die volgende maniere:

A. deur omstelbaarheid, byvoorbeeld monna ênê / ênê monna; sê segolo sa me / sa me sê segolo ; ba-tla ya ka mosô / ka mosô ba-tla-ya / ens.

B. deur skeibaarheid, byvoorbeeld ênê monna / ênê ô mogolo monna; wa molemi yôo / wa yôo molemi, ens.

Hulle is die basiese metodes wat die taal het om sy woorde en woordgroepe te verplaas. Die mate van volgordeverandering hang af van die struktuur van elke besondere taal. In die Bantoetale is volgorde verandering in sommige gevalle moontlik waar dit in ander tale nie moontlik is nie en omgekeerd.

Soos 'n morfeem byvoorbeeld morfeemvariante kan hê, so het 'n sintaktiese struktuur ook sintaktiese struktuurvariante. In die woordgroep /ba-tla-ya kwa masemo ka mosô / kan die sintaktiese struktuur deur omstelling soos volg

verander:/....

verander: / ka mosô ba-tla-ya kwa masemo / kwa masemo, ba-tla-ya ka mosô /. Hierdie drie strukture kan variante van mekaar genoem word, omdat die som van die betekenis van die dele onveranderd bly, met ander woorde die woordorde verrig nie 'semanties kontrasterende funksie nie.

37. Emfase.

Hiermee word bedoel die na vore bring of "Hervorhebung" van 'n woord of woordgroep, só dat dit uitstaan bo die ander sinsdele waardeur die aandag daarop gevestig word. Die term "beklemtoning" kan ook gebruik word maar omdat dit maklik met klem verwar kan word, word emfase gebruik.

Met emfase word nie bedoel 'n beter, vollediger en nadere omskrywing of kwalifisering van 'n woord of woordgroep nie, byvoorbeeld ntlo in /ntlo êo ê kgolo ê e kwa morago/, en huis in (die baie mooi groot en netjiese huis).

Emfase word in Tswana verkry deur die verandering in woordorde of deur die betrokke woord of woordgroep in 'n hoër toonregister uit te spreek.

In hoeverre besondere woordskikking ook verband hou met styl in Tswana moet nog ondersoek word. Die besondere manier van segging en uitdrukking kan in baie gevalle nie anders as deur woordorde teweeggebring word nie.

In baie gevalle kom woord- en woordgroepordeverandering neer op die beklemtoning van teenstellings, byvoorbeeld in /malôba o-ile kwa toropong/ word dit duidelik gestel dat hy nie gister of vandag nie, maar eergister dorp toe is. In /go nna ó-tla-hitlhêla boikhutsô/ word bedoel dat jy by mý en nie by iemand anders nie, rus sal vind.

38. Die sintaktiese (valensie) aard van predikatiewe kerns.

Die sintaktiese (valensie) aard van predikatiewe kerns is sodanig dat dit die gebruik van nie-predikatiewe woordgroepe/......

woordgroepe en woorde daarmee opsioneel, dwingend en of moontlik maak. Aangesien die struktuur van die enkelvoudige sin daarmee gemoeid is, regverdig dit hier 'n bespreking.

38.1. Die kopulatiewe kerns.

38.1.1. Die identifiserende kopulatiewe partikel.

Hierdie kopulatief word gebruik om sake of dinge met mekaar te identifiseer as identies of dieselfde. Die een saak word die onderwerp genoem en die ander saak die komplement. Die onderwerpe en komplemente is omstelbaar met mekaar wat aandui dat onderwerpe komplemente kan wees en andersom. Hulle kan dus tegelyk in onderwerplike en komplementêre verhouding tot mekaar verkeer, byvoorbeeld /sônê sêo ke sa me / sa me ke sônê sêo / ens. Die komplemente is onweglaatbaar.

38.1.2. Die bepalende of definiërende kopulatief.

Die onderwerpsmorfeem word hier as partikel gebruik. Hierdie kopulatief word gebruik wanneer die komplement sodanig is dat dit die onderwerp definieer, kwalifiseer, bepaal of beskrywe ten opsigte van eienskap of lokaliteit, byvoorbeeld / monna o mô tlung / meetse a tsididi / monna o mogolo / ens. Anders as by die identifiserende kopulatiewe, kan die onderwerp nie met die komplement omgestel word nie.

38.1.3. Die onderwerpe van die kopulatiewe predikatiewe partikelgroepe.

Alle naamwoorde, voornaamwoorde en die substantiewe woordgroepe wat in afdeling een van hoofstuk V bespreek is, kan as onderwerpe van kopulatiewe predekatiewe woordgroepe fungeer, byvoorbeeld go-fa ke go-innaya / rrê ke moruti / nna ke moeti / selêpê ke sa me / bôtlhê ke mahodu / "le" ke lentswe lê le-kopanyang mantswe a mangwe / meetse a a bothithô a ke a go-tlhatswa / tsêo tsôtlhê ke dikgômo/.......

dikgômo tsa rona / mô tselêng ke mô kotsing / go rona gase go lona / ka thipa gase ka selêpê / ke-a-tloga gase ke-a-tla / ke-rua dikgômo gase ke-a-humolotsêga / maabane gase gompiêno / ens.

By die identifiserende kopulatiewe predikatiewe partikelgroep kan "gesubstantiveerde" woorde en woordgroepe as onderwerp optree op voorwaarde dat die komplement ook gesubstantiveerd is. Werkwoorde, bywoorde en ander woordklasse asook die woordgroepe wat in afdeling twee en drie van hoofstuk V bespreek is, kan gesubstantiveer word, om sodoende as sake teenoor mekaar gestel te kan word, byvoorbeeld ke-a-tloga gase ke-a-tla / ke-rua dikgômo gase ke-a-humolotsêga / "nnya" ke lentswê la go-ganêla / lapêng ke fa ba-nnang teng / kwa godimo ga thaba ke kwa motseng / ens.

Wat as onderwerpe by die identifiserende kopulatiewe partikel fungeer kan ook as komplemente gebruik word omdat hulle mekaar wedersyds noem en omdat omstelling moontlik is. Hierdie aspek is dan ook een van die primêre sintaktiese verskille tussen die twee kopulatiefsoorte.

38.1.4. Die komplemente van die kopulatiewe predikatiewe woordgroepe.

Aangesien die komplemente van die identifiserende kopulatief per se in die vorige paragraaf genoem is, sal net dié van die definiërende kopulatief hier bespreek word.

Alle woordklasse en woordgroepe wat die onderwerp van die definiërende kopulatief kan bepaal ten opsigte van lokaliteit of eienskap kan as komplemente fungeer.

Die woordklasse is afkomstig uit die bo-klas tesame met 'n klompie uit die ander klasse, byvoorbeeld meetse, maatla, monate, maaka, tsididi, asook dié wat as adjektiefstamme bekend staan, byvoorbeeld -golo, -nye, -kima, -ntsi, ens./...

-ntsi, ens.

Verder word die naamwoorde en voornaamwoorde van die lokatiefklasse hier ingereken omdat hulle plekbepalend is. Temporale bywoorde en sommige bywoorde van hoedanigheid kan nie as komplemente optree nie, byvoorbeeld jaana, gagolo, tota, gompiêno, ens.

Alle instrumentale assosiatiewe temporale woordgroepe kan nie as komplemente fungeer nie, maar plekbepalende woordgroepe wel.

Voorbeelde: meetse ao a bothithô / pêrê e bonya thata / dijô di monate / wêna o setshwakga / monna o mogolo / nku e nngwe / dithaba ga-di kgakala / basadi ba masemong / ngwana o jaang? / masêka a gôtlhê mô nagêng / wêna ga o nosi / basemane ba kwa go malome / ba kwa re-yang teng / tsa gago di go tsa me / makau a mô go-binwang teng /

Wanneer woorde soos /botlhale/ as komplement optree, byvoorbeeld in / mosemane o botlhale /, kan hulle nie deur possessiewe en relatiewe woordgroepe gekwalifiseer word en nog as komplemente van partikels optree nie, byvoorbeeld mosemane o botlhale jô bogolo / tshwêne e botlhale jwa motho /. In sulke gevalle moet die assosiatiewe kopulatiewe werkwoord -na gebruik word. Die rede is omdat /botlhale jwa motho / nou gesubstantiveerd is.

38.2. Werkwoorde.

Die werkwoord is die enigste predikatiewe kern wat selfstandig as predikatief kan fungeer uit hoofde van sy semantiese karakter en die voorkoms van die onderwerpsmorfeem. Sintakties word hulle ingedeel in:

38.2.1. Onoorganklike werkwoorde.

Dit is werkwoorde wat uit die aard van hulle betekenis nie 'n valensie het met voorwerpe nie maar wel met onderwerpe en bepalings, byvoorbeeld moragô o-tsogilê ka khidiêgô ê kgolo mô pelong. In bepaalde gevalle mag

onoorganklike/.......

onoorganklike werkwoorde 'n voorwerp neem, maar dan word die handeling self as saak genoem in die voorwerp, byvoorbeeld /O-tshela botshelô jô bo-itshêgang / O-tsamailê tsamaisô ê e bokete / ntsa ê bogôla pogôlô ê e-nyamisang / ens.

Sekere werkwoordagtervoegsels kan aan die onoorganklike werkwoord 'n voorwerpsvalensie gee, byvoorbeeld Modimo a-re: /Ke-tla-tlosa maruô a gago ôtlhê/, ens.

38.2.2. Oorganklike werkwoorde.

Dit is werkwoorde wat 'n valensie met voorwerpe het. Daar word onderskei tussen:

A. enkeloorganklike werkwoorde.

Dit is werkwoorde wat valensie het met direkte voorwerpe, byvoorbeeld batho ba-lema masemo / tau e-ja nama / ens.

B. dubbeloorganklike werkwoorde.

Dit is werkwoorde wat valensie het met indirekte en direkte voorwerpe, byvoorbeeld ngwana o-tla-kwalêla mmagwê lo-kwalô / ke-tla-mo-fa tuêlô ê kgolo /, ens.

In die meeste gevalle word hierdie valensie moontlik gemaak deur agtervoegsels, veral applikatiewe en kousatiewe, wat die stambetekenis van die werkwoord sodanig verander. Onoorganklike werkwoorde kan dus deur die verandering van hulle stambetekenis deur agtervoegsels oorganklik word. Aan die ander kant kan oorganklike werkwoorde onoorganklik word deur die aanvoeging van sekere werkwoordagtervoegsels, byvoorbeeld -dira / -dirêga, loka/ lokologa/, lokotla / lokotlêga /, feta / fetoga /, ens.

38.3. Hulpwerkwoorde.

Hulpwerkwoorde kom met kopulatiewe partikels en kopulatiewe werkwoorde ooreen in dié opsig dat hulle almal noodsaaklik komplemente moet noem. Hulpwerkwoorde is dus ook onselfstandige kerns van predikatiewe woordgroepe. Hulle het valensie met ander werkwoorde om die predikaat te/......

te vervolledig, byvoorbeeld /ke-ne ke-dira/, /a-na a-bolêlêla monna/, ens.

38.4. Kopulatiewe werkwoorde.

Alle variante van die kopulatiewe werkwoord -ba naamlik -le, -ba, -bê, -na,-nna, -ntse, neem nie-werkwoordelike komplemente om die predikaat te vervolledig.

Voorbeelde: ênê o-sa-le ngwana / bana ba-nê bale mô tlung / mosemane yôo o-nê a-ntse (nnilê) kgôsi / bana ba-ntse sentlê jaanong / ga-ba-nke ba-nna sentlê ka mosô / ngwana o-tlabô a-ba (-nna) morutabana/, ens.

Wanneer die identifiserende kopulatiewe predikatiewe partikelgroep in die modi en tye verbuig word, word die onegte onderwerpsmorfeem e- gebruik behalwe by die eerste en tweede persone, terwyl by klas een 'n keuse gelaat word tussen die onderwerpsmorfeme o-, ba- en die onegte morfeem e-, byvoorbeeld Mosemane e-tlabô e-le ngaka / ngôgôla dikgômo tsêo e-nê e-le tsê di-nonnêng tsa ga rrê/ Dingane e-nê e-le kgôsi ya Mazula /, ens.

Die assosiatiewe kopulatiewe werkwoord -na neem assosiatiewe woordgroepe as komplemente, maar in die ontkenning word die assosiatiewe partikel egter weggelaat, byvoorbeeld badisana ba-nê ba-se-na dijô / ga-go-na meetse mô nokêng / ga-ke-na lokwalô lwa gago / ke-tlabô ke-na le madi ka mafêlêlô a kgwedi / ens.

39. Die "lang vorm" van die teenwoordige tyd.

Die gebruik van die prefigale morfeem -a- in sommige gevalle by die teenwoordige tyd gee aanleiding daartoe dat bantoeloë dit die lang teenwoordige tyd noem. Miskien sou dit meer korrek wees om dit die emfatiese vorm van die teenwoordige tyd te noem.

Dieselfde morfeem -a- kom egter wel voor in sekere ontkennings van die perfektum, asook saam met die hulpwerkwoorde -bô, -nê, -tlê, -nne.

Daar word kortliks op die volgende aspekte van hierdie morfeem gelet:

39.1. emfatiese funksie:

Wanneer die werkwoord in 'n stelling beklemtoon word, word van die sogenaamde lang teenwoordige tyd gebruik gemaak. Die volgende voorbeeld word gebruik om die kort en lang vorm met mekaar te kontrasteer:

ke-mo-itse thata / ek ken hom goed;
ke-a-mo-itse thata / ek kén hom goed;
ba-tsamaya tselêng / hulle loop in die pad;
ba-a-tsamaya tselêng / hulle lóóp in die pad;
ke-dira jaanong / ek werk nou;
ke-a-dira jaanong / ek wérk nou;

Oor die algemeen kan aanvaar word dat die lang vorm optree wanneer die predikaat (en die predikaat alleen) van 'n sin beklemtoon word, byvoorbeeld monna e-a-lema / die man plóég. (Vgl. ook Sandilands: Introduction to Tswana, bl. 330.)

Die kortvorm tree op wanneer ander woorde as die predikaat van 'n sin beklemtoon word. In sodanige sin mag die klem dan val op die objek of die adverbiale bepaling, byvoorbeeld monna o-lema tshemo / die man ploeg die land;
monna o-lema gompiêno/ die man ploeg vandag;

39.2. Temporale onderskeiding:

Verdere ondersoek suggereer dat beide die kort en lang vorm gebruik kan word om 'n habituele of 'n teenwoordige voortdurende handeling aan te dui. (Die emfatiese funksie hang weer saam met sintaktiese strukture van die sin).

39.3. Sintaktiese gebruik:

Behalwe die bogenoemde funksies van die kort en lang teenwoordige tyd, word sy gebruik deur bepaalde sintaktiese

struktuurvorme/.....

struktuurvorme van die sin beheers, soos volg:

a. <u>die kort vorm</u>.

i. Die basiese of kort vorm word nooit op finale sinsgrense gebruik nie, wat dadelik impliseer dat daar een of ander uitbreiding aangevoeg moet word. Dit beteken ook dat die kortvorm alleen, alhoewel morfologies volledig, sintakties 'n onvolledige struktuur uitmaak.

ii. In die lig van no. i. hierbo word die basiese vorm by die volgende sintaktiese strukture gebruik:

aa. by 'n woord of woordgroep wat as voorwerp optree en wat ná die werkwoord verskyn en nie morfologies daarin deur middel van die voorwerpsmorfeem gekontinueer word nie, byvoorbeeld <u>ke-thusa rre</u> / <u>basimane ba-disa dikgômo</u> / <u>banna ba-nwa bojalwa</u>;

bb. wanneer 'n adverbiale bepaling na die werkwoord verskyn, byvoorbeeld <u>banna ba-nwa mô lwapêng</u> / <u>monna o-tsamya tselêng</u>;

cc. wanneer bysinne volg word die kort vorm ook gebruik, byvoorbeeld <u>ke-batla gore o-tlê le nna</u>;

dd. voor vraagwoorde soos (-)<u>eng</u>, <u>kae</u>, <u>neng</u>, <u>jang</u> word die kortvorm gebruik, byvoorbeeld <u>ba-tsamaya jang</u>?;

ee. op hoë uitsondering na word die kortvorm nooit in ander tye gebruik nie. Vgl. egter 'n sin soos <u>ba-ne bà-a-nwa bojalwa</u> (hulle was besig om bier te drink), en <u>ba-ne bá-a-nwa bojalwa</u> (hulle het bier gedrink).

Reël/.....

Reël (i) is dwingend terwyl reël (ii) geldend is vir sover dit die non-emfatiese gebruik van die kortvorm betref.

b. <u>die lang (voortdurende of emfatiese) vorm</u>:

i. die lang vorm word altyd op die finale sinsgrense gebruik, wat impliseer dat daar geen uitbreiding daarna moet verskyn nie. Dit beteken ook dat die lang vorm, in teenstelling met die kort vorm, sintakties 'n volledige sin is, byvoorbeeld <u>Ba-a-nwa</u>;

ii. wanneer 'n versweë voorwerp morfologies in die werkwoord gekontinueer word, word die lang vorm gebruik, byvoorbeeld <u>banna ba-a-bo-nwa</u>/;

iii. wanneer die voorwerp volgens reël ii. hierbo wel verskyn of wanneer die voorwerpsmorfeem in reël a.ii.aa. gebruik word, kan die lang vorm gebruik word maar dan is die voorwerp nie deel van die sin nie, dog 'n soort byvoegsel of aanhangsel, byvoorbeeld /<u>ke-a-di-bôna, dikgômo</u>/;

iv. in aansluiting by bogenoemde reël word die lang vorm gebruik wanneer die voorwerp 'n innisiële posisie inneem in die sin, byvoorbeeld <u>bojalwa, ba-a-bo-nwa</u> / <u>dikgômo, ba-a-di-disa</u>. Dit slaan weer terug op reël (i) hierbo.

v. indien sinne soos in die vorige punte van 'n adverbiale bepaling ná die werkwoord voorsien word, kan die aspektiese morfeem -<u>a</u>- wegval of so nie, word die handeling beklemtoon. In die eerste geval sal die voorwerpskakel, indien daar een verskyn, lank en met hoogtoon uitgespreek word, byvoorbeeld <u>Bojalwa, ba-bó-nwa mô lwapêng, banna</u>.
<u>Banna, bojalwa, ba-bó-nwa mô lwapêng</u>.
<u>Ba-bó-nwa mô lwapêng, banna, bojalwa</u>.
Staan die bepaling aan die begin van die sin, moet die -<u>a</u>- gebruik word volgens reël (i) hierbo.

vi./.....

vi. in sinne soos ke-tsamaya jaanong/ di-fula nagêng/ ke-mo-itse thata/ rrê o-boa gompiêno/ waar die sintaktiese struktuur die kort vorm vereis, kan die lang vorm gebruik word om die handeling te beklemtoon, byvoorbeeld ke-a-mo-itse thata / ek kén hom goed, di-a-fula nagêng / hulle wéi in die veld. (Daar is egter beperkings verbonde aan die gebruik van die lang vorm voor adverbiale bepalings. So kan mens nie sê ke-a-siana thata of thata ke-a-siana nie. Ook kan mens nie sê ke-a-siana ruri nie dog wel ruri, ke-a-siana).

vii. wanneer bysinne volg kan die lang vorm gebruik word, maar dan is die werkwoord emfaties, byvoorbeeld ba-a-batla gore re-ba-thusê / hulle wil (regtig) hê dat ons hulle help.

viii. voor die enklitika -ne, -he, -tlhe, en die vraagpartikels a/na word die lang vorm gebruik, byvoorbeeld ke-a-bua tlhe.

ix. let op dat wanneer die voorwerpsmorfeem na 'n indirekte voorwerp verwys, die kort vorm gebruik moet word, byvoorbeeld kgômo e-re-fa maši/ Modimo o-re-itshwarêla ditlolô.

40. Saamgestelde sin en saamgestelde predikaat.

Sommige enkelvoudige predikatiewe sinne kan alleen deur grammatiese toon van saamgestelde predikatiewe sinne onderskei word. Dit gebeur wanneer onegte hulpwerkwoorde, dit wil sê dié wat ook weens sy betekenis as werkwoord kan fungeer, die kern van sodanige predikatiewe woordgroepe is.

Dit geld vir werkwoorde soos -aga, -batla, -boa, -fitlha, -fêla, -lala, -nna, -tlhôla, ens. wat ook die funksie van hulpwerkwoorde kan verrig.

In/.......

In 'n woordgroep soos /dintŝha di-boilê di-lapilê thata /, met die tweede onderwerpsmorfeem hoogtoon, het ons 'n saamgestelde sin en word dus soos volg ontleed: / dintŝha di-boilê (di-lapilê (thata) / - die honde het baie moeg teruggekom (teruggekom terwyl hulle baie moeg is).

In /dintŝha di-boilê di-lapilê thata/, met die tweede onderwerpsmorfeem laagtoon, het ons 'n enkelvoudige sin en word soos volg ontleed: /dintŝha di-boilê di-lapilê (thata)/ - die honde het weer baie moeg geword.

Ander voorbeelde is die volgende:

Ka-na ka-boa kà-bua le ênê / (Ek het toe weer met hom gepraat).

/Ka-na ka-boa ká bua le ênê / (Ek het (toe) omgedraai en toe met hom gepraat).

/Ka mosô ke-tla boa ké-lapa / (Môre sal ek moeg terugkeer)

/Ka mosô ke-tla-boa ké-lapa / (Môre sal ek weer moeg word).

/Dipholo di-tlogilê tsà -fula / (Die osse het toe lateraan gewei).

/Dipholo di-tlogilê tsá-fula / (Die osse het weggegaan en toe gewei).

/Di-sêtse dí dira mo tlung / (Hulle het agtergebly terwyl hulle in die huis werk).

/Di-sêtse dí-dira mô tlung / (Hulle werk al in die huis).

/Re-tla-nna rè-bua le ênê / (Ons sal met hom sit en praat).

/Re-tla-nna rè-bua le ênê / (Ons sal met hom bly praat).

AFDELING TWEE. WOORDORDE IN DIE NIE-PREDIKATIEWE WOORDGROEPE.

Hiermee word die substantiewe en die adverbiale woordgroepe bedoel wat respektiewelik in afdeling een en twee van hoofstuk V. behandel is.

41./........

41. Woordorde in die substantiewe woordgroepe.

41.1. Woordorde in die neweskikkende woordgroepe.

In gewone of normale woordorde gaan die naamwoorde die voornaamwoorde vooraf.

A. monna ênê.

Die absolute kwalifikatief het reeds emfatiewe funksie. Die woordgroep beteken ongeveer: die man hy-self / die mán. Monna ênê o-tla-go-thusa / (Die mán (wat die man betref) (hy) sal jou help).

B. ênê monna.

Hierdie woordgroep is emfatieser as bogenoemde. Dit kan ongeveer vertaal word met: die man besonderlik / die man veral / wat die man persoonlik betref. Ene monna o-tla-go-thusa / Wat die man in die besonder betref hy sal jou help. Vergelyk ook die gebruik van gône in paragraaf 42.2.

C. dikgômo tsêo.

Dit kan eenvoudig vertaal word met: daardie beeste, dit wil sê 'n algemene verwysing, dus: "Re-ala letsôgô".

D. tsêo dikgômo.

Die klem val op dáárdie (spesifieke) beeste (en nie ander wat ook toevallig daar wei nie) uitgesonder die ander. Dit is dus: "Re-supa ka monwana".

Lêno letsatsi le-tla-nna tsididi/ Hiérdie (besondere) dag sal koud wees.

Tsêo dikgômo di-tla-gangwa / Dáárdie beeste sal geslag word.

E. batho bôtlhê.

Dit is 'n woordgroep wat eenvoudig beteken: al die mense.

F. bôtlhê batho.

Hier val die emfase op: àl die mense. Let egter op dat die kwantitatiewe kwalifikatief, in teenstelling met die ander, ook ná die werkwoord kan staan, byvoorbeeld batho ba-kgobokane bôtlhê /dikgômo di-tla-gangwa tsôtlhê.

G./.....

G. tsônê tsêo.

Dit kan vertaal word met hulle daardie, waar die onderwerp selfstandig deur die absolute kwalifikatief genoem word. Dit dra geen besondere emfase nie.
(Sebata) sônê sêo, se-batla go-bolaiwa / Daardie ding (waarvan ons praat, daardie ding onder bespreking) moet doodgemaak word.

H. tsêo tsônê.

Wat eienaardig is omtrent hierdie woordgroep, is die feit dat 'n sintakties-funksionele ruspunt daartussen geplaas kan word, byvoorbeeld sêo, sône. (Sebata) sêo (,) sônê se-batla go-bolaiwa / Daardie ding (bv. 'n leeu; d.w.s. geen besondere roofdier nie) moet doodgemaak word.

I. tsônê tsôtlhê.

Dit kan vertaal word met: húlle almal, byvoorbeeld (Dibata) tsônê tsôtlhê di-a-loma / Wat húlle betref, almal byt (oor die algemeen).
Let op dat 'n komma tussen die twee woorde geplaas kan word, byvoorbeeld Tsônê, tsôtlhê....

J. tsôtlhê tsônê.

(Dibata) tsôtlhê tsône, di-a-loma / Wat álmal betref, hulle byt.

K. tsôtlhê tsê

tsê tsôtlhê

tsê, tsôtlhê

tsê, tsê tsôtlhê.

In die tweede en laaste voorbeelde tree die aanwysende kwalifikatief op as 'n relatiewe skakel. (Soms alliteereer tsê na tsô). Wanneer die aanw. kwal. voor die abs. kwal. staan, mag 'n komma daartussen geplaas word, soos dit die geval is in no. H. en I.

Tsê tsôtlhê di-tla-gangwa / Hiérdie almal sal gemelk word.

tsôtlhê tsê di-tla-gangwa / Almál hierdie sal gemelk word.

L./.......

L. batho bagnwê.

Dit is 'n verkorting van batho ba bangwê, soos monna mogolo. (Die vraag ontstaan terloops of dit nie 'n woordsamestelling is nie). Omdat batho bangwê kan verander na bangwê batho, beskou ons dit nie as 'n samestelling nie.

Batho bangwê ga-ba-batle go-dira.

Party (sommige, ander) mense wil nie werk nie

M. bangwê batho.

/Bangwê batho ga-ba-batle go-dira/ (Párty mense (teenoor andere) wil nie werk nie.)

41.2. Woordorde in die onderskikkende woordgroepe.

In normale woordorde volg die relatiewe en possessiewe woordgroepe op die naamwoord of voornaamwoord wat die kern(s) is. In emfatiese orde word die kern(s) met die eksosentriese groepe omgestel, soos in die volgende voorbeelde aangetoon word.

A. lefika lê letona.

Hier word net melding gemaak van 'n groot klip.

B. Lê letona lefika.

Die aandag word hier gevestig op die grootheid van die klip, dit wil sê 'n gróót klip.

C. selêpê sê se bogale.

Dit is die normale woordorde.

D. sê se bogale selêpê.

Hier is die belangrikste gedagte die skerpte van die byl. Dus: 'n skérp byl (in teenstelling met 'n stompe).

E. mosadi wa monna.

Hier word niks beklemtoon nie.

F. wa monna mosadi.

Die aandag word gevestig op die vrou en kan vertaal word met: die man se vróu / die eie vrou van die man.

In meerkernige onderskikkende woordgroepe gaan die kwalifikatiewe voornaamwoorde normalerwys die relatiewe

en/......

en possessiewe woordgroepe vooraf, byvoorbeeld monna ênê ô mogolo / dikgômo tsôtlhê tsa molemi yôo / ens. Dié aangeleentheid word in par.41.4. hieronder bespreek.

41.3. Woordorde in die eksosentriese woordgroepe.

Die possessiewe en relatiewe partikels gaan die periferale lede noodsaaklik vooraf. Wanneer die lede van die possessiewe partikel neweskikkende of onderskikkende woordgroepe is, kan hul op húl beurt weer ordeverandering vertoon soos reeds bespreek is. Daarenteë het die relatiewe partikel geen hiërargie oor sodanige groepe nie, behalwe in indirekte werkwoordelike relatiewe woordgroepe, byvoorbeeld /monna ênê (yô batho ba-mo-nyatsang), o-humilê/, waar die woordorde /yô ba-mo-nyatsang batho/ kan word omdat /batho/ die onderwerp is van /ba-mo-nyatsang/ en dusdanig daarmee omgestel kan word. Die relatiewe partikel kan ook geskei word deur 'n adverbiale bepaling, byvoorbeeld /maswabi a wêlwa mosemane yô (mô pelong ya gagwê) ó-ba-nyatsang ka lonyatsô lô logolo/, waar die bepaling emfaties is.

41.4. Die rangorde tussen voornaamwoorde, possessiewe en relatiewe woordgroepe in onderskikkende woordgroepe.

'n Ondersoek na die hiërargie van allerlei soorte bepalinge by die naamwoord in ander tale, het min of meer tot vaste konklusies gelei. Dieselfde kan nie van Tswana en ander Bantoetale gesê word nie, omdat hulle orde ten opsigte van mekaar vrylik kan wissel as gevolg van die feit dat die naamwoord morfologies daarin gekontinueer kan word.

In die reël kom sodanige opeenhoping selde voor en is buitendien stilisties nie wenslik nie. Tog kan die onderstaande reëls as leidraad vir Tswana dien. Uit die gegewens van proefpersone blyk die volgende: (Vgl. ook Cole: Introduction to Tswana, bl. 439.)

A./.......

A. Die naamwoord gaan die relatiewe adjektiewe woordgroep voor-af. Die voornaamwoorde word onmiddellik na die naamwoord geplaas, byvoorbeeld /monna yô(ênê) ô mogolo / dikgômo tsôtlhê tsê dikgolo/, of ná die konstruksie, byvoorbeeld /monna yô mogolo yô (ênê)/dikgômo tsê dikgolo tsôtlhê/.

B. Die possessiewe woordgroepe volg na die naamwoord, byvoorbeeld monna wa motse / dikgômo tsa molemi /. Die voornaamwoorde kom liefs na die naamwoord, byvoorbeeld, /monna ênê (yô) wa motse/ dikgômo tsôtlhê tsa kgôsi/.

C. Possessiewe woordgroepe volg op die adjektiewe en naamwoordelike relatiewe woordgroepe, byvoorbeeld monna ênê yô mogolo wa motse / dikgômo tsôtlhê tsê dintsi tsa molemi/, dog voor die werkwoordelike en adverbiale relatiewe woordgroepe.

D. Wanneer die woordgroep verder uitgebrei word deur 'n naamwoordelike relatiewe woordgroep, staan dit onmiddellik voor of agter die relatiewe adjektiewe woordgroep en die voornaamwoorde liefs na die naamwoord, terwyl die possessiewe woordgroep laaste in rangorde is, byvoorbeeld /monna ênê (yô) ô mogolo ô o botlhale wa motse wôo/ Dikgômo tsôtlhê tsô dintsi tse di mafura tsa molemi/

E. Die werkwoordelike en adverbiale relatiewe woordgroepe volg na al die ander voornaamwoorde en relatiewe woordgroepe, byvoorbeeld dikgômo tsôtlhê tsê dintsi tsa molemi tsê di kwa moragô tsê di-fulang/.

F. Wanneer die possessiewe partikel as basis 'n besitlike kwalifikatiewe voornaamwoord het, is dit omstelbaar met die ander relatiewe woordgroepe, byvoorbeeld /dikgômo tsôtlhê tsa gagwê tsê dikgolo tsê di kwa moragô/, maar liefs nie na werkwoordelike en adverbiale relatiewe nie, byvoorbeeld /ngwana yô o-tsenang sekolo wa me^x^/ dikgômo tsê di kwa moragô ga lesaka tsa me^x^/, of: /ngwana yôo yô mogolo (wa ntlo êo e tshweu) yô o-tsenang sekolo sêo sê sentlê,.../

teenoor/.....

teenoor: /ngwana yôo yô mogolo yô o-tsenang sekolo sêo sê sentle (wa ntlo êo ê tshweu)...../ Hier kan duidelik gesien word dat die werkwoordelike (en ook die adverbiale) relatiewe woordgroepe laagste in rangorde is. Wanneer die partikels respektiewelik een periferale lid het, is omstelling wel moontlik, byvoorbeeld /dikgômo tsa molemi tsê di-šulêng/ di-kgômo tsê di-šulêng tsa molemi/ ens.

Heel dikwels word die aanwysende kwalifikatief herhaal om sodoende die afstand tussen spreker en objek te beklemtoon, byvoorbeeld /Kgômo ê?ê e-fulang êlê / (Daardie bees wat wei, daardie een,...). Om gelykkluidendheid met die relatiewe partikel te vermy, word die aanwysende kwalifikatief ná die relatiewe groepe geplaas, byvoorbeeld /tsê di-fulang tsê / yô mogolo yô/ (êo)ê ntšho êo/ yô wa monna yô/ ens. Daar is egter sekere beperkings, veral wanneer die relatiewe woordgroep te lank word of 'n aantal woordgroepe ingeskuif word, byvoorbeeld ngwana yôo yô montlê wa ntlo yôo / dikgômo tsêo tsê di kwa moragô ga thaba yê (;)tsêo /, tensy 'n komma daarvoor geplaas word.

Cole sê die volgende oor die rangorde van die bespreekte woorde en woordgroepe na die naamwoord Introduction to Tswana, bl. 439. "Though the order indicated above is usual, changes therein are sometimes made for purposes of emphasis or to express slightly different shades of significance, e.g.

dikwalô tsê dintsi tsa me (many of my books)
dikwalô tsa me tse dintsi (my many books)
dinku tsa me tsê di-šulêng tsôtlhê (my sheep all of which have died)
dinku tsôtlhê tsa me tsê di-šulena (all my dead sheep, i.e. all those which have died)".

Ander voorbeelde is die volgende:

Dikgômo tsê di kwa moragô tsê di-fulang (die agterste (en bv. nie die voorste) beeste wat wei)

Dikgômo/........

Dikgômo tsê di-fulang tsê di kwa moragô (die agterste beeste wat wei (en bv. nie lê of staan nie)

Ke dikgômo tsê dintsi tsê dikgolo (dit is báie, groot beeste)

Ke dikgômo tsê dikgolo tsê dintsi (dit is baie gróót beeste).

Basemane ba-tla-disa dikgômo tsôtlhê tsê dikgolo (die seuns sal ál die groot beeste oppas)

Basemane ba-tla-disa dikgômo tsê dikgolo tsôtlhê (die seuns sal al die gróót beeste oppas)

Dit wil voorkom of sodanige ordeverandering eintlik neerkom op fyn betekenis- en stilistiese nuanseringe, eerder as op emfase soos wanneer dit die geval is by omstelling met die naamwoord.

42. Woordorde in die adverbiale woordgroepe.

42.1. Woordorde in die neweskikkende woordgroepe.

A. Normale woordorde.

Die aanwysende en absolute kwalifikatiewe voornaamwoord gaan die naamwoorde in die lokatiefklasse en die lokatiewe naamwoorde vooraf, byvoorbeeld /gônê kwa moragô / mô pele / gônê kwa / kwa dithabêng / gônê mô tselêng/ ens. Die lede beklee vaste posisies ten opsigte van mekaar. In teenstelling met die voornaamwoorde van die ander klasse, neem die voornaamwoorde van die lokatiefklasse voor die naamwoorde posisie in. Daarby kan hulle saam met naamwoorde in die lokatiefklasse gebruik word. Hulle vertoon dus nie dieselfde eienskappe as die naamwoorde van die ander klasse nie.

Woordorde kan hier ook nie aangewend word vir emfatiese funksie nie. Dit blyk dat die herhaling van die aanwysende kwalifikatiewe fa, mô, kwa en hulle variante ná naamwoorde in die lokatiefklasse en lokatiewe naamwoorde, emfatiese funksie het, byvoorbeeld /kôo pele kôo / kwa dithabêng kwa / fa godimo ga tafole fa /.

Verder/......

Verder is emfase moontlik deur die aanwending van die absolute kwalifikatief gônê, byvoorbeeld /gônê kwa / (dààrso), /gônê mô ntlong mô/ (hiér in dié huis hier, hier in die einste huis).

42.2. Woordorde in die onderskikkende woordgroepe.

Ook hier blyk daar 'n vaste orde te wees, heel anders as by die onderskikkende substantiewe woordgroepe. Die possessiewe en relatiewe woordgroepe beklee vaste posisies ten opsigte van die lokatiewe naamwoorde en naamwoorde in die lokatiefklasse, byvoorbeeld mô motseng ô mogolo / moragô ga lesaka lêo / kwa ga Rramoragô/. Ook die lokatiewe partikelgroep is nie omstelbaar met die voornaamwoorde van die lokatiefklasse nie, byvoorbeeld /kwa go ênê ôo / mô go yô mogolo / ens.

Geen emfase kan hier deur woordordeverandering verkry word nie, behalwe wanneer die voornaamwoord gônê voor die onderskikkende woordgroepe geplaas word, byvoorbeeld /gônê kwa dithabêng tsê dikgolo tsêo / (daarsô daar by daardie groot berge), gônê mô bosigong jô / (in hierdie besondere (selfde) nag/, ens.

42.3. Woordorde in die eksosentriese woordgroepe.

Die kerns van die eksosentriese woordgroepe is nie omstelbaar met hulle periferale lede nie. Hulle periferale lede is egter onderling omstelbaar met mekaar omdat hulle op hul beurt newe- of onderskikkende groepe kan wees, byvoorbeeld /ka segô sêo sa mosadi / ka sêo segô sa mosadi/, go yône ntlo êo / ntlong yône yêo/. In die laaste voorbeeld het ons 'n interessante geval waar woordordeverandering 'n ander woordgroepstruktuur tot gevolg het - 'n onderskikkende woordgroep word 'n eksosentriese woordgroep en andersom. Dit gebeur alleenlik waar die kern 'n naamwoord in die lokatief is, byvoorbeeld /(kwa)

nagêng/.....

nagêng yônê yêo/ (/swa) go yône naga yêo / ens. Let op die verplasing van die voornaamwoord in bogenoemde voorbeeld en ook van die possessiewe en relatiewe woordgroepe in die volgende: /kwa ntlong ya gagwe / kwa go ya gagwe ntlo/, mô setlharing sê segolo / mô go sê segolo setlhare/, ens.

42.4. Rangorde tussen adverbiale (bywoordelike) bepalings.

Bywoorde en bywoordelike bepalings by predikatiewe woordgroepe word normaalweg aan die einde van die sin geplaas. Daar is, soos later sal blyk, heelwat ander posisies wat hulle kan inneem. Dit word in afdeling drie van dié hoofstuk bespreek.

Daar blyk geen vaste hiërargie tussen die verskeie soorte adverbiale bepalings te wees nie. Cole (Introduction to Tswana Grammar, bl. 452) beskou die gewone woordorde van bepalings soos volg:

a) bepalings van hoedanigheid (waaronder hy heel waarskynlik instrumentale bepalings ook inreken),
b) bepalings van plek, en
c) bepalings van tyd, waarvan die laaste twee vrywel wisselbaar is.

'n Ondersoek na hulle posisies ten opsigte van mekaar suggereer egter sterk dat dit heel relatief is. Die volgende sinne is deur verskeie proefpersone geverifieer:

Ba-mo-tlhabilê (ka thipa ê e bogale) (mô mokwatlêng)/ ba-mo-tlhabilê (mô mokwatlêng) ka thipa ê e bogale) /;

Re-tla-ba-fitlhêla (mô lwapêng) (ka mosô)/ Re-tla-ba-fitlhêla (ka mosô) (mô lwapêng);

Ba-nê ba-iteilê mosemane (malôba) (ka thôbane)/ Ba-nê ba-iteilê mosemane (ka thôbane) (malôba);

Ba-tla-lema masemo (ka dipholo) (mô mosông ôno)/Ba-tla-lema masemo (mô mosông ôno) (ka dipholo);

Le-palamê dibaesekele (mosông ôno) (ka kêlôtlhôkô)(mô mmilêng)/ Le-palamê (ka kêlôtlhôkô)(mô mmilêng) (mosông ôno);/.....

ône);

Go-tshwêrwe nkwê (ka selaga) (mô nokêng)/ Go-tshwêrwe nkwê (mô nokêng) (ka selaga);

Ba-tla-mo-itaya (ka thobane) (ka boômo) (ka mosô) (mô lwapêng)/;

Ba-tla-mo-itaya (ka mosô) (ka boômo) (ka thobane) (mô lwapêng)/.

AFDELING DRIE. . .Woordorde in die predikatiewe woordgroepe.

43. Normale woordorde.

Ons gaan uit van die veronderstelling dat alle nie-predikatiewe woorde en woordgroepe ten opsigte van die kern van 'n predikatiewe woordgroep posisie inneem. Die predikatiewe kern word dus as konstant beskou wat posisie betref terwyl ander woorde en woordgroepe vaste of wisselende posisies ten opsigte daarvan kan inneem.

Ten opsigte van die predikatiewe kern, beklee die nie-werkwoordelike en werkwoordelike komplemente 'n vaste posisie onmiddellik ná die kern, byvoorbeeld /ba mô tlung ya bônê / ke yônê taba yê / ba ntse ba-dira mô /, ens.

Alle onderwerpe gaan die predikatiewe kerns vooraf, terwyl die voorwerpe ná die predikatiewe kerns wat voorwerpe neem geplaas word, byvoorbeeld /Bana bao ba-ithuta dithutô tsa bône mô kamoreng ê/, ens.

Alle bywoordelike bepalings word aan die einde, dit wil sê ná die voorwerpe of komplemente, geplaas, byvoorbeeld o bogale mô ntwêng / ba-itaya mosemane thata ka thobane/ ens.

Vanuit die normale posisies soos hierbo verduidelik is, kan die posisies van die onderwerpe, voorwerpe en bepalings ten opsigte van mekaar en ten opsigte van die predikatiewe kerns geweldig wissel, só dat feitlik enige posisie ten opsigte van mekaar vrywel moontlik is, met hier

en/......

en daar beperkinge. Dit word in die volgende parag... bespreek.

44. Die posisies van onderwerpe en voorwerpe.

Ter verduideliking neem ons die volgende sin: /Banna ba-nwa bojalwa/. Die volgende sintaktiese struktuurvariante kan dan verkry word.

A. onderwerp + werkwoord + voorwerp.

Banna ba-nwa bojalwa. Dit word beskou as die basiese mededeling met normale nie-emfatiese woordorde. Die manne drink bier.

B. voorw. + ww. + onderw.

Bojalwa, ba-a-bo-nwa, banna.

Die nadruk val op bier, in teenstelling met ander soorte drank. Die onderwerp banna word bygevoeg as daar moontlik onsekerheid bestaan oor wie die bier drink. Die voorwerp is hier in die werkwoord deur die voorwerpsmorfeem aangedui. Daarom kan dit ook verskeie ander posisies inneem.

C. onderw. + voorw. + w.w.

Banna, bojalwa, ba-a-bo-nwa.

Hier word die aandag op beide onderwerp en voorwerp gevestig. Aangaande die manne, wat die bier betref, hulle drink dit.

D. voorw. + onderw. + ww.

Bojalwa, banna ba-a-bo-nwa.

Die voorwerp is emfaties gebruik. Bíer, die manne drink dit.

E. ww. + onderw. + woorw.

Ba-a-bo-nwa, banna, bojalwa.

Die werkwoord word hier geëmfasifiseer en daarmee indirek ook die onderwerp en voorwerp wat bygevoeg word sodat dit duidelik is wat gedrink word en wie dit drink. Húlle drìnk dít, die manne, die bier.

F. ww. + voorw. + onderw.

Ba-a-bo-nwa, bojalwa, banna.

Die werkwoord/....

Die werkwoord word hier geëmfasifiseer, soos in nr. E.

G. ww. + voorw. + onderw.

Ba-nwa bojalwa, banna.

In die sin word die onderwerp eintlik hier bygevoeg om duidelik te stel dat manne en nie vrouens of kinders nie, die bier drink.

H. onderw. + ww (met -a- en voorwerpsmorfeem) + voorw.

Banna ba-a-bo-nwa, bojalwa.

Die manne drink dit, die bier, d.w.s. die nadruk val op die werkwoord.

I. onderwerp + ww. (met -a-) + voorw.

Banna ba-a-nwa bojalwa. Die werkwoord word benadruk. Die manne drink bier. Ook in /Ba-a-nwa bojalwa, banna/ word die werkwoord benadruk.

45. Die posisie van bepalings ten opsigte van die onderwerp, werkwoord en voorwerp.

Hier kan ook 'n hele aantal sintaktiese struktuurvariante deur omstelling van bepalings verkry word.

Wanneer die predikatiewe woordgroepe volgens die normale woordorde van bywoordelike bepalings voorsien word, staan laasgenoemde heel aan die einde. Bepalings kan enige posisies ten opsigte van onderwerp, voorwerp en werkwoord in die sinne van die vorige paragraaf, inneem. Sodanige posisies kan veral ingeneem word deur tyd- en plekaanduidende bepalings en tot 'n mate instrumentale en hoedanigheidsbepalings, soos in die volgende paragraaf aangetoon sal word.

Daar is egter heelwat beperkinge in individuele gevalle. Woorde soos butlê, thata, sentlê, tôta, gagolo, kwa, mô, fa, en die numeerde bywoorde soos gabedi, garatero, ens. is baie beperk wat hulle sintaktiese posisies betref. Hulle neem liefs na die werkwoord of voorwerp plaas, byvoorbeeld /ba-tla-mo-taya gabedi, mosemane/, /ba tla

taya/.....

taya mosemane garatere/, ens.

Wanneer bepalings posisie inneem na die werkwoord wat 'n voorwerpsmorfeem bevat, kan die morfeem -a- weggelaat word op voorwaarde dat die voorwerpsmorfeem lank en met hoogtoon uitgespreek word, byvoorbeeld /Banna, bojalwa, ba-bó-nwa mô lwapêng/ ens.

Sover as wat afgelei kan word uit die gegewens van proefpersone, word nadruk op die bepaling gelê as dit posisies voor die werkwoord inneem.

A. Bep. + onderw. + ww. + voorw.

Mô lwapêng banna ba-nwa bojalwa. In die wérf drink die manne bier.

B. Onderw. + bep. + ww. + voorw.

Banna, mô lwapêng, ba-nwa bojalwa.

Die manne, in die wérf, drink bier.

C. Voorw. + onderw. + bep. + ww.

Bojalwa, banna, mô lwapêng, ba-a-bo-nwa. Biér, mánne, hier in die wérf, hulle drink dit.

D. ww. + bep. + voorw. + onderw.

Ba-(a)-bo-nwa, mô lwapêng, bojalwa, banna. Hulle drínk dit (Waar? In die werf; Wat? Bier; Wie? Die manne).

Soos vroeër reeds opgemerk is, kan emfase ook verkry word deur die betrokke woord of woordgroep met 'n hoë toonregister uit te spreek. Skrywer het opgemerk dat dit in die spreektaal besonder baie voorkom.

Daar kan nog baie meer struktuurvariante van die bogenoemde sinne verkry word, maar daar word met die bogenoemde vier voorbeelde volstaan.

46. Samevatting en resultate.

In hierdie studie is getrag om 'n besondere benadering van die sintaksis uit die strukturele taalkunde op Tswana toe te pas. Dit het uit die studie geblyk dat dit wel met vrug toegepas kan word vir sover dit Tswana betref.

46.1./.......

46.1. Struktuur.

"Struktuur"is 'n baie bekende term of woord. So word in die strukturele taalkunde gepraat van foneemstruktuur, woordstruktuur en sinsstruktuur. G.J. Labuscagne (Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek , bl. 19) som dit mooi op soos volg: " Die taal as geheel het 'n struktuur omdat hy opgebou is uit 'n veelheid van gegewens (die taalmateriaal), die klanke het elk 'n struktuur, die woord het 'n struktuur, die woordgroepe , die sin , ens., m.a.w. die taal en daarom is elke taal deur en deur gestruktureer(georden) , want ons het altyd 'n veelheid van gegewenswat volgens prinsipes georden word."

Struktuur in hierdie studie word in navolging van bogenoemde konklusie beskou as die sistematiese geordendheid van 'n aantal gegewens wat in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan. Die gegewens waarmee die die sintaktikus te werk gaan is sintaktiese eenhede soos woorde, woordgroepe, sinsdele , prosodiese vorme, ens. Hierdie gegewens word deur die sprekers of gebruikers ordelik en sistematies gebruik sodat dit 'n ordelike en sistematiese struktuur het. Met sinstruktuur word dus bedoel 'n sistematiese ordening van woordgroepe, sinsdele en woorde tot 'n sinvolle struktuurgeheel.

46.2. Die afbakening of begrensing van sintaktiese eenhede .

Volgens die semanties kombinatoriese verband tussen woorde (en woordgroepe) , die sinsklankgeleding en omstelbaarheid kan woorde en woordgroepe as sintaktiese eenhede afgebaken word , d.w.s. die grense daarvan vasgestel word. Dit is in hoofstuk III bespreek. Hiervolgens kan 'n woordgroep soos /Enê o bogale ruri/ in drie sintaktiese eenhede ingedeel word , bv. /Enê( o bogale) ruri/ , waar ruri as woord 'n sintaktiese eenheid is (asook ênê) en /o bogale/ as woordgroep 'n eenheid is soos ook die hele woordgroep , terwyl woordgroepe soos /Enê o bogale/ o bogale/ o bogale ruri/ daaruit gevorm kan word. Woordgroepe kan dus ander woord-

woordgroepe/...

groepe insluit.

46.3. Die benoeming van woordgroepe.

Die benoeming van woordgroepe berus op die aard van die verhouding tussen die lede daarvan . Dié aspek is bespreek in hoofstuk IV par. 21 e.v. Die Indeling kom neer op 'n onderskeid tussen kernlede en periferale lede. 'n Kernlid is dié lid van 'n woordgroep wat die besondere gebruiksfunksies van die woordgroep selfstandig of onselfstandig kan aangee. 'n Periferale lid is 'n woord wat nie die gebruiksfunksies van die woordgroep kan aangee nie. Op hierdie wyse bereken val woordgroepe in twee hoofsoorte uiteen, nl. in endosentriese en eksosentriese woordgroepe.

Die benoeming word verder gevoer deur dit ook te benoem volgens die woordklas van die kern. Dit is bespreek in par. 16 e.v. van hoofstuk IV.

In die studie is daar gevind dat endosentriese kerns woordklasselik bestaan uit naamwoorde, voornaamwoorde, bywoorde en werkwoorde, terwyl die kerns van eksosentriese woordgroepe gewoonlik partikels , hulpwerkwoorde en voegwoorde is.

In hoofstuk V is die resultate van die prinsipes wat in hoofstukke III en IV bespreek is met 'n groot aantal voorbeelde illustreer, alhoewel nie uitputtend nie.

46.4. Woordorde en woordgroeporde.

Nadat die woordgroepe en woorde as sintaktiese eenhede afgebaken is, word die wisselende lineêre opeenvolging van woorde en woordgroepe, afsonderlik en onderling , bespreek. Dit kan slegs gedoen word wanneer hulle grense vasgestel is en hulle benoem is. Woord- en woordgroepordeverandering gee aanleiding tot sintaktiese struktuurvariante wat linguisties en of stilisties relevant kan wees. Daar is gevind dat sintaktiese struktuurvariante in Tswana linguisties relevant is, m.a.w. emfatiese funksie het. Die/...

Dié drie aspekte is van besondere belang in 'n sintaktiese studie en hulle moet in die gegewe volgorde bespreek word. Hulle is nie omruilbaar nie aangesien woord- en woordgroepvolgorde nie ondersoek kan word sonder om vooraf die grense van die sintaktiese eenhede , waarvan die voordorde en woordordeverandering vasgestel moet word, te bepaal nie. Verder impliseer dit dat woordgroepe byvoorbeeld nie benoem kan word alvorens die grense daarvan vasgestel is nie. Afbakening en benoeming moet om dieselfde redes 'n ondersoek na die woord- en woordgroepvolgordeverandering noodsaaklik vooraf gaan.

oooooOooooo

# BIBLIOGRAFIE.


Bloch, B. and Trager, G. L.: Outline of linguistic analysis; Baltimore Md., 1942.

Bloomfield, L.: Language; London, 1955.

Cole, D. T.: Introduction to Tswana grammar; London, 1955.

Collinson, W. E.: "An account of De Groot's 'Structurele syntaxis' in its application to English" in Lingua, III, 1952-3.

De Groot, A. W.: "Structural linguistics and syntactic laws" in Word, vol. 5, 1949.

De Groot, A. W.: "Subject-predicate analysis" in Lingua, VI, 3, April 1957.

De Groot, A. W.: "Classification of word-groups" in Lingua, VI, 2, January, 1957.

De Groot, A. W.: Structurele syntaxis; Den Haag, 1949.

Fries, C. C.: The structure of English; New York, 1952.

Gleason, H. A.: An introduction to descriptive linguisties; New York, 1955.

Guthrie, L. O.: Tactual communication; New York, 1948.

Hockett, C. F.: A course in modern linguistics; New York, 1958.

House and Harman: Descriptive English grammar; New York, 1952.

Joos, M.: Readings in linguistics; Washington, 1957.

Kgware, W. M.: The predicative in Tswana; ongepubliseerde verhandeling Universiteit van Suid-Afrika, 1943.

Koppelman, H. L.: "Onderwerp en Werkwoord" in Levende talen, 1938.

Labuscagne, G. J.: Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek; Kaapstad, 1956.

Labuschagne, F. J.: "Die oorsprong en wese van taal, funksioneel gesien", oordruk uit Tydskrif vir wetenskap en Kuns, Junie 1957.

Nida, E. A.: Learning a foreign language; New York.

Piénaar, P. de V.: Die Afrikaanse spreektaal; Pretoria, 1947.

Reichling, A. J. B. N.: Het woord; Nijmegen, 1935.


Reichling/..

Reichling, A. J. B. N.: "De taal, haar wetten en haar wezen" in E.N.S.I.E.II; Amsterdam, 1947.

Rooze, H.: "De pauze als taalteken" in Nieuwe taalgids, L III, 1960.

Sandilands, A.: Introduction to Tswana; Figerkloof, 1953.

Scholtz, H. v.d. M.: Taal en taalverskynsels; Bloemfontein, 1957.

Uhlenbeck, E. M.: "Traditionele zinsontleding en syntaxis" in Levende talen, nr. 193, Februarie 1958.

Ullmann, S.: The principles of semantics; Glascow, 1957.

Van der Lubbe, H.F.A.: Woordvolgorde in het Nederlands, Assen, s.j (1959?)

Van der Westhuizen, S. B.: Die kort en lang vorm van die teenwoordige tydvorms in Zoeloe; ongepubliseerde verhandeling Universiteit Stellenbosch, 1949.

Van Wyk, E. B.: Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe; ongepubliseerde proefskrif Universiteit van Pretoria, 1958.

Van Wyk, E. B.: "Die Kopulatiewe van Noord-Sotho", herdruk uit Kongo-Overzee, XXI, 1955.

Ziervogel, D.: The Eastern Sotho; Pretoria 1954.

---oooOooo---